# DIE LEER VAN ONS KERK

HANDBOEK VIR GEBRUIK BY DIE
KATEGETIESE ONDERRIG

DEUR

DR. K. S. VAN WYK DE VRIES

DERDE DRUK

1970

PRO REGE-PERS BEPERK — POTCHEFSTROOM

# INHOUD


**Hoofstuk 1: DIE BELYDENIS VAN DIE KERK .......................... 6**

1. Die kerk 'n Belydende kerk. ................................................6
2. Belydenisskrifte van die kerk. ............................................6
   - I. Die Nederlandse Geloofsbelydenis. .................................... 7
   - II. Die Heidelbergse Kategismus. .......................................... 7
   - III. Die Dordtse Leerreëls. .................................................. 7
3. Die gesag van die belydenisskrifte. ......................................7
4. Die doel van die belydenisskrifte..........................................8
5. Die belydenis van die geloof. ..............................................8
   - Formulier van vrae vir die aflegging van belydenis van geloof: ........ 9

**Hoofstuk 2: SONDAG 1 – DIE ENIGSTE TROOS .....................11**

**DEEL I: OOR DIE MENS SE ELLENDE ....................................14**

Hoofstuk 3: Sondag 2 – DIE KENBRON VAN DIE ELLENDE......14

Hoofstuk 4: Sondag 3a – DIE OORSPRONG VAN DIE ELLENDE NIE BY GOD NIE ............................................................17

Hoofstuk 5: Sondag 3b – DIE OORSPRONG VAN DIE ELLENDE IS BY DIE MENS ..........................................................20

Hoofstuk 6: Sondag 4 – DIE DIEPTE VAN ONS ELLENDE.........24

**TWEEDE DEEL: OOR DIE VERLOSSING VAN DIE MENS ..........29**

Hoofstuk 7 Sondag 5 – DIE MOONTLIKHEID VAN VERLOSSING ...............................................................................29

Hoofstuk 8: Sondag 6 – DIE VERLOSSER: HOE MOET HY WEES EN WIE IS HY? .......................................................34

Hoofstuk 9: Sondag 7a - DIE VERLOSTES: WIE IS HULLE? ......39

Hoofstuk 10: Sondag 7b – DIE VERLOSTES: HOE MOET HULLE WEES?.................................................................43

Hoofstuk 11: Sondag 8 – DIE GODDELIKE DRIE-EENHEID ......48

Hoofstuk 12: Sondag 9 – GOD DIE VADER EN ONS SKEPPING 52

Hoofstuk 13: Sondag 10 – GOD DIE VADER EN SY VOORSIENIGHEID ...................................................56

Hoofstuk 14: Sondag 11 – JESUS, DIE SALIGMAKER...............61

Hoofstuk 15: Sondag 12 – JESUS CHRISTUS, DIE GESALFDE..64

Hoofstuk 16: Sondag 13 – JESUS CHRISTUS, ENIGGEBORE SEUN VAN GOD, ONSE HERE ............................................ 68
Hoofstuk 17: Sondag 14 – DIE VERNEDERING VAN JESUS ...... 72
Hoofstuk 18: Sondag 15 – DIE VERNEDERING VAN JESUS ...... 75
Hoofstuk 19: Sondag 16 – DIE VERNEDERING VAN JESUS ...... 79
Hoofstuk 20: Sondag 17 – DIE VERHOGING VAN JESUS ......... 85
Hoofstuk 21: Sondag 18 – DIE VERHOGING VAN JESUS ......... 88
Hoofstuk 22: Sondag 19 – DIE VERHOGING VAN JESUS ......... 93
Hoofstuk 23: Sondag 20 – DIE HEILIGE GEES......................... 98
Hoofstuk 24: Sondag 21a – DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS 102
Hoofstuk 25: Sondag 21b – 1. DIE WELDADE WAT AAN DIE KERK GESKENK IS ......................................................... 106
Hoofstuk 26: Sondag 22 – 2. DIE WELDADE WAT DIE KERK GESKENK IS ........................................................................ 110
Hoofstuk 27: Sondag 23 – WAT BAAT MY DIE WARE GELOOF? ........................................................................................ 115
Hoofstuk 28: Sondag 24 – DIE GEREGTIGHEID IS NIE UIT DIE WERKE NIE ........................................................................ 119
Hoofstuk 29: Sondag 25 – DIE GENADEMIDDELS: DIE WOORD EN DIE SAKRAMENTE ..................................................... 126
Hoofstuk 30: Sondag 26 – DIE HEILIGE DOOP ..................... 133
Hoofstuk 31: Sondag 27 – DIE HEILIGE DOOP II ................... 137
Hoofstuk 32: Sondag 28 – DIE HEILIGE NAGMAAL I.............. 142
Hoofstuk 33: Sondag 29 – DIE HEILIGE NAGMAAL II............. 147
Hoofstuk 34: Sondag 30 – DIE HEILIGE NAGMAAL III............ 151
Hoofstuk 35: Sondag 31a – DIE SLEUTELS VAN DIE HEMELRYK ........................................................................................ 158
Hoofstuk 36: Sondag 31b – DIE CHRISTELIKE TUG AS SLEUTEL VAN DIE HEMELRYK ..................................................... 162

**DERDE DEEL: OOR DIE DANKBAARHEID WAT ONS AAN GOD VIR DIE VERLOSSING VERSKULDIG IS ............................... 166**

Hoofstuk 37: Sondag 32 – DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE DANKBAARHEID.............................................................. 166
Hoofstuk 38: Sondag 33 – DIE BEKERING ............................ 171
Hoofstuk 39: Sondag 34a – DIE WET VAN GOD..................... 177

Hoofstuk 40: Sondag 34b – DIE EERSTE GEBOD: DIE WARE GODSDIENS.......... 181
Hoofstuk 41: Sondag 35 – DIE TWEEDE GEBOD: DIE WARE EREDIENS.......... 185
Hoofstuk 42: Sondag 36 - DIE DERDE GEBOD: DIE NAAM VAN GOD.......... 190
Hoofstuk 43: Sondag 37 – DIE DERDE GEBOD: DIE EED.......... 195
Hoofstuk 44: Sondag 38 – DIE VIERDE GEBOD: DIE DAG VAN DIE HERE.......... 199
Hoofstuk 45: Sondag 39 – DIE VYFDE GEBOD: DIE GESAG VAN DIE MENS.......... 203
Hoofstuk 46: Sondag 40 - DIE SESDE GEBOD: DIE LEWE VAN DIE MENS.......... 207
Hoofstuk 47: Sondag 41 – DIE SEWENDE GEBOD: DIE HUWELIK VAN DIE MENS.......... 211
Hoofstuk 48: Sondag 42 – DIE AGSTE GEBOD: DIE EIENDOM VAN DIE MENS.......... 215
Hoofstuk 49: Sondag 43 – DIE NEGENDE GEBOD: DIE GOEIE NAAM VAN DIE MENS.......... 219
Hoofstuk 50: Sondag 44 – DIE TIENDE GEBOD: DIE BEGEERTE EN DIE EINDE VAN DIE WET.......... 223
Hoofstuk 51: Sondag 45 DIE GEBED.......... 228
Hoofstuk 52: Sondag 46 - DIE AANSPRAAK VAN DIE GEBED.......... 233
Hoofstuk 53: Sondag 47 - LAAT U NAAM GEHEILIG WORD.......... 236
Hoofstuk 54: Sondag 48 – LAAT U KONINKRYK KOM.......... 238
Hoofstuk 55: Sondag 49 – LAAT U WIL GESKIED.......... 241
Hoofstuk 56: Sondag 50 – GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD.......... 243
Hoofstuk 57: Sondag 51 – VERGEEF ONS ONS SKULDE, SOOS ONS OOK ONS SKULDENAARS VERGEWE.......... 245
Hoofstuk 58: Sondag 52a – LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE, MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE.......... 248
Hoofstuk 59: Sondag 52b – DIE EINDE VAN DIE GEBED.......... 251

# Hoofstuk 1: DIE BELYDENIS VAN DIE KERK

## 1. Die kerk 'n Belydende kerk.

In die Woord van God word die kerk 'n pilaar en grondslag van die waarheid genoem (*1 Tim. 3:15: "Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid")*. Van die waarheid waarvan die kerk die pilaar en grondslag is, het die lede van die kerk van die vroegste tye af *belydenis* gedoen, dit wil sê: hulle het na binne en na buite getuig dat die waarheid aangaande God en sy oord deur hulle *geglo* word. Belydenis van die geloof in God en sy waarhede, is dan ook wesenskenmerk van die ware kerk. Voorbeelde van die belydenis is:

*Matt. 16:16: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."*

*Hebr. 3:1: "Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Jesus Christus."*

*Hebr. 4:14: "Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou."*

*Hebr. 10:23: "Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou."*

Van 'n aantal groot geloofswaarhede word in die briewe aan Timotheüs en Titus gesê: "*Dit is 'n betroubare woord*" (1 Tim. 3:1; 4:9; Titus 3:8 ens.).

## 2. Belydenisskrifte van die kerk.

Die drang om belydenis van die geloof te doen of om daarvan getuienis te gee, het die kerk gaandeweg beweeg om sekere kort belydenisse van die Skrif uit te bou tot *belydenisskrifte*. Die belydenisskrifte het die geloofswaarhede meer uitgebreid in geskrifte saamgevat. Die oudste belydenisskrif is die *Apostoliese Geloofsbelydenis* of die bekende Twaalf Artikels van die Christelike geloof. Saam met die Apostoliese Geloofsbelydenis is die *Geloofsbelydenis van Nicea* (325 n. Chr.) wat handel oor die Drie-eenheid van God en die Godheid van Christus, en die *Geloofsbelydenis van Athanasius* wat handel oor die Drie-eenheid van God, algemene belydenisskrifte van die Christelike kerke.

Die kerke van die Reformasie het sonder uitsondering hulle geloof bely in tal van belydenisskrifte. Benewens die algemene belydenisskrifte hierbo genoem, het die Gereformeerde Kerke die volgende belydenisskrifte:

### *I. Die Nederlandse Geloofsbelydenis.*

Hierdie geskrif is in 1561 opgestel deur Guido de Brès. Dit bestaan uit 37 artikels van ons geloof en handel oor God, die Woord, Drie-eenheid, Christus, die skepping, voorsienigheid, sondeval, uitverkiesing, genade in Christus, die kerk, die sakramente, die owerheid en die laaste oordeel.

### *II. Die Heidelbergse Kategismus.*

Die Kategismus is in 1563 opgestel deur twee hooglerare van Heidelberg, Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus, in opdrag van Frederik die Vrome, keurvors van die Palz. Dit behandel die enigste troos in lewe en in sterwe in drie dele: die kennis van die ellende, die kennis van die verlossing en die kennis van die dankbaarheid.

### *III. Die Dordtse Leerreëls.*

Hierdie belydenisskrif is in 1618 op die Sinode van Dordrecht opgestel teen die dwaalleer van die Remonstrante. Dit bestaan uit vyf hoofstukke waarin behandel word die uitverkiesing en verwerping, die dood van Christus en die verlossing deur sy dood, die verdorwenheid en bekering van die mens en die volharding van die gelowiges. By elke hoofstuk word, naas die uiteensetting, ook die weerlegging van die dwaalleer gegee.

Hierdie drie is deur die Sinode van Dordrecht in 1618—1619 vasgestel as die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerk en dit is genoem die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die eenheid van die geloof.

## 3. Die gesag van die belydenisskrifte.

Ons glo dat die belydenisskrifte in geheel en in al die dele in ooreenstemming is met die Woord van God. Daarom dra hulle ook *bindende kerklike gesag*. Dit beteken nie dat ons die belydenisskrifte hoër ag as die Bybel nie of hulle selfs naas die Bybel wil plaas nie; hulle bly vir ons uit die Bybel geneem en op die Bybel gegrond en die Woord van God bly altyd en alleen die hoogste en beslissende norm van ons geloof.

Ons moet egter waak teen geringskatting van die belydenisskrifte. Dit is waar dat dié geskrifte altyd aan die Skrif getoets moet word, maar as dit gedaan is en dit is in ooreenstemming met die Bybel bevind, moet die gesag daarvan erken en eerbiedig word. Indien dit nie gedoen word nie, word die kerk in sy belydende karakter aangetas en word direk in stryd met die Bybel gehandel.

## 4. Die doel van die belydenisskrifte.

Die doel van die belydenisskrifte is soos volg:

a. Die doel vir die kerk na binne ten aansien van sy lidmate en sy bestaan:

    i. Die handhawing van die eenheid van die geloof;
    ii. die bewaring van die pand wat ons toevertrou is;
    iii. die kontinuïteit in die kerklike lewe en bestaan.

b. Die doel vir die kerk na buite ten aansien van die wêreld en ook ander kerkformasies:

    i. Die verdediging van die waarheid en die suiwere leer van die Bybel;
    ii. die getuienis teenoor die wêreld;
    iii. die afwysing van alle dwalinge en ketterye.

## 5. Die belydenis van die geloof.

Die geloof in die Drie-enige God vereis belydenis. God wil en die kerk wil, dat die gelowiges gedurig hulle geloof sal bely ten aanhore van almal wat wil hoor. Die belydenis moet geglo en die geloof moet bely word. Die gelowige is daarom altyd daarmee besig; hy bely sy geloof in sy gebede en in sy lewenswandel en gesamentlik doen die gemeente altyd openlik belydenis van hulle geloof.

So ŉ belydenis kan egter alleen gedoen word as daar aangaande die geloof en die geloofswaarhede duidelikheid is. Daar moet dus kennis wees van God se Woord en van die belydenisskrifte en daar moet gelowige aanvaarding wees, vaste vertroue sodat die geloof wesenlik persoonlike besit word deur die werking van die Heilige Gees. Hierdie kennis en duidelikheid kan nie by iemand wat vir die eerste keer van die Evangelie hoor, verwag word nie; dit kan ook nie by kinders verwag word

nie. Daarom vereis die kerk voorafgaande kerklike onderrig in die Woord van God en die belydenisskrifte om tot kennis en belydenis te bring.

Hierdie kerklike onderrig aan die kinders van die kerk, word die katkisasie of verbondsonderrig genoem. Die doel daarvan is om die kinders die kennis van die Bybel en die leer van die kerk deelagtig te maak, die kinders so te lei tot verantwoordelike en bewuste openbare aflegging van hulle belydenis van die geloof en om hulle geestelik toe te rus vir die vervulling van hulle taak en roeping as belydende lede van die kerk en as burgers van die koninkryk van God. In die openbare aflegging van die belydenis van die geloof lê dan die volgende opgesluit:

a. Die ouers het by die doop belowe om die kind in die enigste leer van die saligheid op te voed of te laat opvoed. Dit het plaasgevind en die kind het die nodige onderrig ontvang en die nodige geloofskennis opgedoen in die katkisasie van die kerk en die huis.

   Daarvan word openlik getuienis gegee.

b. Voorts word bely dat die Here Jesus Christus aanvaar word met die hele hart en siel en verstand en alle kragte as die enigste en volkome en ware Saligmaker, dat in die geloof finaal vir Hom gekies word teen die duiwel en sy ganse ryk, en dat daar vaste geloofsvertroue is dat God uit louter genade die voldoening, geregtigheid en heiligheid van Jesus ook aan die een wat belydenis doen, toegereken en geskenk het. Van dié vertroue (’n saak van die hart) word openlik getuienis gegee ten aanhore van die gemeente, die Here en die duiwel.

c. Verder word die begeerte uitgespreek om die geloof, waarvan belydenis gedoen word, te laat versterk deur die Heilige Gees in die gebruik van die nagmaal. En die daaropvolgende gebruik van die nagmaal is openlik getuienis dat die belydenis geglo en die geloof bely word.

d. En die een wat belydenis doen, betuig daarmee dat hy sy roeping en taak as belydende lidmaat van die kerk verstaan en aanvaar en wil vervul met ’n godsalige lewenswandel en dat hy ook wil buig onder die kerklike gesag wat in Naam van die Here Jesus uitgeoefen word.

### *Formulier van vrae vir die aflegging van belydenis van geloof:*

1. *“Glo en bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament vervat en in die drie Formuliere van Enigheid van die Gereformeerde Kerk*

*uitgedruk is en in die Christelike Kerk alhier geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is?*

2. *Is dit u voorneme om, deur die genade van God, by dié leer te volhard; u lewe en saligheid buite uself in Christus te soek; die Drie-enige God van u doop lief te hê, die wêreld te versaak, u oue natuur te kruisig en hierdie belydenis deur 'n godsalige lewe te bevestig?*
3. *Is dit verder u voorneme om, as waardige lede van die Kerk van Christus, die bediening van die Woord en die Sakramente vir uself ywerig te soek, terwyl u u tewens sal onderwerp aan die Christelike vermaning en tug as u u miskien in leer of lewe misgaan*?

# Hoofstuk 2: SONDAG 1 –
# DIE ENIGSTE TROOS

1. *Vraag:*
   Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

*Antwoord:*
   Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie, ja ook, dat alles tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe.

2. *Vraag:*
   Hoeveel dinge is daar vir jou nodig om te weet, sodat jy in hierdie troos salig kan lewe en sterwe?

*Antwoord:*
   Drie dinge. Ten eerste: hoe groot my sonde en ellende is. Ten tweede: hoe ek van al my sondes en ellende verlos kan word. En ten derde: hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

---

Vraag 1:

1. Wat is troos en wat beteken dit om te troos?
   Om te troos is om iets goeds te stel in die plek van iets sleg. Troos maak van duisternis lig, van rampsaligheid geluksaligheid, van sonde en ellende heerlikheid, van eiendom van die sonde en die duiwel eiendom van Jesus.

2. Hoekom die enigste troos?
   Alleen God is die Ligbewerker (Psalm 130). Hy alleen kan die duisternis lig maak. Ons soek tevergeefs na troos by die mense of die dinge en gedagtes en woorde van mense.

3. Hoekom in lewe en in sterwe?

Ons het in sonde geval; ons lewe is onder die toorn van God; ons sterwe beteken die ewige dood. Daarom soek ons troos in lewe en in sterwe; dit is genade vir die lewe en ewige lewe vir die sterwe.

Antwoord 1:

1. As ek aan myself behoort, het ek geen troos nie. Dan behoort ek ook aan die sonde en die ellende en die duiwel; dan is daar vir my in hierdie lewe net donkerheid en na die lewe die ewige dood.

2. Maar ek behoort nie aan myself nie; ek behoort aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus. Ek is *heeltemal* sy eiendom, na liggaam en siel; ek is altyd sy eiendom, in lewe en in sterwe. Daarom staan ek voor God in Christus en God se antwoord daarop is die ewige lewe.

3. Christus maak die duisternis tot lig. Hy doen dit deur vir my sondes ten volle te betaal met sy bloed; Hy koop my met sy bloed en Hy koop my vry van alle heerskappy van die duiwel. In die plek van die sonde en die heerskappy van die duiwel, stel Jesus dus sy bloed. Hierdie verandering is troos.

4. Dat ek die eiendom van Jesus is, is ’n saak wat baie vas staan. Hy laat my nooit weer los nie, maar bewaar my so dat selfs die kleinste, ’n haar, nie met my kan gebeur sonder die wil van God die Vader nie. Dit is ’n ewige bewaring, want dit dien tot my saligheid.

5. Oor hierdie groot troos wat vir my die saligheid beteken, is ek ook nie onseker nie. Jesus verseker my deur sy Heilige Gees dat Hy my met sy bloed van die sonde en die dood en die duiwel verlos het en dat ek die ewige lewe sal ontvang.

6. Vir hierdie groot troos wil ek die Here dank. Daarom maak die Heilige Gees my gewillig en bereid om dankbaar te wees en vir Hom te lewe.

7. Ek vind my enigste troos in lewe en sterwe dus by die Drie-enige God: God die Seun koop my met sy bloed en maak my sy eiendom; God die Vader se wil beskik oor my alles, selfs so klein soos ’n haar; God die Heilige Gees verseker my van die troos, van die ewige lewe én maak my dankbaar.

Vraag 2:

1. Hoe word ek hierdie enigste en heerlike en ewige troos deelagtig? Hoe kan ek sê dat dit ook my eie troos is? As ek te sterwe kom, wil ek

graag weet dat ek die ewige lewe binnegaan; des te meer begeer ek die troos en sekerheid in my lewe.

2. Wat moet ek daarvoor weet?

Antwoord 2:

1 Om die troos in lewe en in sterwe deelagtig te word, moet ek drie dinge weet:

   a. Ek moet weet hoe groot my sonde en ellende is. Ek weet wel dat ek 'n sondaar is en in sonde en ellende verkeer, maar ek moet veral ook weet hoe *verskriklik groot*, my ellende is.
   b. Ek moet weet hoe ek uit dié verskriklike groot ellende kan loskom of *verlos* kan word.
   c. Ek moet weet hoe ek vir my hele lewe vir so 'n verlossing *dankbaar* moet wees.

2. Ons kan hierdie drie dinge nie van mekaar skei nie. Hulle is eintlik een, soos die wortel, stam en takke van 'n boom.

3. Hierdie drie, ellende, verlossing en dankbaarheid, is ook die indeling van die Kategismus. Elkeen word afsonderlik in besonderhede behandel, maar tesame bly dit steeds 'n uitwerking van vraag en antwoord 1.

**Onthou:**

Jy is ook 'n **sondaar**.

Jy het ook troos nodig soos alle sondare, nie waar nie? Jy is ook eiendom van Jesus; jy is sy dienskneg of diensmaagd; eintlik is jy sy slaaf, want Hy het jou gekoop.

Dit plaas jou onder groot verantwoordelikhede maar ook onder die genade van God.

Daarom moet jy met ywer en liefde leer aangaande jou ellende en jou verlossing en jou dankbaarheid sodat jy, saam met alle gelowiges, ook die troos deelagtig kan wees.

**Lees:**

Rom. 8:31-39; Psalm 130; Ef. 1:3; Jes. 40:1 en Joh. 3:19-21.

Hoe duidelik spreek Psalm 130 van die ellende, die verlossing en die dankbaarheid.

# DEEL I: OOR DIE MENS SE ELLENDE

## Hoofstuk 3: Sondag 2 –
## DIE KENBRON VAN DIE ELLENDE

3. *Vraag:*
   Waaruit ken jy jou ellende?

*Antwoord:*
   Uit die wet van God.

4. *Vraag:*
   Wat eis die wet van God van ons?

*Antwoord:*
   Dit leer Christus ons in hoofsaak, Matth. 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

5. *Vraag:*
   Kan jy dit alles ten volle onderhou?

*Antwoord:*
   Nee; want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.

---

Vraag 3:

1. Wat is ellende?

   Om in ellende te verkeer beteken: Afgesny te wees van die saligheid, bestem vir die ewige dood; weg te wees van God en sy genade en te lewe onder die oordeel en straf en toorn van God.

3. Die afdeling oor die kennis van die ellende begin met die vraag na die *kenbron* (dit waaruit ons ons ellende kan ken) van die ellende.

Antwoord 3:

1. Ek ken my ellende uit die wet van God. Die wet van God sê my presies hoe ek is, naamlik ellendig, en ook hoe ek eintlik behoort te wees, naamlik salig.

2. Dit is verkeerd om die kennis van die ellende by die mens te gaan soek; Ons kry dié kennis nie by al die jammerlike toestande om ons heen nie; ons kry dit nie in die eerste plek in die gewete nie. Ons kry dit geheel en presies uit die wet van God. En daarmee word bedoel die tien gebooie (Ex. 20).

   God het in die Ou Testament die volgende aan Israel gegee:

   a. die seremoniële wet vir die diens in die tabernakel en tempel;
   b. die burgerlike wet vir die volk en staat;
   c. die sedewet, of die tien gebooie. Die Kategismus praat hier oor die sedewet.

Vraag 4:

1. Wat is die inhoud van die wet van God? Wat eis die wet van ons?

   Dit moet ons vra, sodat ons die eis van die wet in vraag 5 as ’n maatstaf kan gebruik om te sien of ons daaraan voldoen.

2. Met die vraag stel ons dus die wet as ’n *objektiewe norm*, d.w.s. as ’n maatstaf wat ons van buite af opgelê is waaraan ons ons kan meet.

Antwoord 4:

1. Jesus leer my die eis van die wet in Matth. 22:37-40 en ons lees dit ook in Deut. 6:5.

   Dit is ’n samevatting van die tien gebooie, naamlik: Jy moet God liefhê (1e-4e gebod) en jy moet jou naaste liefhê soos jouself (5e-10e gebod).

2. Die wet van God eis onvoorwaardelik ons hele lewe op vir die liefde teenoor God en die naaste. God is Liefde (1 Joh. 4:8); Hy het my lief omdat ek sy skepsel en sy beeld is; ek moet God liefhê omdat Hy my Skepper is; ek moet my naaste liefhê omdat hy ook skepsel en beeld van God is en omdat God hom ook liefhet.

3. Ek moet God liefhê met my hele hart; met my hele siel as priester; met my hele verstand as profeet en met my hele krag as koning.

4. Ek moet my naaste liefhê soos myself, nie meer en ook nie minder nie. En my naaste is alle mense met wie ek in aanraking kom en natuurlik alle geloofsgenote én alle uitverkorenes — al kom ek nie met hulle in aanraking nie.

Vraag 5:

1. Kan jy dit alles ten volle onderhou? Dit beteken: Kan jy aan die eis van God se wet voldoen? Kan jy God en jou naaste liefhê soos God beveel?
2. Die toets word dus aangelê; ons word voor die wet geplaas soos voor 'n spieël om te kyk hoe ons beeld daar uitsien.

Antwoord 5:

1. As ek voor die spieël van God se wet staan, sien ek die beeld van een wat onder die toorn en oordeel en vloek van God is. Die toets is aangelê en die resultaat is: Ek kan die wet van God nie onderhou nie.
2. Dit blyk dat ek, vanweë die sonde, geneig is om te haat, om God en my naaste te haat. My natuur, my eie self en my hele aard as mens, is boos en verkeerd en laat my neig om te haat. (Neig beteken om in 'n bepaalde rigting te beweeg.)
3. In plaas van liefde is daar van nature by my haat. Dit is die teenoorgestelde van liefde. By my word dus die teenoorgestelde gevind van wat die wet van God van my eis. Ek volbring dus nie die wet nie; nog erger, ek doen juis die teenoorgestelde.
4. Dat ek van nature haat, is die *kern* van my verskriklike ellende.

**Onthou:**

Jy kan alleen uit die wet van God jou ellende ken. Daarom moet jy baie goed luister na die wet om te weet wat dit van jou eis.

Ook jy is van nature geneig om God en jou naaste te haat.

Dit is die kern van jou ellende: Jy moet liefhê maar jy kan nie omdat jy haat. Jy móét, maar jy kán nie. Dit is die kern van jou ellende.

**Lees:**

Psalm 51; Deut. 6:5 vv.; Lev. 19:18; Rom. 7.

Veral in Rom. 7 lees jy van die wil wat gebind is; jy wil goed doen, maar, weens jou haatdraende natuur, lê die kwade jou naby.

## Hoofstuk 4: Sondag 3a –
## DIE OORSPRONG VAN DIE ELLENDE NIE BY GOD NIE

6. *Vraag:*

Het God die mens dan so boos en verkeerd geskape?

*Antwoord:*

Nee; maar God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape, dit is, in ware regverdigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kan ken, Hom van harte kan liefhê, en met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys.

---

Vraag 6:

1. Waarom is ek dan van nature geneig om God en my naaste te haat, terwyl ek juis moet liefhê? Waar kom dit dan vandaan en wie is die oorsaak daarvan?
2. Ons vra, dus na die *oorsprong* van die ellende.

   God het ons mos geskape. Het Hy ons dan so verkeerd en boos geskape?

Antwoord 6:

1. Dit lê in die natuur van die mens om die skuld van ŉ saak nie by homself te soek nie. Daarom is die vraag hier eintlik: Is dit dan nie God se skuld dat ek so ellendig is nie? Het Hy my dan so sleg gemaak dat ek nie kan liefhê nie en sy wet nie kan onderhou nie? So dink Adam reeds in die Paradys as hy sê: "*Die vrou wat U gegee het om by my te wees Sy het my van die boom gegee, en ek het geëet*" (Gen. 3:12).
2. Maar die antwoord op hierdie vrae is baie duidelik en beslis:

   *Die oorsprong van die ellende is nie in God nie*. Dit staan ook in die *Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 13: "... alhoewel God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra van die sonde wat gedoen word nie."*

Ons glo dat God goed en regverdig en heilig is. Hoe kan ons dan iets wat sleg of onregverdig of onheilig is by Hom verwag? Daarom kan Hy nie die skuld hê of kry van die oorsprong van die sonde of ellende nie.

3. En tog is God die Skepper van hemel en aarde en het Hy die mense ook geskape. Dit is waar, God het ons geskape, maar Hy het ons *goed* en na sy *ewebeeld* geskape.

   Alles wat God doen is immers goed; die hele skepping is goed en die mens, die hoogste skepsel, is ook goed gemaak. En goed beteken: *Iets is soos dit moet wees*; die mens is geskape soos God gemeen het dat hy moet wees (Gen. 1:26).

4. God het daar gesê: "*Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis*." En so hét God toe die mens gemaak, goed en na sy ewebeeld.

   Die mens is dus nie self God nie maar hy is wel die beeld van God. En omdat die mens beeld van God is, is hy ook die *kroon van die HERE se skepping*.

   Al die ander skepsele, ja ook die engele, is minder as die mens en die mens is deur God aangestel as die koning van die skepping in die Naam van die HERE (Ps. 8:7: "*U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel*").

5 En nou sê die Kategismus dat hierdie beeld van God bestaan in die ware geregtigheid en heiligheid. Dit lees ons in Ef. 4:24; maar in Kol. 3:10 word die beeld van God ook ware kennis genoem. *Die beeld van God bestaan dus in ware kennis, geregtigheid en heiligheid*.

   So staan dit ook in die *Dordtse Leerreëls, III—IV, 1: "Die mens is van die begin af na die beeld van God geskape, versierd in sy verstand met ware en salige kennis van sy Skepper en van ander geestelike sake; in Sy wil en sy hart met geregtigheid en in al sy geneenthede met suiwerheid; sodat hy dus heeltemal heilig was."*

6. So staan Adam, die beeld van God, in die paradys.

   En hy het ware kennis gehad om sy Skepper reg te ken. Hy was dus 'n *profeet*.

En hy het ware geregtigheid gehad om God te dien en met Hom in die ewige saligheid te lewe en Hom te loof en te prys. Hy was dus ook *koning*.

En hy het die ware heiligheid gehad om sy Skepper van harte lief te hê. So was hy ook *priester*.

Wat ŉ heerlike skepsel was die mens dan nie en wat ŉ skitterende kroon vir die hele skepping van God.

7. Maar ons moet daarop let dat die mens nie *onveranderlik* geskape is nie. Alleen God is onveranderlik. Die mens kon, al was hy so ŉ heerlike skepsel, tog sondig en sterwe. Daarom het God die mens ŉ proefgebod gegee. Van die boom van die kennis van goed en kwaad mag die mens nie eet nie anders sal hy sterwe.

   Adam was dus beeld van God in ware kennis, geregtigheid en heiligheid en hy kon by die boom van kennis van goed en kwaad gaan staan en sê: Ek sal nie van die vrug eet nie. Dan sou hy ook, omdat hy gehoorsaam was, ewig gelewe het in die heerlikheid.

8. Dit is dus duidelik dat ons die oorsprong van die sonde en die ellende nie by God moet soek nie. God is goed; alles wat Hy doen is goed; Hy het die hele skepping goed gemaak; Hy het die mens goed en na sy ewebeeld geskape.

**Onthou:**

Die kern van jou ellende is dat jy moet liefhê maar jy kan nie omdat jy haat. Van nature is jy boos en verkeerd.

Maar dit help nie om God die skuld te gee dat jy so boos en verkeerd is nie. Jy soek die oorsprong daarvan tevergeefs by God.

Dink daaraan wat ŉ heerlike en skitterende kroon van die skepping die mens was as koning, profeet en priester.

Deur onse Here Jesus Christus is hierdie beeld, die beeld van God, weer in ons herstel.

**Lees:**

Genesis 1 en 2; Ps. 8:7; Ef. 4:24; Kol. 3:10; Dordtse Leerreëls III—IV, 1.

## Hoofstuk 5: Sondag 3b –
## DIE OORSPRONG VAN DIE ELLENDE IS BY DIE MENS

7. *Vraag:*

   Waar kom dié verdorwe aard van die mens dan vandaan?

*Antwoord:*

   Uit die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die Paradys waar ons natuur so verdorwe is, dat ons almal in sondes ontvang en gebore word.

8. *Vraag:*

   Maar is ons so verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad?

*Antwoord:*

   Ja, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word.

---

Vraag 7:

   In vraag en antwoord 6 het ons gesien dat die oorsprong van die sonde nie by God is nie. Ons kan Hóm nie die skuld van óns ellende gee nie. Waar is dan wel die oorsprong daarvan? Waar kom ons verdorwe aard of natuur dan wel vandaan?

Antwoord 7:

1. Ons moet die skuld vir ons ellende, naamlik dat ons moet liefhê maar nie kan nie omdat ons van nature geneig is om te haat, nie by God soek nie maar by onsself.

   *Die oorsprong van die sonde en ellende lê by die mens.*

   Die mens is sélf oorsaak daarvan dat hy nie van nature kan liefhê nie.

2. In die Paradys was ons eerste voorouers, Adam en Eva, *moedswillig ongehoorsaam*. Die HERE het aan hulle die proefgebod gegee: "*Van dié boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie" (Gen. 2:17)*. Adam kon God in hierdie gebod gehoorsaam wees, maar hy kon ook ongehoorsaam wees.

Toe kom die verleier in die Paradys. Dit is die satan*, "die vader van die leuen en mensemoordenaar van die begin af (Joh. 8:44)*, Hy het van die slang gebruik gemaak en eers die vrou verlei om deur haar Adam ook te bereik. En Eva het Adam verlei en in hom val die ganse menslike geslag.

3. Let op hoe die satan die mens verlei. Hy veroorsaak eers *twyfel* (Gen. 3:1); dan *ongeloof* Gen. 3:4); verder *hoogmoed* (julle sal soos God wees, Gen. 3:4) en eindelik *begeerlikheid* (Gen. 3:6).

4. So *val* die mens. Hy was koning — nou word hy slaaf van die duiwel. Hy was 'n skitterende kroon van die skepping — nou lê die kroon in die stof.

   En hy val deur *moedswillige ongehoorsaamheid*. Adam en Eva het sélf besluit om te sondig; sélf het hulle na die duiwel geluister en God ongehoorsaam geword. Adam wou nie koning en profeet en priester van God wees nie maar hy wou koning wees sonder God. Daarom *skend* hy die beeld van God.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 14: "Ons glo dat God die mens geskape het uit die stof van die aarde en hom gemaak en geformeer het na sy beeld en gelykenis, goed, regverdig en heilig, in staat om met sy wil in alles ooreen te stem met die wil van God. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan of ook nie sy uitnemendheid besef nie, maar hy het homself gewillig aan die sonde onderwerp en sodoende aan die dood en vervloeking, deur te luister na die woord van die duiwel. Want die gebod van die lewe wat hy ontvang het, het hy oortree en homself van God, wat sy ware lewe was, deur die sonde afgeskei en sy ganse natuur verderwe."*

   Dieselfde saak lees ons ook in die Dordtse Leerreëls, III—IV, 1.

5. Maar nou moet ons ook vasstel hoekom óns natuur juis so verdorwe geword het deur die val en ongehoorsaamheid van Adam en Eva. Wat het óns eintlik met hulle en hulle sonde te doen? Daarvoor kan óns tog nie verantwoordelik gehou word nie?

   Ja, ons is daar wel voor verantwoordelik.

   *Adam is die hoof van die werkverbond*; as die HERE aan Adam in die verbond 'n proefgebod stel, naamlik dat hy God gehoorsaam moet

wees, geld die uitvoering van die gebod vir almal wat in die verbond is en dit is alle mense.

*Maar Adam is ook die hoof van die mensegeslag*: God het net een keer gesê: Laat Ons mense maak, Hy het toe Adam en Eva geskape. En uit Adam en Eva is al die ander mense gebore. Dit was die wil van God dat uit Adam en Eva elke mensekind gebore sou word as beeld van God in ware kennis, geregtigheid en heiligheid. Maar wat gebeur daar nou? Die verbondshoof val, daarom val die hele menslike geslag.

Die eerste ouerpaar is moedswillig ongehoorsaam, daarom is alle mense moedswillig ongehoorsaam.

Adam en Eva skend die beeld van God, daarom word uit hulle alleen geskonde beelde van God gebore. Dit is: die natuur van die mens is nie meer ware kennis, geregtigheid en heiligheid nie, maar die natuur is boos en verkeerd.

Daarom word alle mense in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore. Met die geboorte en deur die geboorte is elkeen besmet met die erfsonde. Dit leer Dawid ons in Psalm 51 en Paulus in Rom. 5:12 e.v. (*Ps. 51:7: "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang"*).

Vraag 8:

Hoe erg is die verdorwenheid? Hoe groot is die ellende?

Antwoord 8:

1. Ons is dus verdorwe. Maar hoe erg is dit daarmee gesteld? Die verdorwenheid is baie erg want die mens het heeltemal onbekwaam geword om goed te doen, om die wet van die Here te onderhou, om lief te hê. En daarby is hy ook geneig om alle kwaad te doen, om die wet te verbreek, om te haat.
2. Die beeld van God is deur die moedswillige, ongehoorsaamheid só geskend en die natuur is só verdorwe dat die mens nog net die slegte kan doen. En hy sal alleen die goeie kan doen as die geskonde beeld weer heel gemaak word, weer herstel word. Eintlik moet hy opnuut gebore word sodat hy as 'n herstelde beeld gebore kan word. Ons noem dit wedergeboorte deur die Heilige Gees. Daaroor sal ons later meer hoor, ook oor die herstelling van die beeld deur Jesus Christus.

**Onthou:**

Ook jy is in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore; ook jóú natuur is verdorwe deur moedswillige ongehoorsaamheid van Adam en Eva, maar waarvoor jy dieselfde verantwoordelikheid dra.

En ook jóú ellende is baie groot, want die verdorwenheid beteken dat jy geneig is tot alle kwaad en absoluut nie in staat is tot die goeie nie en dat jy daarom ook wedergebore moet wees.

Maar wees dankbaar dat jy weet dat Christus die beeld van God herstel.

**Lees:**

Gen. 3; Rom. S:12 e.v.; Psalm 51; Dordtse Leerreëls III—IV, 1-5 en Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 14.

## Hoofstuk 6: Sondag 4 –
## DIE DIEPTE VAN ONS ELLENDE

9. *Vraag:*

Doen God die mens dan geen onreg nie dat Hy in sy wet van hom eis wat hy nie kan doen nie?

*Antwoord:*

Nee; want God het die mens so geskape dat hy dit kon doen; maar die mens het homself en al Sy nakomelinge deur die ingewing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

10. *Vraag:*

Wil God die ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

*Antwoord:*

Nee, sekerlik nie, maar Hy vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sondes en wil dit deur ŉ regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf, soos Hy gesê het: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie (Gal. 3:10).

11. *Vraag:*

Is God dan nie ook barmhartig nie?

*Antwoord:*

Ja, God is wel barmhartig, maar Hy is ook regverdig; daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God begaan is ook met die hoogste, dit is, met die ewige straf aan liggaam en siel gestraf moet word.

---

Vraag 9:

God eis dat ons iets moet doen wat ons nie kan doen nie. Is so ŉ eis nie onbillik nie? Is God dan nie onregverdig nie?

Antwoord 9:

1. Ons moet God en ons naaste liefhê. Dit is die eis van God se wet. Maar ons kan nie, want ons is van nature geneig om te haat. Ons moet, maar kan nie. Dit is die kern van ons ellende. Ons dra self die skuld van hierdie ellende, want die oorsprong van die sonde lê by die mens en nie by God nie. Dit is dus ons eie skuld dat ons moet maar nie kan nie.

2. Maar terwyl ons nou nie kan nie, is dit dan nie onregverdig van God om tog te sê: Jy moet? Hoe kan Hy iets van ons eis wat ons nie kan doen nie? Vra Hy dan nie die onmoontlike nie?

   Nee, God vra nie die onmoontlike nie. Hy eis nie dat ons met ons hand die aarde moet dra nie of dat ons die hele skepping moet onderhou nie. Hy vra en eis alleen *gehoorsaamheid* en *liefde*.

3. En God het die mens so geskape dat hy kon liefhê en gehoorsaam wees, want Hy het die mens immers na sy beeld en gelykenis geskape in ware kennis, geregtigheid en heiligheid.

   Die mens kon, maar nou kan hy nie meer nie omdat hy geluister het na die ingewing van die duiwel en omdat hy moedswillig ongehoorsaam was. Nee, God se eis is regverdig: Die mens kon daaraan voldoen. En dat hy nou nie meer kan nie, is sy eie skuld.

   Weer ’n keer leer die Kategismus ons dat dit verkeerd is om God die skuld te gee. Want God se eis is ’n *verbondseis* en die mens verbreek die verbond maar God handhaaf dit. Daarom handhaaf God ook die eis van die verbond.

   En God het nie verander nie want Hy is onveranderlik, maar die mens het deur ongehoorsaamheid verander.

Vraag 10:

Daar is dus ongehoorsaamheid en afval. Die mens is die skuldige. Gaan God die skuldige nou straf of nie straf nie?

Antwoord 10:

1. God handhaaf, die eis van sy wet, maar die mens kan daaraan nie voldoen nie. Daar is skuld en sonde by die mens. Daarom moet God straf en wil Hy ook straf. Die HERE kan immers nie willekeurig wees nie en so ’n sware eis stel en dan die sonde maar deur die vingers sien

nie. Wat sou ons van 'n aardse regter sê as hy so sou handel? Ons sou dink dat hy onbetroubaar en willekeurig is as hy nie die reg handhaaf nie.

2. Nee, daar is vir die mens geen moontlikheid om te dink dat die ongehoorsaamheid ongestraf sal bly nie. God vertoorn Hom verskriklik oor die sonde en sy toorn is regverdig.

   Daar is deur die ongehoorsaamheid eerstens die aangebore sonde.

   Dit is die erfsonde waarvan ons in Sondag 3 gespreek het. Maar die erfsonde is soos 'n wortel waaruit 'n boom groei; uit die erfsonde groei die werklike sondes, dit is al die sondes wat ons met ons hart en mond en hand doen in hierdie lewe. En God wil al dié sondes straf, in hierdie lewe reeds maar ook in die ewigheid.

   En wat 'n verskriklike oordeel volg op die toorn van die Here! *Vervloek* is elkeen wat nie aan die eis van die wet voldoen nie.

3. Daar is mense wat leer dat daar nie so iets soos die erfsonde bestaan nie; die kinders word dan sogenaamd sonder sonde gebore en die sondes wat hulle in hulle lewe doen, is aangeleerde sondes. Hulle doen dit omdat hulle dit by ander geleer het. Ons noem sulke beweringe, wat natuurlik verkeerd is, Pelagiaans. Ons word hierop ook gewys in die Nederlandse Geloofsbelydenis.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 15: "Ons glo dat deur dié ongehoorsaamheid van Adam die erfsonde uitgebrei het oor die ganse menslike geslag. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee die klein kinders selfs in die moederskoot besmet is en wat in die mens allerhande sondes voortbring, omdat dit in hom soos 'n wortel is; en dit is daarom so lelik en gruwelik voor God dat dit genoegsaam is om die menslike geslag te verdoem. En wat dit betref, verwerp ons die dwalinge van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie."*

   *Dordtse Leerreëls, II—IV, Verwerping 1: "Ons verwerp die dwalinge wat leer: Dat 'n mens nie eintlik kan sê dat die erfsonde op sigself genoegsaam is om die hele menslike geslag te veroordeel of om tydelike en ewige strawwe te verdien nie. Want hulle weerspreek die apostel wat sê: Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom, en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mens deurge-*

*dring, omdat almal gesondig het (Rom. 5:13). En: Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23)."*

4. *Nee, van straf kom ons nie los nie. God doen geen onreg nie as daar vanweë die ongehoorsaamheid op ons rus sy* toorn *en* oordeel *en* vloek.

5. En pas ook op vir die leer van Rome. Die Roomse Kerk leer dat Die erfsonde gemis aan genade is en dat die erfsonde weggeneem word deur die doop.

Vraag 11:

Ons is skuldig. God wil ons tydelik en ewiglik straf. Nou pleit ons: God is tog barmhartig? Sal Hy nie tog maar 'n ligte straf oplê nie?

Antwoord 11:

1. Ja, God is barmhartig maar sy barmhartigheid is regverdig, sy barmhartigheid en sy regverdigheid is een saak. Hoe kan 'n onregverdige barmhartig wees? Hoe kan 'n onbarmhartige regverdig wees?

2. Daarom handhaaf God die eis van sy geregtigheid. En wat eis dit alles? Die mens was Gód ongehoorsaam. Hy het teen Gód gesondig. Hy wou soos God wees, wou self God wees, wou self op die troon gaan sit en die Here onttroon. Inderdaad, sy sonde is teen die allerhoogste majesteit van God.

   En hierdie verskriklike aanranding van God se majesteit kan en moet alleen met die hoogste straf gestraf word, dit is met die ewige straf aan liggaam en siel — *die ewige dood*.

   *Ons lees dit ook in die Dordtse Leerreëls, II, I: "God is nie alleen ten hoogste barmhartig nie, maar ook ten hoogste regverdig. En sy geregtigheid — soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het — eis dat ons sondes, teen sy oneindige majesteit begaan, nie alleen met tydelike, maar ook met ewige strawwe aan siel en liggaam gestraf moet word; en van dié strawwe kan ons nie vryraak nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word."*

3. Vraag 11 is die laaste vraag in die eerste deel van die Kategismus, naamlik oor die ellende van die mens. En ons leer daaruit ons hele diepe ellende: ons kan die wet nie volbring nie, maar ons moet. Dit is nie God se skuld nie maar ons eie skuld.

God se eis is nie onregverdig nie. En Hy straf.
Die straf is die ewige dood!
Die ewige dood: diepte van ellende.

**Onthou:**

Jy is ’n sondaar, ’n ellendeling.
Daarvoor is jy self verantwoordelik.
Jou sonde verdien die ewige dood.
Wees dankbaar dat God sy hoë eis handhaaf, want daardeur bly God ewig God, die regverdige HERE.
Wees dankbaar, want Jesus het aan die hoë eis voldoen, soos jy later sal leer.

**Lees:**

Nederlandse Geloofsbelydenis, art. XV; Dordtse Leerreëls III—IV verwerping, 1; Jak. 1:15; Gal. 3:10; Ps. 7:12; Exod. 34:6 en 7 en D.L. II—1.

# TWEEDE DEEL: OOR DIE VERLOSSING VAN DIE MENS

## Hoofstuk 7 Sondag 5 –
## DIE MOONTLIKHEID VAN VERLOSSING

12. *Vraag:*

Aangesien ons dan na die regverdige oordeel van God tydelike en ewige straf verdien het, is daar enige middel waardeur ons van hierdie straf kan vrykom en weer genade kan verkry?

*Antwoord:*

God wil dat aan sy geregtigheid voldoen moet word; daarom moet ons daaraan óf deur onsself óf deur 'n ander ten volle betaal.

13. *Vraag:*

Maar kan ons deur onsself betaal?

*Antwoord:*

Nee; hoegenaamd nie, maar ons maak selfs die skuld nog daagliks meer.

14. *Vraag:*

Kan daar ook êrens enige skepsel gevind word om vir ons te betaal?

*Antwoord:*

Nee; want ten eerste wil God die skuld wat die mens gemaak het, aan geen ander skepsel straf nie; ten tweede kan ook geen enkele skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsele daarvan verlos nie.

15. *Vraag:*

Hoedanig 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

*Antwoord:*

So een wat 'n waaragtige en regverdige mens is, en nogtans ook sterker as alle skepsele, dit is, wat ook tegelykertyd waaragtige God is.

Vraag 12:

Die vraag is ’n ootmoedige belydenis wat aansluit by Sondag 5, naamlik: Die toorn en die oordeel en die vloek van God is regverdig; ons is diep skuldig en het tydelike en ewige straf verdien.

Maar is dit dan nie moontlik om van die verskriklike straf vry te kom nie? Is dit moontlik om weer genade te verkry en om weer in die guns van God te kom?

Antwoord 12:

1. Die diepte van ons ellende is dat deur ons eie skuld op ons rus die oordeel en die toorn en die vloek en die straf van God. Die ewige dood is ons verdienste, dit is ons straf omdat God se geregtigheid so ’n straf, die hoogste straf eis.

   Ons kan hierdie eis van God se geregtigheid ook sy rekening noem.

2. Is dit moontlik om van die straf van God vry te kom? Is daar ’n weg uit die diepe ellende na die genade? Is verlossing moontlik?

   *Ja, verlossing is moontlik maar slegs op één manier en langs één weg: aan die geregtigheid van God of aan die eis van sy geregtigheid moet voldoen word; die rekening van God moet betaal word.*

   Om verlos te word uit die ellende moet ons aan God die *voldaan* of die *kwitansie* op sy rekening kan toon.

   Sommige mense leer dat die verlossing deur ewolusie kom. Die mens ontwikkel meer en meer ten goede en hy ontwikkel naderhand bo die sonde en die dood uit; as hy só geword het, naamlik sondeloos, sal God die eis van sy geregtigheid laat val.

   Dit is verkeerd. Verlossing is alleen moontlik deur voldoening of betaling — en ons moet self betaal of iemand anders moet vir ons betaal.

Vraag 13:

Deur betaling is daar verlossing.

Kan ons deur onsself betaal? Het ons genoeg krag en verstand om God se rekening ten volle te betaal?

Antwoord 13:

1. Self betaal is onmoontlik. Dit het ons reeds in Sondag 2 en 3 geleer. Want om te betaal beteken om die wet van die Here geheel en al te volbring, en ons kan dit nie doen nie omdat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat en alle kwaad te doen.

2. Ons is juis besig om daagliks ons skuldrekening nog groter te maak. Deur ons bose en verdorwe natuur en deur oortreding van die wet van die Here deur ons hart en mond en hand, vermeerder ons ons die sonde en oortredinge en word die rekening steeds groter.

   Inderdaad, die mens is so diep ellendig dat hy werklik nie deur homself die groot rekening van God kan betaal nie.

3. Maar ons moet onthou dat die mens 'n gevalle koning is en dat hy selfs na die sondeval nog veel krag en verstand oorgehou het. Daarom is daar baie mense wat meen dat hulle self in staat is om die rekening van God te kan betaal. Sommige meen dat hulle dit deur 'n deugdelike lewe kan doen (Moderniste en Metodiste), sommige wil die mens se goeie werke die werk van Christus laat aanvul (Rome) en dikwels dink ons dat ervaring en vroomheid en gebede reeds genoeg is om te betaal.

Vraag 14:

Nou moet ons vasstel of 'n ander skepsel moontlik vir ons kan betaal. Want as ons self nie kan nie, moet iets of iemand anders betaal — daar móét immers betaal word.

Antwoord 14:

1. Laat ons eers kyk of ander mense miskien vir ons kan betaal. Nee, hulle kan nie omdat hulle ook maar mense is, al is hulle miskien baie vroom. Hulle bly maar net so boos en verdorwe van nature as ons. En om te dink dat hulle vir ons kan betaal as hulle dood is en ons hulle as heiliges aanbid, soos die Roomse Kerk dit doen, is heeltemal verkeerd.

2. Maar naas die mens is daar ook nog die hele res van die skepping. Kan die son, maan of sterre, die aarde of see, die klippe of berge, die plante of diere ons verlos deur die rekening van God te betaal? En daar is ook nog die engele wat heilig is — kan hulle dit nie doen nie? Nee, geen skepsel kan nie.

*Want die méns het gesondig en die méns moet betaal*, so eis die geregtigheid van God dit.

Maar daar is ook geen enkele skepsel wat die ewige toorn van God teen die sonde kan dra nie. Hoe sou hy dan nog ander van die toorn kon verlos?

3. Die toorn en oordeel en vloek en straf van God is te groot en te swaar om deur die mens of deur enige ander skepsel gedra te word. Hoe sou hy dan nog die ewige toorn van God kan dra vir ander om hulle daarvan te verlos?

4. Hoe dwaas is dit dan van die heidene om verlossing van skepsele te verwag. Dink aan die gruwelike afgodery waarvan ons in die Bybel lees en aan die heidense godsdienste om ons heen. Die son, maan, sterre, riviere, diere, plante en klippe word alles aanbid as die verlossing van die mens.

Vraag 15:

Ons móét betaal, maar geen mens of skepsel kan betaal nie.

Wie moet dan betaal? Moet ons 'n middelaar soek, een wat tussen God en ons in staan en die rekening betaal? En hoe moet hy wees?

Antwoord 15:

1. By die mens en die res van die skepping het ons tevergeefs gesoek na betaling van die Here se rekening. Buite die skepping is daar alleen nog die Skepper oor — moet ons dan by die HERE betaling soek vir die rekening van die HERE?

   Die HERE stel dan juis self sy groot rekening, naamlik die eis dat aan sy geregtigheid voldoen moet word. Hoe kan mens dan verwag dat Hy self die rekening vir ons sal betaal?

   En tog moet ons by die HERE om verlossing soek omdat daar buite Hom niemand en niks oorbly by wie ons dit kan soek nie.

   Daarom kan dit nie anders nie: Die verlosser moet waaragtige en regverdige mens wees en tegelykertyd waaragtige God. Waarom die middelaar so moet wees, behandel ons in die volgende Sondag.

2. Daar is dus 'n weg uit die ellende; die weg is betaling van God se rekening; ons kan self nie betaal nie; geen skepsel kan gevind word

om te betaal nie, daarom bly alleen God nog oor om te betaal. Daar moet dus ’n wonder van bo plaasvind.

*Die wonder is dat God ook Mens sal word om Middelaar en Verlosser te wees.*

3. *Ons word dus vir die verlossing met beslistheid van onsself af heengewys na God.*

**Onthou:**

Jy lê vanweë jou ellende midde in die dood, soos die Nagmaalsformulier dit uitdruk. Maar jy moet die verlossing buite jouself alleen in God soek.

Pasop dat jy nooit daartoe verlei word om te dink dat jy self sterk genoeg is om te betaal nie. Jy moet “duisende talente” betaal terwyl jy absoluut niks het nie.

Vestig jou hoop ook nie op skepsele of op die wetenskap en tegniek van die mens nie.

Wees dankbaar vir die wonder van bo, dat God tog ’n Verlosser skenk.

**Lees:**

Psalm 49:8; 130:3; 143:2; Rom. 8:4; 1 Kor. 15:21.

## Hoofstuk 8: Sondag 6 – DIE VERLOSSER: HOE MOET HY WEES EN WIE IS HY?

16. *Vraag:*

Waarom moet hy 'n waaragtige en regverdige mens wees?

*Antwoord:*

Omdat die regverdigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal; en omdat 'n mens wat self sondaar is, nie vir ander kan betaal nie.

17. *Vraag:*

Waarom moet hy tegelykertyd waaragtige God wees?

*Antwoord:*

Om uit krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kan dra, en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee.

18. *Vraag:*

Maar wie is hierdie middelaar wat tegelykertyd waaragtige God en 'n waaragtige en regverdige mens is?

*Antwoord:*

Onse Here Jesus Christus wat deur God aan ons geskenk is tot wysheid, regverdigheid, heiligmaking en verlossing.

19. *Vraag:*

Waaruit weet jy dit?

*Antwoord:*

Uit die heilige Evangelie wat God self eers in die paradys geopenbaar het en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld en eindelik deur sy eniggebore Seun vervul het.

Vraag 16:

Hier word nadere verklaring van antwoord 15 gevra.

Waarom moet die Verlosser dan 'n mens wees? En hoekom waaragtige en regverdige mens?

Waaragtige mens beteken: *egte mens met die volle menslike natuur*.

Regverdige mens beteken: *'n mens sonder enige sonde*.

Antwoord 16:

1. Dit is die mens wat gesondig het. Dit is daarom die mens wat moet betaal. Dit is God se eis: die menslike natuur moet betaal. Hy eis die betaling van geen ander skepsel nie.

   Daarom moet die verlosser 'n waaragtige, egte mens wees van vlees en bloed, liggaam en siel — die volle menslike natuur.

2. Maar die verlosser moet regverdig wees, dit is sonder sondes. As hy self sondaar is, moet hy ook nog vir homself betaal — wat hy nie kan doen nie — en hoe sou hy dan nog vir ander kan betaal?

Vraag 17:

Maar God eis dat die verlosser tegelykertyd ook waaragtige God moet wees.

Hoekom dan ook God en op dieselfde tyd?

Antwoord 17:

1. Alleen God is sterk genoeg om die toorn van God te kan dra. As die verlosser dus tegelykertyd God is, kan hy, as mens, met Goddelike krag die toorn en vloek en oordeel en straf van God oor die sonde van die mens dra.

2. Alleen so kan die rekening van God betaal word en kan die Verlosser as voldaan of kwitansie vir die betaling die geregtigheid en die ewige lewe ontvang en dit aan die mense teruggee.

3. Alleen as daar dus 'n wonder plaasvind, alleen as God ook mens word kan die rekening betaal word en kan ons uit die ellende verlos word.

Vraag 18:

Nou moet ons vra of daar werklik so ’n Verlosser en Middelaar is en wie Hy is.

Antwoord 18:

1. Die wonder het inderdaad gebeur. Daar is ’n Verlosser wat tegelykertyd waaragtige en regverdige Mens en waaragtige God is.

   *God het Mens geword.*

   *Die Verlosser is onse Here Jesus Christus.*

   God het Hom aan ons geskenk. Die betaling van die rekening en die verlossing uit die ellende is dus ’n heerlike gawe van God se genade.

2. *Nederlandse Geloofsbelydenis art. 20: “Ons glo dat God wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur aan te neem waarin die ongehoorsaamheid begaan is, om daarin te voldoen en te dra die straf van die sondes deur sy baie bittere lyde en sterwe. So het God dan sy regverdigheid getoon teenoor sy Seun toe Hy ons sondes op Hom gelê het (Hand. 17:31; Sef. 3:5); en Hy het sy goedheid en barmhartigheid oor ons uitgestort wat skuldig en doemwaardig was, aangesien Hy sy Seun vir ons in die dood gegee het deur ’n allervolmaakste liefde (Rom. 5:8) en Hom opgewek het tot ons regverdigmaking, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe deelagtig word (Ps. 103:8; Rom. 3:24-26).”*

   *Dordtse Leerreëls II, 2: “Maar omdat ons self geen voldoening kan gee om ons van die toorn van God te bevry nie, het God uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as borg aan ons gegee, wat vir ons of in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword het om vir ons te voldoen.”*

3. Jesus is aan ons geskenk tot wysheid, regverdigheid en heiligmaking. Hierdie drie is die beeld van God, soos in Sondag 3 geleer is. *Jesus maak dus die geskonde beeld van God nuut* en maak die mens so dat hy wel, deur Jesus, aan die eis van God se geregtigheid kan voldoen.

   En Jesus is geskenk tot *volkome verlossing*. Die herstelling van die beeld van God beteken dat ons volkome van ons ellende verlos word, dat die wet van God *volkome* volbring is, dat die rekening ten volle betaal is.

Vraag 19:

Dit is 'n heerlike saak om te hoor dat daar 'n Verlosser is en dat dit onse Here Jesus Christus is.

Maar, ons moet vasstel waaruit ons dit weet om te sien of dit alles die waarheid is.

Antwoord 19:

1. Ja, hierdie heerlike saak is heeltemal die waarheid. Ons weet dit uit die heilige Evangelie.

   Evangelie beteken blye of goeie boodskap. Die boodskap van die verlossing uit die ellende is inderdaad 'n blye boodskap. En ons lees dit in die hele Bybel. In die Paradys het God dit geopenbaar (Gen. 3:15); deur die aartsvaders en profete het Hy dit laat verkondig en deur die offerandes en seremonies laat afbeeld (seremonies wil sê die tempeldiens; die offer wys op die groot Offer, die hoëpriester op die groot Hoëpriester ens.) en dit in Jesus vervul.

   Ons lees dit mooi saamgevat in die *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 17: "Ons glo dat onse goeie God, nadat Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak het, deur sy wonderlike wysheid en goedheid die mens, toe hy al bewende van Hom weggevlug het, weer opgesoek en getroos het met die belofte om hom sy Seun te gee wat uit 'n vrou gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel en hom geluksalig te maak."*

   Ons noem die heilige Evangelie of die Bybel die *objektiewe kenbron* van ons verlossing.

**Onthou:**

Jou ellende is ontsettend groot. Jou verlossing uit die ellende is wonderlik groot, groter as die ellende self. Jou Verlosser is groot. Jy kan dit alles in die Bybel lees.

Jesus is ook vir jou gegee. Wees daarom ootmoedig dankbaar en lees en lees en lees die Bybel om telkens weer vir jouself die blye boodskap te hoor.

Pasop dat jou Bybel nie geslote bly nie — dan verheug die satan hom oor jou dwaasheid.

**Lees:**

Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 17 en 20; Dordtse Leerreëls, II, 2; Gen. 3:15; Jes. 53:4, 5; Hebr. 2:14-16; 1 Joh. 4 en 5.

(N.B. In Sondag 25 word uitvoerig gehandel oor die leer van die Woord van God volgens die N.G.B. art. 2—7).

## Hoofstuk 9: Sondag 7a -
## DIE VERLOSTES: WIE IS HULLE?

20. *Vraag:*

Word alle mense dan weer deur Christus verlos soos hulle deur Adam verdoem is?

*Antwoord:*

Nee, maar alleen dié wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem.

---

Vraag 20:

In Sondag 3 is geleer dat *alle* mense in en deur Adam verdoem is, d.w.s. dat die toorn van God op hulle rus.

Word *alle* mense nou ook deur Jesus Christus verlos? Of wie is dan die verlostes?

Antwoord 20:

1. Ons het hier met 'n uiters belangrike vraag te doen: Word alle mense deur Jesus verlos? Die antwoord is: NEE!

   *Nie alle mense word verlos nie, maar alleen die ware gelowiges*. Daar is skeiding tussen gelowiges en ongelowiges, mense wat gered word en mense wat ewig verlore gaan.

   Ons noem hierdie skeiding ook die uitverkiesing en die verwerping van God. En die uitverkiesingsleer is die *hart* van ons Gereformeerde leer. Daarom behandel ons in hierdie hoofstuk eers die uitverkiesing van God voordat ons met die Sondagafdeling verder gaan.

2. Die deel van die voorsienigheid van God wat handel oor die geestelike lewe van die mens, noem ons die *Voorbeskikking of die Predestinasie van God*.

   En die Predestinasie van God bestaan uit twee dele. *Vrymagtige verkiesing tot die ewige lewe en vrymagtige verwerping tot die ewige dood*.

3. *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 16: "Ons glo dat, nadat die ganse geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in verderf en*

*ondergang gestort is, God Homself sodanig betoon het as wat Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. Barmhartig: deurdat Hy uit hierdie verderf trek en verlos diegene wat Hy in sy ewige en onveranderlike raad uit louter goedertierenheid uitverkies het in Jesus Christus, onse Here, sonder om enigsins hulle werke in aanmerking te neem. Regverdig: deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het."*

4. Rom. 3:23; 5:12 en Ps. 14:3: Alle mense is deur die sonde in Adam verlore. Uit die verlorenes kies die barmhartige God 'n sekere aantal tot die lewe en laat die regverdige God die ander in hulle verderf bly. Dit word ook duidelik geleer in die *Dordtse Leerreëls I, 15: "Hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing word deur die heilige Skrif ons daardeur allermees aangewys en aangeprys dat dit bowendien getuig dat nie alle mense uitverkies is nie, maar sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is, naamlik diegene oor wie God besluit het om hulle na sy geheel vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae in die algemene ellende te laat bly waarin hulle hulself deur hul eie skuld gestort het, en hulle met die saligmakende geloof en die genade van die bekering nie te begiftig nie. Terwyl Hy hulle in hul eie weë en onder sy regverdige oordeel laat bly, het Hy besluit om hulle eindelik nie alleen oor die ongeloof nie, maar ook oor al die ander sondes, te veroordeel en ewiglik te straf om sy geregtigheid te openbaar. En dit is die besluit van die verwerping wat God geensins maak tot bewerker van die sonde nie — dit sou 'n godslasterlike gedagte wees — maar Hom stel tot 'n verskriklike, onberispelike en regverdige Regter en Wreker daarvan*."

5. In die 17e eeu is die leer van die uitverkiesing heftig bestry deur die Remonstrante in Nederland. As gevolg van dié stryd het die Sinode van Dordtrecht, 1618—1619, juis die Dordtse Leerreëls opgestel waarvan die eerste hoofstuk betrekking het op die leer van die uitverkiesing. Lees hierdie eerste hoofstuk goed deur.

6. Die uitverkiesing betref nie enkelinge nie, maar die gelowiges word in Christus verkies en die weg van die uitverkiesing is die genadeverbond. Dit word ons ook geleer in die Dordtse Leerreëls, I, 7. Deur die ware geloof staan ons in die genadeverbond en in die Hoof van die verbond, naamlik Christus. Daarom sê die Kategismus dat ons in Jesus ingelyf is deur 'n ware geloof. Verder sê Johannes

hiervan: "*Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:12).*

7. Kan ons van hierdie uitverkiesing sekerheid hê? Dit is 'n baie moeilike saak om te verklaar, maar nogtans is ons antwoord daarop: JA. Dit leer die *Dordtse Leerreëls ons mooi in I, 16: "Diegene wat die lewende geloof in Christus of die vaste vertroue van die hart, die vrede van die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus in hulle nog nie kragtiglik gevoel nie en nogtans die middele gebruik waardeur God beloof het om dit alles in ons te werk, hulle moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie, of ook hulle onder die verworpenes reken nie; maar hulle moet vlytig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag. Nog minder behoort diegene vir hierdie leer van die, verwerping te skrik wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, Hom alleen te behaag en van die liggaam van die dood verlos te word, alhoewel hulle op die weg van die godsaligheid en van die geloof nog nie sover kan kom as wat hulle graag sou wens nie; aangesien die barmhartige God beloof het dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie (Jes. 42:3). Maar hierdie leer is met reg verskriklik vir hulle wat God en Christus die Saligmaker nie ag nie en hulleself aan die sorgvuldighede van die wêreld en die welluste van die vlees geheel en al oorgegee het — solank as hulle nie met erns hulle tot God bekeer nie" (Hebr. 10:39).*

8. Sommige mense leer dat alles uiteindelik reg sal kom. Almal word versoen en salig gemaak, ook die duiwels. Maar dit is duidelik uit die Bybel dat dit 'n verderflike leer is.

9. Ander leer weer die algemene versoening. Christus het dan vir alle mense gesterf en Hy gee aan alle mense die *moontlikheid* om gered te word, die mens moet self die kans aangryp en as hy dit nie doen nie, gaan hy ewig verlore. Hierop antwoord juis die Kategismus as gespreek word van "alleen hulle wat deur 'n ware geloof ingelyf is". En dit is God wat ons inlyf — ons kan ons nie self inlyf nie.

10. In Adam is dus alle mense verdoem.

    In Christus word alleen die uitverkorenes gered.

Vrymagtig en regverdig laat God die ander in hulle regverdige verdoemenis lê.

11. Ons moet egter oplet dat in vraag 20 gepraat word van "inlyf" — dit is God se werk — en ook van "aanneem". Aanneem is óns werk in die verlossing. So sê Johannes dit ook in Joh. 1:12. Aanneem in ware geloof is ons werk, ons verantwoordelikheid. Die verlossing is dus werk van God maar daarby hef Hy nie ons verantwoordelikheid op nie. Ons moet aanneem, glo met 'n ware geloof.

**Onthou:**

Die leer van die uitverkiesing is die hart van ons geloofsleer. Laat dit nimmer los nie.

Die Here sal deur die genadige werking van sy Heilige Gees jou ook die heldere sekerheid van die geloof en die uitverkiesing gee. Bly daar altyd voor bid.

As jy die saak nie begryp nie — en hoe sal ons dit deurgrond omdat dit 'n groot geheimenis van God is — aanvaar dit dan gelowig en lewe daaruit. Wees verseker dat alle gelowiges dit eintlik nie verstaan nie maar dit wel ootmoedig aanneem in die geloof.

**Lees:**

Dordtse Leerreëls hoofstuk I; Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 16; Jes. 42:3; Rom. 3:23; 5:12 en Psalm 14:3.

## Hoofstuk 10: Sondag 7b – DIE VERLOSTES: HOE MOET HULLE WEES?

21. *Vraag:*

Wat is ’n ware geloof?

*Antwoord:*

’n Ware geloof is nie alleen ’n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook ’n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus.

22. *Vraag:*

Wat is dan vir ’n Christen nodig om te glo?

*Antwoord:*

Alles wat ons in die Evangelie beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

23. *Vraag:*

Hoe lui die artikels?

*Antwoord:*

1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde.
2. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here;
3. wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en neergedaal het na die hel;
5. wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
6. opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader;

7. vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode.
8. Ek glo in die Heilige Gees.
9. Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges;
10. die vergewing van sondes;
11. die wederopstanding van die vlees,
12. en ’n ewige lewe.

---

Vraag 21:

Ons vra hier na die ware geloof omdat daar ook skyn- of valse geloof bestaan.

*Tydgeloof* is nie ware geloof nie (*Luk. 8:13: “En dié op die rots is hulle wat die woord met blydskap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir ’n tyd glo, en in die tyd van versoeking val hulle af”*).

*Historiese geloof* is nie ware geloof nie (*Hand. 26:27: “Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo”*, maar tog was Agrippa geen gelowige nie).

’n *Wondergeloof* is ook nie die ware geloof nie (*Luk. 17:11-19), Die nege het alleen in die wonder geglo*).

Antwoord 21:

1. Met ’n ware geloof bedoel ons die geloof wat *salig maak*.
2. Die ware geloof bestaan uit twee dele, naamlik *die gewisse of sekere kennis en die vaste vertroue*.

   Die twee dele behoort altyd bymekaar en kan nie geskei word nie. Die ware gelowige wat die kennis het, het ook die vertroue en omgekeerd. Die waaraglige kennis van God en sy Woord sluit altyd die persoonlike vertroue in.
3. Die gewisse kennis beteken dat ons die Woord van God ken en dat ons alles wat Hy ons daarin geopenbaar het, as die waaragtige waarheid beskou. En in die Bybel openbaar God Hom aan ons of laat

Hy Hom aan ons ken as die Vader van onse Here Jesus Christus, ons Verlosser. As ons Hom nie só ken nie, ken ons Hom nie en mis ons die gewisse geloofskennis, al weet ons met ons verstand presies en alles wat in die Bybel staan.

4. Saam met die gewisse kennis gaan die vaste vertroue. Dié vertroue word deur die Heilige Gees in ons hart gewerk en Hy gebruik daarvoor die Evangelie en ook die gewisse kennis van die Evangelie. En die vaste vertroue laat ons met groot sekerheid sê: Dit is ook vir my! Al die beloftes van die Evangelie is nie alleen vir ander nie, nie net vir die heiliges uit die Bybel en vir gelowiges om my heen nie, maar ook vir my. Ek is die sondaar; ék verdien die ewige dood; ék word verlos deur Jesus Christus.
5. En wat weet en aanvaar en vertrou ons dan deur die ware geloof? Deur die ware geloof staan vir ons vas:
   a. ook aan ons kom toe die *vergewing van sondes*, want God het ons sonde op Christus gelê;
   b. ook aan ons kom toe die *ewige geregtigheid*, want deur die geloof word ons geregverdig;
   c. ook aan ons kom toe die *ewige saligheid*, want God het ons uitverkies tot die ewige lewe in die ewige heerlikheid na liggaam en siel.
6. Maar let op: God skenk al hierdie dinge aan ons uit *loutere genade*, alleen ter wille van die verdienste van Jesus. Niks is van onsself nie — alles van die Here.

Vraag 22:

Hier word gevra na die inhoud van ons geloof. Dit is 'n baie belangrike vraag.

Antwoord 22:

1. Die ware geloof, soos ons dit leer in vraag 21, is die kennis van God en sy Woord en die vertroue op die genade van die Vader. Die inhoud van ons geloof moet dus die Bybel wees, die hele Woord van God en alles wat ons daarin belowe word.

Ons mag nie die inhoud van ons geloof willekeurig gaan vasstel nie, ons mag nie ons eie teorieë of beskouinge daarvoor in die plek stel nie.

Sommige mense meen dat hulle wel kan glo wat in die Bybel staan mits hulle Genesis 1 en 2 daaruit neem en nie die skepping aanvaar nie maar wel 'n soort ewolusie.

Sommige mense ruk weer die Bybel uit verband of verwerp die Ou Testament of skrap sekere dele en tekste.

Sommige ander beskou die Bybel weer nie as die Woord van God nie maar die woorde van mense. Buite die Bybel om wil hulle dan in God glo.

2. Dit is alles verkeerd. Die inhoud van ons geloof is die hele Bybel. En die hele Bybel word kort saamgevat in die bekende Twaalf Artikels van ons ongetwyfelde Christelike geloof. Dit begin immers by die Skepper en die skepping en eindig by die ewige lewe, dit is van Genesis tot Openbaringe.

   Die Twaalf Artikels staan bekend as *Die Apostoliese Geloofsbelydenis*. Die Kategismus noem dit ook 'n algemene geloofsbelydenis. Alle Christelike kerke, ook die Roomse Kerk, het hierdie 12 artikels as belydenis. Wie buite hierdie belydenis gaan, plaas homself inderdaad buite die Christendom.

3. Die Apostoliese Geloofsbelydenis is die oudste belydenis van die kerk. Die doopsbevel was vir die vorming van die belydenis die uitgangspunt, *Matth. 28:18: "doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees"*. Rondom hierdie formule heen het die belydenis gegroei onder leiding van die Heilige Gees; in die 2e eeu het dit reeds begin en die groei is ongeveer in die jaar 500 voltooi en dit word in die 8e eeu amptelike belydenis van die kerk. Alles wat daarin staan is ooreenkomstig die Woord van God en die taal van die belydenis is ook baie na aan die taal van die Bybel.

**Onthou:**

Jy moet die ware geloof deelagtig wees. Daarom moet jy kennis en vertroue hê. Die kennis kry jy deur die Heilige Gees uit die Bybel. Bly daarom ernstig en ywerig die Bybel lees, elke dag van jou lewe. Dan

sal jy ook die vertroue in jou bemerk; die vertroue dat die Here Jesus ook vir jóú is.

Glo die hele Bybel. Laat jou nie verlei om dele van die Bybel te verwerp of te skrap nie. As jy iets nie begryp nie of as jy dink dat daar iets teenstrydigs in die Bybel is, vra iemand wat weet.

**Lees:**

Hebr. 11:1; Psalm 2:12; Matth. 7:13, 14; Joh. 3:16; 1 Joh. 4:1 e.v.

# Hoofstuk 11: Sondag 8 –
# DIE GODDELIKE DRIE-EENHEID

24. *Vraag*:

    Hoe word hierdie artikels verdeel?

*Antwoord:*

In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; dié tweede, oor God die Seun en ons verlossing; die derde, oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

25. *Vraag*:

    Aangesien daar maar ’n enige Goddelike wese is, waarom noem jy die Vader, die Seun en die Heilige Gees?

*Antwoord:*

Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat die drie onderskeie Persone die enige, waaragtige en ewige God is.

---

Vraag 24:

Voordat die artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis afsonderlik behandel word, word eers gevra na die verdeling daarvan.

Antwoord 24:

1. Die Twaalf Artikels word in drie dele verdeel. Eintlik is die woorde “Ek glo in God” ’n soort inleiding vir die hele belydenis.

   Daarop volg dan die drie dele:

   1. “In God die Vader — ons Skepper”.
   2. “In God die Seun — ons Verlosser”.
   3. “In God die Heilige Gees — ons Heiligmaker”.

   Dit is nie ’n ydele herhaling van die Naam van God nie, maar ’n vrome en ootmoedige belydenis, van die inhoud van ons ware geloof die geloof wat vir ons alles is want daardeur word ons in Christus ingelyf Inderdaad, ons glo in God – “*uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge” (Rom. 11:36)*. Aan Hom alleen die lof en eer tot in alle

ewigheid. Wat sou ons wees sonder God? En sonder ons geloof in God?

2. Met die herhaling tot driemaal toe word aan ons gegee die hele openbaring van God in sy Woord. Die artikels handel naamlik oor God die Vader wat alles geskape het en dit nog onderhou en regeer, ook ons.

   En oor Jesus Christus wat die gelowige sondare verlos, ook ons. En oor die Heilige Gees wat die verlostes heilig maak, ook ons.

Vraag 25:

In die vraag word die EEN-heid van God beklemtoon as gevra word na die DRIE-eenheid van God.

Daar is immers maar één God. Waarom noem ons dan drie?

Antwoord 25:

1. God is EEN WESE en DRIE PERSONE. So het die Here Homself in sy Woord geopenbaar en so aanvaar ons dit gelowig.

   *Deut. 6:4: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE" (Die Engelse teks is ook baie mooi: "Hear ye, O Israel, the Lord our God, the Lord is One")*. Teenoor die heidene met die baie gode, afgode (veelgodedom of politeïsme) moes Israel weet dat daar net een ware en ewige God is – die "HERE, 'n enige HERE.

   Maar dit blyk oorvloedig uit die Bybel dat die HERE drie Persone is; telkens word die drie Persone of die werkinge van die drie bymekaar genoem: *Gen. 1:26: "Laat ONS mense maak"; Num. 6:26-26; Luk. 1:35: "Die HEILIGE GEES sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, SEUN van God genoem word"; Luk. 3:22: "en die HEILIGE GEES het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is My geliefde SEUN: in U het EK 'n welbehae"; Matth. 28:19: "en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."* Daar is nog baie sodanige Skriftuurplekke.

2. God openbaar Hom dus as een Wese maar drie Persone. Hoe dit moontlik is, weet ons nie; ons kan die Wese van God nie verstaan nie en neem sy openbaring in geloof aan. Maar al kan ons God nie *begryp*

nie, kan en moet ons Hom tog *ken*. En ons ken die Here HERE as die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

*Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 8: "Volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God, glo ons in 'n enige God, 'n enige wese waarin drie persone is, inderdaad en werklik en van ewigheid onderskeie volgens hulle onmededeelbare eienskappe: naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle dinge, sigbare sowel as onsigbare. Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader, Die Heilige Gees, die ewige Krag en Moondheid, wat uitgaan van die Vader en die Seun. Só nogtans dat hierdie onderskeiding nie teweegbring dat God in drie gedeel is nie, aangesien die heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy selfstandigheid het wat onderskeie is deur sy eienskappe; maar dan so dat hierdie drie persone maar een enige God is. So is dit dan duidelik dat die Vader nie die Seun is nie, en dat die Seun nie die Vader is nie, dat ook net so die Heilige Gees nie die Vader is nie en ook nie die Seun nie. Intussen is dié Persone, so onderskeie, nie gedeel nie en ook nie onderling gemeng nie. Want die Vader het die vlees nie aangeneem nie, ook nie die Heilige Gees nie, maar die Seun alleen. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie; want hulle is al drie gelykelik ewig in een en die selfde wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie; want hulle is al drie een in waarheid, in moondheid, in goedheid en barmhartigheid."*

In die volgende artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis word die bewysplekke uit die Bybel vir artikel 8 behandel.

(Vgl. ook die Geloofsbelydenis van Nicéa (bl. 99 Psalmboek) en van Athanasius (bl. 100) wat in die inleiding van die algemene geloof of van die geloof in die drie-eenheid van God dit sê: "die een wat dit nie geheel en al ongeskonde bewaar nie, hy sal ongetwyfeld ewiglik verlore gaan".)

4. Verkeerde leer aangaande die drie-eenheid van God tref ons aan by:

   Die *Arianisme* wat leer dat daar drie Persone is, maar wat die eenheid van God se wese laat verlore gaan.

   Die *Sabellianisme* leer die eenheid van God en verloën die drie-eenheid; God het Hom slegs op drie maniere geopenbaar.

Die *Unitariërs* leer een wese en een Persoon van God; die Heilige Gees en die Seun word wel deur hulle genoem maar hulle is nie Goddelike Persone nie.

**Onthou:**

Hou vas aan die leer van die drie-eenheid van God, want so het God Hom in sy Woord geopenbaar. Jy kan die wese en bestaanswyse van God nie verklaar en verstaan nie. Maar jy moet God ken soos Hy Hom geopenbaar het en soos jy dit lees in die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 2.

Die Vader is ook jóú Vader; die Seun is ook jóú Verlosser en die Heilige Gees is ook jóú Heiligmaker.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem en ook Jes. 61:1 e.v.: 2 Kor. 13:13; Openb. 1:4-6; N.G.B., 2, 8 en 9.

## Hoofstuk 12: Sondag 9 –
## GOD DIE VADER EN ONS SKEPPING

26. *Vraag*:

Wat glo jy met hierdie woorde: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde?

*Antwoord:*

Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het, wat ook deur sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer ter wille van sy Seun Jesus Christus my God en my Vader is; op wie ek so vertrou dat ek nie twyfel nie of Hy sal my met alles wat nodig is vir liggaam en siel versorg en ook al die kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal beskik, my ten beste bestuur, omdat Hy dit kan doen as ’n almagtige God en ook wil doen as ’n getroue Vader.

---

Vraag 26:

Die Twaalf Artikels wat ’n kort samevatting is van alles wat ons moet glo, word nou in besonderhede behandel. As na die betekenis van die eerste artikel gevra word, moet ons op die volgende woorde let: God, Vader, Almagtig, Skepper en ook skepping.

Antwoord 26:

1. Ek glo *in* God. Die woordjie *in* is baie belangrik. Geloof *in* sien op ’n baie innige gemeenskap met God deur sy Heilige Gees. Deur die gemeenskap met die Heilige Gees kan ons sê: Ek glo in God; kinderlik ootmoedig bely ek die bestaan van God, erken ek my diepe afhanklikheid van Hom en voel ek my nietigheid voor die grote God.

2. *En God is die ewige Vader van onse Here Jesus Christus*.

   Dit het ons ook reeds in die vorige Sondag geleer. *Psalm 2:7: “U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer”. Kol. 1:15: “Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping”. Hebr. 1:3: “Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese”*.

3. Ter wille van sy Seun is God ook ons Vader. Die HERE is my God en my Vader ter wille van die verdienste van Jesus Christus. Vir die gelowige is dit 'n baie groot saak. God is groot en ewig en almagtig en die Vader van Jesus Christus; Hy is bo alle dinge verhewe. Maar tog is Hy ook ons Vader, naby ons met sy liefde en ontferming en genade in Jesus.

   *God is ook die Almagtige:*

   Hy kan alles wat Hy wil, in Homself is Hy algenoegsaam, daar is geen grens aan sy mag of moëndheid nie. Wat 'n heerlike belydenis om te kan sê dat Hy, die Almagtige, ons Vader is.

4. Vader beteken ook *oorsprong*. God is die Vader van Jesus en ook ons Vader, maar daarby is Hy ook die Vader van die skepping, die oorsprong van alles, *die Skepper van hemel en aarde*.

   In ses dae het God die hemel en die aarde en alles wat daarin en daarop is, geskape. Van die skepping lees ons in Gen. 1 en 2. In volgorde het die HERE geskape: lig, lug en land (met die plante) op die 1e, 2e en 3e dag; draers van die lig, voëls in die lug en visse in die see en die bewoners van die land (diere en mense) op die 4e,. 5e en 6e dag.

5. Alleen God is die Skepper en om te skep beteken om iets voort te bring uit niks buite die Skepper self. En God het deur sy Woord geskape; telkens het God gespreek en dit was (*Psalm 33:9: "Want HY het gespreek, en dit was; HY het gebied, en dit staan"*).

6. En die Woord van God is ook die Seun van God (Joh. 1:3) daarom sê ons dat die Vader deur die Seun alles geskape het of dat die Seun Skeppingsmiddelaar is.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 12a: "Ons glo (Hebr. 11:3) dat die Vader (1 Kor. 8:6) deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun (Joh. 1:3), die hemel, die aarde en alle skepsele uit niks (Rom. 4:17b) geskape het (Gen. 1:1) toe dit, Hom behaag het (Op. 4:11b); en Hy het aan elke skepsel sy wese, gestalte ... en gedaante en verskillende dienste (ampte) gegee om sy Skepper te dien."*

7. Die doel van die hele skepping en van elke skepsel is uiteindelik die verheerliking van God in al sy werke. Ons en alle skepsele moet God eer, maar veral ons omdat ons die kroon van die skepping is.

8. Ons glo dat die skeppingsverhaal van die Bybel absoluut die waarheid is soos dit letterlik daar staan; Genesis 1 moet nie vergeestelik word nie en ook nie vermenslik nie; dit is Woord van God, waarheid en waaragtige geskiedenis.

   Maar baie mense verwerp Genesis 1 en 2 geheel of gedeeltelik. Daar is veral die baie sterk en verderflike *ewolusieleer* of *ewolusionisme*. Daarvolgens het God nie geskape nie maar het alles langs die weg van ontwikkeling tot stand gekom en ontwikkel alles vandag nog *na 'n sekere volheid*.

   Sommige mense probeer skepping en ewolusionisme op een of ander manier bymekaar bring. Ook dit is verkeerd.

   Ander beskou die skeppingsverhaal as blote versinsel, as outydse fabels.

   Die Roomse Kerk het probeer om 'n kompromie te vind tussen die skeppingsverhaal van die Bybel en die resultate van *natuurwetenskaplike ondersoek. Die feit van die skepping word wel deur hulle erken*, maar nie die kronologie of opeenvolging daarvan nie, dit is die volgorde van die skepping in ses dae. Wat dit betref, sê hulle is Gen. 1 en 2 aangepas aan die kinderlike en tegelyk oosterse fantasie van die Joodse volk van daardie tyd. En daarmee het die Roomse Kerk die gesag van die Skrif ingeboet.

9. God onderhou en regeer die ganse skepping ook deur sy Goddelike voorsienigheid. Hieroor word in die volgende Sondag verder gehandel.

10. Maar wat beteken hierdie dinge alles vir die gelowige?

    As ons God onse Vader mag noem deur Christus Jesus, vertrou ons ook kinderlik gelowig op Hom. By die gelowige hoef geen oomblik twyfel te ontstaan oor die troue sorg van die Vader nie; Hy versorg ons met alles na siel en liggaam en Hy hou ons van oomblik tot oomblik in stand.

    Maar nog meer as dit: Die kwaad wat God oor my beskik in hierdie jammerdal, beskik Hy my ten goede, bestuur Hy ten beste. So spreek die geloof: Die kwaad wat oor my kom, word deur God beskik — let op: Hy is nie die oorsaak van die kwaad nie — maar altyd is dit vir my ten beste. Allerlei teenspoed en krankheid en

smarte — dit alles word deur God aangewend vir my ten beste. En dan sê die gelowige ook nog van dié versorging en beskikking van God: God is almagtig — Hy kan al die dinge doen; maar God is ook Vader, getrou en goedertieren — Hy wil dit ook alles doen. Inderdaad, God is algenoegsaam in Homself want Hy kan wat Hy wil.

*Psalm 130:5: "Ek wag op die Here; my siel wag, en ek hoop op sy woord."*

*Psalm 55:23: "Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou."*

*Matth. 6: Kwel julle nie oor die dag van môre nie. Die HERE sorg en voorsien.*

**Onthou:**

Deur Jesus Christus is die HERE God jou Vader en is jy sy kind. Vertrou daarom op Hom as jou getroue Vader.

Wees klein en ootmoedig want God is groot, Hy is almagtig, Hy is Skepper en Onderhouer van die ganse heelal. Ver verhewe is Hy bo alles en bo jou. Maar, en wees daaroor gelowig dankbaar, Hy is ook baie naby jou in Jesus, want Hy is jou Vader.

Hou vas aan jou belydenis en beleef dit, naamlik: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde.

**Lees:**

Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 12; Gen. 1; Psalm 104; Kol. 1 en Hebr. 1.

## Hoofstuk 13: Sondag 10 –
## GOD DIE VADER EN SY VOORSIENIGHEID

27. *Vraag:*

Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

*Antwoord:*

Die almagtige en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom.

28. *Vraag:*

Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskape het en nog deur sy voorsienigheid onderhou?

*Antwoord:*

Dat ons in alle teëspoed geduldig, in voorspoed dankbaar moet wees, en in alles wat nog oor ons kan kom, 'n vaste vertroue moet stel op onse getroue God en Vader, dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsele so in sy hand is, dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.

---

Vraag 27:

In antwoord 26 is van die voorsienigheid van God gespreek. Hier word nou na die betekenis daarvan gevra.

Antwoord 27:

1. Wat beteken die woord "voorsienigheid"? In die woord lê daar twee sake opgesluit, naamlik dat God *vooruit sien* en dat God *voorsien, sorg vir, in stand hou*.

   Sommige mense praat van God as "die Voorsienigheid". Dit is verkeerd want die voorsienigheid is nie God self nie maar wel iets van God. Die HERE is baie meer as sy voorsienigheid.

2. In ses dae het die HERE die hemel en die aarde uit niks geskape. Op die sewende dag het Hy gerus (Gen. 2:1-3). Die rus van God beteken nie dat Hy na die ses dae die skepping aan sy lot oorgelaat het nie. Nee, die Vader het van die skepping gerus, Hy het opgehou om te skep, maar nie opgehou om te werk nie. Hy werk nog steeds deur sy voorsienigheid. God bly Hom met die skepping bemoei, van oomblik tot oomblik deur al die eeue heen omdat *Hy nie laat vaar die werke van sy hande nie, (Psalm 138:8)*.

3. Die voorsienigheid van God die Vader, sy werksaamheid na die skepping, word ons geopenbaar in die onderhouding, die werking van die mens in *die onderhouding en die regering van God oor die ganse skepping*.

    a. Die onderhouding:

    Onder-hou beteken dat God die Vader sy almagtige hand onder die skepping hou. As Hy sy hand sou wegneem, sou alles ineenstort en vergaan. Alles en alles is geheel en al van God se onderhouding afhanklik. HY sorg, van die kleinste tot die grootste, dat niks of alles nie ten gronde gaan nie.

    God dra die skepping deur die Woord van sy krag (Hebr. 1:3), die hele skepping lewe uit sy hand (Psalm 104:22), by Hom is die bron of die fontein van die lewe (Psalm 36:10a), Hy stel die baan van die sterre vas (Jes. 40:26), Hy bepaal die jaargetye (Gen. 8:22) en Hy gee self "*aan almal lewe en asem en alles*" (Hand. 17:25).

    b. Die medewerking:

    Maar God het in sy onderhouding die mens as medewerker aangestel. Dit beteken nie dat God en mens gelykgestel word nie, maar wel dat God die mens in sy diens neem sodat Hy, vir sover dit Hom behaag, die krag van die mens gebruik om sy skepping te onderhou en sy werk te voltooi (*1 Kor. 3:9: "Want ons is medewerkers van God"*). So bly God altyd die eerste oorsaak van alle dinge en maak Hy die mens tot tweede oorsaak van dieselfde sake. God gee brood — eerste oorsaak — maar ons moet daarvoor werk, saai, oes, maal, knie, bak en op tafel sit — die tweede oorsaak.

    Ook vir ons geestelike lewe bedien God Hom van die medewerking van die mens (*2 Kor. 6:1: "En as medewerkers*

*vermaan ons julle ook dat julle die genade van God nie tevergeefs mag ontvang nie"; Rom. 10:14b: "En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?"*).

c. Die regering:

   In die onderhouding van die skepping lei God die ganse skepping deur sy regering tot die einddoel van die skepping, naamlik sy eer en die verlossing uit die sonde en die dood. Niks gebeur dus buite die wil en regering van die Vader om nie, selfs nie die alledaagse dinge soos reën en droogte en die ander sake wat die Kategismus noem nie.

   En daar is ook niks wat by toeval gebeur nie. Daar is nie so iets nie, want met 'n vaste hand en alomteenwoordige krag regeer God alles. HY is die Koning en Hy hoef nie van gebeurtenisse op hoogte gestel te word nie — Hy weet dit, voorsien dit, lê dit van ewigheid vas in sy raad (Ps. 93, 96, 97, 99).

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 13a: "Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskape het, hulle nie laat vaar het of aan die toeval of die geluk oorgegee het nie, maar hulle na sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie, alhoewel God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra van die sonde wat gedoen word nie. Want sy mag en goedheid is so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en doen, selfs wanneer die duiwels en die goddelose onregverdig handel. En met betrekking tot die dinge wat Hy doen bo die begrip van die menslike verstand, wil ons nie 'n nuuskierige ondersoek instel wat ons begrip nie kan bevat nie; maar ons aanbid met alle ootmoedigheid en eerbied die regverdige oordele van God, wat vir ons verborge is, en ons stel ons daarmee tevrede dat ons leerlinge van Christus is om alleen te leer ken wat Hy ons aanwys in sy Woord sonder om hierdie perke te oortree."*

4. Verkeerde leer in hierdie saak is van die Deïsme:

   Die leer dat God alles geskape het en dit toe laat staan het soos 'n horlosiemaker 'n horlosie opwen en laat loop en daar alleen na kyk as iets verkeerd gaan; daar is geen voorsienigheid nie maar net toeval.

En ook die Pantheïsme wat leer dat God en skepping een is; daar is geen voorsienigheid nie maar net noodlot.

6. Let ook op dat die voorsienigheid nie die verantwoordelikheid van die mens ophef nie. Alles kom van God en word deur Hom regeer, maar ons bly vir ons dade en woorde en gedagtes verantwoordelik.

Vraag 28:

Is daar in hierdie leerstuk van die voorsienigheid van God ook enige troos? Baat dit ons iets dat ons dit alles weet?

Antwoord 28:

1. Vir die gelowige is die voorsienigheid van God tot groot troos. Ons weet daardeur dat alles van God kom en God is goed en God het ons lief in Christus Jesus.
2. In teenspoed kan ons daarom baie geduldig wees. Ons aanvaar die teenspoed omdat dit van God kom en ons probeer dit nie vergeet deur plesier of dit verdrink of ontvlug nie of daarteen in opstand kom nie, maar ons buk en ly in geloofsvertroue dat God dit ten goede sal keer (Ps. 39:10; Jak. 5:11; Rom. 5).
3. In voorspoed is ons dankbaar. Ook dit kom van God en ons dank Hóm daarvoor. Maar in tye van voorspoed word God so dikwels vergeet (Kol. 3:15; 1 Thes. 5:18; Matth. 26:30; Ps. 73:26; Fil. 6:4).
4. En wat die toekoms betref, ons weet dat dit veilig is in die hand van die Here. Nimmer sal God iets of iemand my van sy liefde laat skei nie. Die gelowige gaan die toekoms rustig tegemoet en raak nie paniekerig nie want hy vertrou op die Here (Rom. 8).

*Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 13b: "Hierdie leer bied ons 'n onuitspreeklike troos as ons daardeur onderrig word dat niks by toeval oor ons kan kom nie, maar deur die beskikking van ons goedertiere hemelse Vader, wat oor ons waak met 'n vaderlike sorg en alle skepsele so onder sy heerskappy hou dat nie een haar van ons hoof — want hulle is almal getel — ook nie een mossie op die aarde kan val nie sonder die wil van onse Vader. Daarop verlaat ons ons omdat ons weet dat Hy die duiwels in toom hou en al ons vyande, wat ons sonder sy toelating en wil geen skade kan doen nie. Wat dit betref verwerp ons die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat leer dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat."*

**Onthou:**

Lewe met blymoedigheid uit die leer van die voorsienigheid van God. Dit sal jou veel troos bied in jou lewe en baie vraagtekens wegneem. Maar bly onthou dat die voorsienigheid van God nie jou eie verantwoordelikheid wegneem nie. Jy bly verantwoordelik, jy bly die skuldige as jy oortree.

Wees geduldig en dankbaar en vas vertrouend.

**Lees:**

N.G.B. art. 13, die tekste hierbo genoem en ook Psalm 95, Jes. 40:25 e.v.; Matth. 6:25 e.v.; Rom. 8:31-39.

## Hoofstuk 14: Sondag 11 – JESUS, DIE SALIGMAKER

29. *Vraag:*

Waarom word die Seun van God Jesus, dit is Saligmaker, genoem?

*Antwoord:*

Omdat Hy ons salig maak en van al ons sondes verlos; en verder dat by niemand anders enige saligheid te soek of te vinde is nie.

30. *Vraag:*

Glo húlle dan ook in die enigste Saligmaker Jesus, wat hulle saligheid en welsyn by die heiliges, by hulleself of êrens anders soek?

*Antwoord:*

Nee; maar hulle verloën met die daad die enigste Heiland Jesus, ofskoon hulle met die mond in Hom roem; want één van twee: óf Jesus is geen volkome Saligmaker nie, óf die wat hierdie Saligmaker met 'n ware geloof aanneem, moet alles in Hom hê wat vir hulle saligheid nodig is.

---

Vraag 29:

Die Kategismus begin nou met die tweede deel van die Apostoliese Geloofsbelydenis, naamlik oor God die Seun en ons Verlossing.

Die tweede artikel word behandel in Sondag 11 tot 13. Die betekenis van Jesus se Name word nagegaan.

Antwoord 29:

1. *Die Naam Jesus is die Persoonsnaam van ons Heiland*.

   Dit is 'n gewone, en in die tyd van Jesus, baie bekende mense naam. Dat die Seun van God so 'n heel gewone naam ontvang wys ons reeds op die vernedering van Jesus om ons ontwil.

2. In die Ou Testament kom die naam Jesus voor as Josua of Hosea (Num. 13:16) en dit beteken: Die *HERE is heil* of *die HERE red*. In die Naam Jesus is dus ook die Naam HERE, Jahwe.

God self het hierdie naam deur sy engel eers aan Maria (Luk. 1:31) en daarna aan Josef (Matth. 1:21) bekend gemaak. Daarom noem Josef die Kindjie Jesus (Luk. 2:21).

3. In Matth. 1:21 word aan Josef tegelykertyd die verklaring van die naam Jesus gegee: "*Want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*"

   As ons dus die Naam Jesus uitspreek, wéét ons: Daarin is 'n belofte van verlossing, en bely ons: Die HERE red of gee heil. En dit is ook die volle betekenis van die Naam Jesus: Hy is *Saligmaker* want Hy verlos ons van al ons sondes. Hy maak Ons salig. Salig beteken: vol-heil of volkome of volmaak heilig, ongeskonde in heiligheid en heerlikheid. En so kan ons alleen wees as ons *geheel en al* van ons ellende bevry word. Dit is dus 'n volkome verlossing; daarom is Jesus die *Volkome Saligmaker*.

4. Maar hierdie saligheid kan ook nie by iemand anders gesoek word nie. Jesus alleen verlos en red; Hy is die Enigste en Waaragtige Saligmaker (*Hand. 4:12: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie"*).

   Tog is daar mense wat die saligheid by hulleself of by iemand anders soek. Lees daarvoor Sondag 5 weer oor. Hulle vind die saligheid egter nooit nie want buite Jesus om is daar geen redding nie. Eintlik is dié soort mense baie bejammerenswaardig in hulle tevergeefse gesoek na en geploeter om redding terwyl hulle Jesus verwerp.

Vraag 30:

Hierdie vraag gaan veral teen die Roomse Kerk met sy verderflike leer. Die vraag is: Glo sulke mense? Is hulle wel gelowig as hulle die saligheid by of óók by iemand anders soek?

Antwoord 30:

1. Jesus is Saligmaker. Hy is die enigste, waaragtige en volkome Saligmaker. Wie Hom met 'n ware geloof aanneem, het alles in Hom vir hulle saligheid.

   *Alleen die ware gelowiges word dus salig gemaak*.

2. Wie Hom nie met ’n ware geloof aanneem nie, en wat sy enigheid en waaragtigheid en volkomenheid nie erken nie, verloën Hom met die daad al bely hulle Hom met die mond.

3. Die Roomse Kerk beskou die werk van Jesus tot saligmaking nie as volkome nie. Dit moet aangevul word deur die werk of die voorbidding van die heiliges of deur eie goeie werke of deur ander se goeie werke. So word Jesus ’n onvolkome Saligmaker en elke aparte gelowige moet eers die onvolkomenheid aanvul voordat die saligheid werklikheid kan word.

   Wat is Jesus dan vir ons? Dink aan die verskriklike ellende waaruit ons verlos moet word en aan ons eie onmag om dit te doen. Dink aan die rekening van God en aan sy toorn wat alleen deur Homself gedra kan word. As Jesus dan onvolkome was, sou ons immers in der ewigheid nog nie verlos word nie want God vereis ’n volkome betaling.

**Onthou:**

As jy Jesus sê, sê jy ook: Saligmaker — alleen, waaragtig, volkome. Jy is nietig en onmagtig. Jesus verlos jou en maak jou vol-heil, salig. Pas op om nie jou redding by jouself of iemand anders te soek nie. Pas op vir die groot afgod “Materie” (materialisme) en die groot afgod “Mens” (humanisme). Soek daagliks jou waaragtige en volkome verlossing by Jesus alleen en jy sal dit deur die ware geloof vind.

**Lees:**

Jes. 25:9; Matth. 1:21; Luk. 1:31; Luk. 2; Hand. 4:12 en Filip. 2:11.

## Hoofstuk 15: Sondag 12 – JESUS CHRISTUS, DIE GESALFDE

31. *Vraag:*

Waarom word Hy Christus, dit is Gesalfde genoem?

*Antwoord:*

Omdat Hy deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het; en tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offerande van sy liggaam verlos het en vir ons met sy voorbidding gedurig deur intree by die Vader; en tot ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar.

32. *Vraag:*

Maar waarom word jy ’n Christen genoem?

*Antwoord:*

Omdat ek deur die geloof ’n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing, sodat ek sy Naam kan bely, myself as ’n lewende dankoffer aan Hom kan toewy, met ’n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer.

---

Vraag 31:

*Christus is die Ampsnaam van Jesus.*

Die Naam “Jesus” sê ons dat die Here salig maak; die Naam “Christus” sê ons hoe Hy dit doen en wat Hy alles doen.

Antwoord 31:

1. *Die Naam Christus beteken Gesalfde.*

Dit is ’n Griekse woord. In die Ou Testament word die Hebreeuse woord Messias gebruik.

Die salwing was in die Ou Testament beeld daarvan dat aan iemand deur God *lig* (wysheid) en *glans* (heerlikheid) geskenk is vir die uitoefening van die amp. In die skittering van die salfolie kan die afbeeldende lig en glans gesien word. Profete, priesters en konings is gesalf.

2. *Salwing geskied tot 'n amp of ampte.*

   Adam het as die beeld van God 'n amp voor God beklee, soos gesien is in Sondag 3. Dié amp was drieërlei en in die voltooiing van die ampswerk sou Adam die ewige lewe ontvang het. Maar deur die sonde het Adam sy amptelike diens verlaat en wou hy in die diens van God nie meer profeet, priester en koning wees nie. Maar daarmee was ook die weg tot die ewige lewe afgesluit omdat dit alleen bereik kan word in die amptelike diens van die mens voor God.

   Daarom het God in die Ou Testament profete en priesters en konings geroep en laat salf tot amptelike diens, maar hulle het deur hulle diens altyd heengewys na die komende Messias, die Christus, die Gesalfde, die Verlosser.

3. Daarom word Jesus die Gesalfde genoem; Hy word gesalf en van ewigheid verordineer om die amptelike diens voor God te herstel en daardeur die ewige lewe te verwerf. Jesus Christus word daarom ook met die Heilige Gees gesalf (*Hand. 10:38: "— met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag"*). (In die Ou Testament was die salfolie simbool van die Heilige Gees.)

   Die salwing van Jesus vind plaas met sy doop deur Johannes die Doper (Mark. 1:9-11).

4. Jesus is tot drieërlei amp gesalf:

   a) *Hoogste Profeet en Leraar:*

      Op aarde het Jesus die wet en die profete vervul, onderwys gegee en oor die toekoms geprofeteer. Vanuit die hemel het Hy die Nuwe Testament deur sy Gees gegee en sorg Hy nog vir die diens van die Woord. So openbaar Hy en het Hy geopenbaar die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing.

b) *Enigste Hoëpriester:*

Op aarde het Jesus barmhartigheid aan die ellendiges betoon en is Hy die Hoëpriester én die Offerlam op Golgota (1 Joh. 2:2). In die hemel is Hy as Hoëpriester ons Voorspraak by die Vader (Rom. 8:34; 1 Joh. 2:1b).

c) Ewige Koning:

Jesus is die gebore Koning. Op aarde sê Hy dit aan Pilatus en dit staan ook as opskrif bo die kruis. Aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op aarde (Matth. 28:18b). In die hemel troon Hy as Koning aan die regterhand van die Vader. Hy regeer die hele wêreld en beskerm sy kerk by die verlossing teen die poorte van die hel totdat die koninkryk van God in volkomenheid gekom het (1 Kor. 15:28).

5. So herstel Jesus Christus die oorspronklike amp en die bediening daarvan voor God ter verkryging van die ewige lewe. Hy het hierdie ampte ook vir ons herstel, sodat ons dit ook kan en moet beklee.

Vraag 32:

Hierdie vraag behandel die herstelde amp soos dit nou by die gelowiges aangetref moet word.

’n Christen is ’n volgeling van Jesus: iemand wat in Hom glo. (Die naam Christen is vir die eerste keer gebruik in Antiochië, Hand. 11:26.)

Antwoord 32:

1. Ook ons, gelowiges, moet in ons amp van profeet, priester en koning herstel word om die verlossing van die sondes en die ewige lewe te ontvang. Maar dit is juis wat gebeur deur die salwing van Jesus Christus.

   Jesus is die Hoof, en ons, die gelowiges, is sy *liggaam* (1 Kor. 12:12 en 27; Rom. 12:4, 5; Ef. 1:22). Deur die ware geloof word ons die lede van Christus of sy liggaam.

   Nou salf God die Hoof, Jesus Christus, met die Heilige Gees. Maar die salwing loop van die Hoof af op die liggaam en daarom het ons deel aan sy salwing (1 Joh. 2:20 en 27) en daarom is ook ons gesalf tot profeet, priester en koning (soos in Psalm 133 die salfolie van Aäron

se hoof afdrup op sy baard en sy kleed en tot aan die soom van sy kleed). So herstel Jesus die oorspronklike amp of ampte in ons; Hy herstel die beeld van God; Hy verwerf vir ons die ewige lewe.

2. Ons Christene se drievoudige amp en ampswerk is dus:

   a. *Profeet*:

      Ons moet die Naam van die Here bely en dit moet ons orals en altyd doen (Matth. 10:32).

   b. *Priester*:

      Jesus het Homself as offerande gebring tot die dood aan die kruis toe. Ons moet onsself aan Hom bring as ŉ lewende dankoffer. Geheel en al moet ons onsself gee aan die diens van Jesus. In die gebed en die barmhartigheid moet dit uitkom (1 Petrus 2:5).

   c. *Koning*:

      Ons moet daagliks stry teen die sonde, teen die duiwel, die wêreld en ons eie bose natuur. Die oorwinning kom ons toe in die oorwinning van Christus, sodat ons met Hom in die ewigheid sal regeer (Rom. 5:17).

**Onthou:**

Jy is ŉ Christen.

Jy moet God amptelik dien as ŉ profeet, priester en koning. Omdat Christus, die Gesalfde, God die Vader amptelik gedien het in gehoorsaamheid en die ewige lewe verwerf het.

Wees waarlik Christen deur te bely, te offer, te stry en te oorwin. Wees op jou hoede vir die valse Christendom wat die ampte en die roeping van die gelowige ontken en verloën.

**Lees:**

Hand. 10:38; die tekste hierbo aangehaal; Deut. 18:16; Psalm 110:4; 2:2; 133; Joh. 2:21 e.v.

# Hoofstuk 16: Sondag 13 –
# JESUS CHRISTUS,
# ENIGGEBORE SEUN VAN GOD, ONSE HERE

33. *Vraag:*

Waarom word Hy die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?

*Antwoord:*

Omdat Christus alleen die ewige natuurlike Seun van God is, terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is.

34. *Vraag:*

Waarom noem jy Hom onse Here?

*Antwoord:*

Omdat Hy ons met liggaam en siel van al ons sondes, nie met goud of silwer nie, maar met sy dierbare bloed gekoop en van alle heerskappy van die duiwel verlos het en ons tot sy eiendom gemaak het.

---

Vraag 33:

In Sondag 8 en 9 is reeds gespreek van die Seun van God en dat God die ewige Vader van Jesus is.

Nou word gevra na die verskil tussen Jesus se verhouding tot God die Vader en ons verhouding tot God die Vader.

Antwoord 33:

1. Dit is vir ons baie belangrik om te weet en te bely dat Jesus self God en ook Seun van God is, die tweede Persoon in die Goddelike drie-eenheid. Alleen Jesus Christus kan waarlik die ewige en natuurlike Seun van God wees. Luister na die getuienis uit die Bybel:

   *Luk. 3:22: "U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae."*

   *Luk. 9 ; 35: "Dit is my geliefde Seun: luister na Hom."*

   *Joh. 10:30: "Ek en die Vader is een."*

*Matth. 16:16: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."*

*Joh. 1:1: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God."*

*Luk. 4:3: "As U die Seun van God is", sê die duiwel.*

*Luk. 22:70: "Is U dan die Seun van God? En Hy antwoord hulle: U sê dat Ek dit is."*

2. Baie mense ontken die Godheid van Christus en tog wil hulle Christene wees. Dit kan nie. Ons moet onthou dat Jesus ons Verlosser is en ons Verlosser moet, soos dit in Sondag 5 en 6 staan, waaragtige en ewige God wees.

3. *En Christus is die eniggebore Seun van God*.

   Dit kan ons goed begryp, want Hy is immers saam met die Vader en die Heilige Gees die waaragtige en enige God.

4. Hoekom is ons dan ook kinders van God? Wat is die verskil tussen Jesus se verhouding tot die Vader en ons verhouding tot die Vader? Die verskil is dit:

   a. Christus is die Seun van God *van ewigheid tot ewigheid*.
   Ons word kinders van God in die *tyd*.

   b. Christus is die *natuurlike Seun van God*.
   Ons is *aangenome* kinders van die Vader (Rom. 8:14-16).

   c. Christus is Seun van God deur *ewige generasie of* geboorte (Psalm 2).
   Ons is kinders van God deur *wedergeboorte*.

4. En ons is alleen kinders van God deur Jesus Christus. Omdat Hy, die eniggebore Seun, die rekening van God betaal het, neem die Vader ons uit genade aan tot sy kinders.

---

Vraag 34:

Die verhouding van Christus tot die Vader is dus dat Hy die eniggebore Seun van die Vader is.

Wat is nou die verhouding van Christus tot ons? Waarom is Hy die Here?

Antwoord 34:

1. Ons hoor in hierdie antwoord weer Sondag 1: "dat ek na, liggaam en siel in lewe en in sterwe... aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort."

   Ons noem Jesus Here omdat Hy ons *Heer en Meester* is. Heer en meester is eienaar wat alles oor sy eiendom beskik. Jesus is die Here van die here (Openb. 12:14 en 19:16) en niemand kan Hom Here noem nie behalwe deur die Heilige Gees (1 Kor. 12:3).

2. Hoe het Jesus die Here geword? Hy het tog in die gestalte van 'n diensknег gekom *("Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad nie" Jes. 53:2*), maar omdat Hy sy roeping om te dien en te offer in gehoorsaamheid volbring het, het Hy tog Here en Meester geword.

   Jesus het ons, die gelowiges, naamlik *gekoop*. Die Here het sondare uit die ellende verlos, Hy het die toorn van God op Hom geneem deur sy dierbare bloed te gee as koopprys of losprys. *1 Kor. 6:20: "Want julle is duur gekoop" (1 Tim. 2:6: "wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal")*. Die prys was sy bloed en nie iets anders nie (*1 Petr. 1:18, 19): "Omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus"*).

3. Daardeur het Christus ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos en self oor ons Here geword, self oor ons gaan Heerskappy voer. So het ons sy eiendom geword en ons erken Hom as die Here, ons Eienaar, ons Meester, die Oorwinnaar.

   Jesus het die duiwel en sy heerskappy oorwin, Hy het die duiwels uitgedryf en gekom om die werke van die duiwel te verbreek (*1 Joh. 3:8: "Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek"*).

4. En nou is ons die eiendom van die Here Jesus. Ons is sy slawe, maar slawe met die vryheid van die ware geloof. En die slawe moet die Here en Meester dien en gehoorsaam — dit is godsdiens. As ons die "Here" bely, erken ons meteen: Ons dien die Here! Ons is gehoorsame en aktiewe "vry-slawe" wat altyd werk en dien en arbei vir ons Here en Meester (*1 Kor. 6:20: "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan* (d.w.s. wees aktief) *in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort"; 1 Petrus 2:9: "Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom*

*verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig"*).

**Onthou:**

Jy is ook kind van God om Jesus wille en slaaf van Jesus kragtens sy bloed. Daarom moet jy 'n aktiewe, werkende gelowige wees. Werk oral, veral in en deur die kerk, vir jou Here en jou Meester.

Wees dankbaar dat jy verlos is uit alle heerskappy van die duiwel. Stry teen die duiwel en bid om krag vir die stryd.

**Lees:**

Al die tekste hierbo genoem en aangehaal; Jes. 9:5, 6; Matth. 11:27; Joh. 5:26.

# Hoofstuk 17: Sondag 14 –
# DIE VERNEDERING VAN JESUS

## 1. Die geboorte van Jesus

*35. Vraag:*

Wat beteken die woorde: Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria?

*Antwoord:*

Dat die ewige Seun van God wat waaragtig en ewige God is en bly, 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees, aangeneem het, sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees, aan sy broeders in alle opsigte gelyk, uitgesonderd die sonde.

*36. Vraag:*

Watter nut verkry jy deur die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

*Antwoord:*

Dat Hy ons Middelaar is en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek.

---

Vraag 35:

In die koms van ons Middelaar onderskei ons die *staat van die vernedering* (met vyf trappe: geboorte, lyde, sterwe, begrafnis, en neerdaling na die hel) en die *staat van die verhoging* (met vier trappe: opstanding, hemelvaart, sit aan die regterhand van God en die wederkoms).

Ons behandel nou die derde artikel van die Apostoliese geloofsbelydenis; dit gaan oor die geboorte van Jesus of die vleeswording van die Woord.

Antwoord 35:

1. In Sondag 13 en gedeeltelik ook in Sondag 8 en 9 word geleer dat die Seun van God self ewige en waaragtige God is. As ons nou die *geboorte en ontvangenis* van die Seun van God behandel, moet ons onthou dat Hy self God is en dat Hy nie eers bestaan vanaf sy geboorte nie. Daarom praat ons ook van die *vleeswording van die Woord* (die Seun is die Woord en Hy het die menslike natuur in vlees en bloed aangeneem).

2. Die ontvangenis en geboorte van Jesus is 'n wonder van God. Die engel Gabriël het die wonder aan Maria meegedeel (*Luk. 1:35: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu").*

   Die wonder is openbaring van God en ons kan dit alleen deur die geloof verstaan. Wie hiérdie wonder nie bely nie, glo dit nie en lewe in die gees van die Antichris; wie dit wel bely erken daarmee dat dit die kern van die Christelike geloof is (*1 Joh. 4:2 en 3: "Hieraan ken julle die Gees van God; elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris…"*).

3. Die Seun van God is deur die krag van die Heilige Gees uit Maria gebore. So trek die lyne van die Ou Testament en van die beloftes van God saam in Jesus se geboorte: Hy is die Saad van die vrou (Gen. 3:15); Hy is uit Abraham (Israel) en uit Dawid (Juda). En Jesus het die ware menslike natuur aangeneem, d.w.s. Jesus is waaragtige mens soos Hy dit moes geword het om ons Middelaar te wees (Sondag 5 en 6). Christus het die ware menslike natuur aangeneem. Maar Hy is nie menslike *persoon* nie; om menslike persoon te wees sou Hy ook 'n menslike vader moes gehad het en dan sou Hy na sy persoon uit Adam gewees het en soos alle mense ook sondaar gewees het. Maar Jesus is juis nie sondaar nie. Hy is aan sy broeders in alle opsigte gelyk *uitgesonderd die sonde*; Hy het die ware menslike natuur met al die swakhede en gebreke (Jesus was honger en het geëet, Hy was moeg en het gerus, smart gehad en geween, pyn gely en gesterf ens.) aangeneem maar nie die menslike persoon met die sonde nie.

Daarom is Christus ook *regverdige* mens. Jesus word dus ontvang en gebore as 'n *waaragtige* en *regverdige* mens.

Let daarop dat Jesus daarom Goddelike Persoon het en ook Goddelike natuur; daarby die menslike natuur sonder die menslike persoon.

Vraag 36:

Ons vra of die heilige geboorte van Jesus as geboorte enige nut of troos vir die gelowige het.

Antwoord 36:

1. Christus is ons Middelaar. Hy het gekom om tussen ons en die Vader in te staan en om ons te verlos van die sonde en die dood. Vir hierdie verlossingswerk begin Hy by die begin, by en voor ons geboorte waar die erfsonde van elke mens begin. Ons weet dit daaruit dat Hy ook gebore is.

   Daarom mag ons sê: selfs in ons eie sondige ontvangenis en geboorte is ons veilig in Jesus. Nooit, van ons geboorteuur tot ons sterwensuur, is ons 'n enkele oomblik sonder ons Middelaar nie. Dit is heerlike troos.

2. In Sondag 6 het ons die jubel van die gelowige gehoor: Jesus Christus is die Verlosser.

   In Sondag 14 is die jubel: Jesus is hier! Hy is gebore. Hy bedek ons sonde voor die aangesig van die Vader. Hy is altyd ons Middelaar.

**Onthou:**

Christus is waaragtig en ewige God.

Hy is ook mens, waaragtig en regverdig.

Hy is soos almal, ook soos jy, uitgesonderd die sonde.

Hy is altyd jou Middelaar, van jou wieg tot jou graf.

Dink daaraan as jy weer Kersfees vier.

**Lees:**

Jes. 7:14; 9:5 en 6; Luk. 1:31; Fil. 2:17 e.v.; Hebr. 4:15.

## Hoofstuk 18: Sondag 15 –
## DIE VERNEDERING VAN JESUS

### 2. Die lyde van Jesus

37. *Vraag:*

Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

*Antwoord:*

Dat Hy aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het, sodat Hy met sy lyde as met die enigste soenoffer ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos, en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.

38. *Vraag:*

Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

*Antwoord:*

Om ons, deurdat Hy onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is, te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.

39. *Vraag:*

Sit daar iets meer in dat Hy gekruisig is as dat Hy ’n ander dood sou gesterf het?

*Antwoord:*

Ja; want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, aangesien die kruisdood deur God vervloek is.

---

Vraag 37:

Artikel 4 van die Apostoliese Geloofsbelydenis word in Sondag 15 en 16 behandel.

Ons vra hier na die betekenis van die borgtogtelike of plaasvervangende lyde van Jesus.

Dit gaan hier oor die toorn van God.

Antwoord 37:

1. Soos gesien in Sondag 4 rus vanweë die sonde op die mens die *toorn*, *oordeel* en *vloek* van God en dat Hy die mens sal straf met die ewige dood. Dit alles het ons die rekening van God genoem. In hierdie en die volgende twee Sondae word behandel die *betaling van die rekening vir ons*, plaasbekledende of borgtogtelike betaling, soos geleer in Sondag 5 en 6.

2. Christus se *lyde* beteken dat Hy van sy geboorte tot sy dood die *volle toorn van God teen die ganse mensdom gedra het*.

   Van sy geboorte af ly Jesus onder hierdie ontsettende Goddelike toorn omdat alleen Hy dit kan dra — Hy is immers die Seun van God, sélf waaragtige God.

   *Jesus word in 'n stal gebore*; Herodes wil Hom *dood*; Hy moet in 'n nagtelike *vlug* weggevoer word; Hy het die gestalte van 'n *slaaf* aangeneem (*Filip. 2:7: "maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word"*); Hy het geen gedaante of heerlikheid gehad nie en was 'n man van smarte en bekend met krankheid (Jes. 53:2 en 3).

   En dit gaan sy hele lewe so deur — steeds dra Hy die volle toorn van God, lydende na siel en liggaam. Hy word vervolg en gehaat; Hy spreek daar self dikwels van (*Luk. 12:50: "Maar ek het 'n doop* (sy dood) *om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is"*).

   Dié lyde vind sy dieptepunt in Getsémané waar Hy Hom bereid verklaar het om die beker van die lyde, die beker van God se toorn, *geheel* te drink (*Matth. 26:42b: "My Vader, as hierdie beker nie by My kan verby gaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied"*).

3. Die bittere lyde van Jesus was 'n *enigste soenoffer*. Só het God dit as eis gestel in sy rekening; so alleen kan die toorn van God gedra word, naamlik met 'n offerande wat só groot is dat dit God die Vader geheel en al versoen, sy toorn afwend.

4. En die toorn van God wat Hy van ons afwend, het beteken: Jy sal die ewige dood sterf. Maar dat Christus die versoening doen, beteken vir ons: Jy ontvang genade, geregtigheid en ewige lewe.

   *Jesus is ons Middelaar. Hy gaan staan in die middel tussen die Vader en ons in, en Hy dra die toorn van God sodat ons genade en die ewige lewe ontvang.*

5. Let op: Hier staan nie dat Christus *alle* mense verlos nie. Hier staan dat Hy die toorn van God teen die ganse menslike geslag gedra het. Om een of om alle gelowiges te red, na liggaam en siel, beteken dat Jesus die volle toorn moet dra.

Vraag 38:

In Jesus se lyde onder Pontius Pilatus gaan dit oor die oordeel van God.

Antwoord 38:

1. Op ons rus ook die *strenge oordeel* van God omdat ons diep skuldig is vanweë al ons oortredinge. Daarom moet ons Middelaar ook die oordeel van God vir ons dra.

   Jesus het die oordeel van God gedra voor Pontius Pilatus. Die regter het Hom onskuldig bevind (*Joh. 18:38: "Ek vind geen skuld in Hom nie"; Joh. 19:4 en 6: "Pilatus gaan toe weer uit buitentoe en sê vir hulle: Kyk, ek bring Hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie. En toe die owerpriesters en dienaars Hom sien, skreeu hulle en sê: Kruisig, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie"*).

2. En tog het Pilatus Hom veroordeel. Sy vonnis was: Kruisig julle Hom. Dit is die vonnis van die wêreld oor die Christus.

   Christus onskuldig en tog ter dood veroordeel. Vir ons beteken dit: Julle is – skuldig en tog vrygespreek, verlos van die strenge oordeel van God (*Jes. 53:5: "Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom"*).

*Jesus is ons Middelaar. Hy gaan staan in die middel tussen ons en God die Vader in en Hy dra die oordeel van God vir ons, sodat ons vryspraak ontvang.*

Vraag 39:

Waarom dan juis die kruisdood? Daar is tog so veel maniere om te dood, selfs met groter pyn iemand te dood.

Hier gaan dit oor die *vloek* van God.

Antwoord 39:

1. Op ons rus ook vanweë die sonde en ongeregtigheid die vloek van God (*Gal. 3:10: "Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek"*). Daarom moet ons Middelaar ook die vloek van God vir ons dra. En dit het Hy gedoen deur die kruisdood te sterf.
2. Die kruisdood is deur God vervloek (*Deut. 21:23: "Want een wat opgehang is, is deur God vervloek"). So het Jesus vir ons 'n vloek geword om ons daarvan te bevry (Gal. 3:13: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word — want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang"*).

   *Jesus is ons Middelaar. Hy gaan staan in die middel tussen ons en God die Vader in (of Hy hang aan die kruis tussen God en ons in) en Hy dra die vloek van God vir ons, sodat ons seën verkry.*

**Onthou:**

Vergeet nooit die bittere en smadelike lyde van Christus Jesus nie. Dit beteken vir jou: Geen toorn meer nie en geen verdoemenis maar genade en ewige lewe; geen oordeel nie maar vryspraak; geen vloek nie maar seën.

Omdat jy ook skuldig is, kan jy op jou knieë gaan van dankbaarheid om God te loof en te eer en te dank.

Sien altyd op Christus jou Middelaar.

Hou aan Hom vas in al jou moeilikhede en stryd.

**Lees:**

Jes. 53; Gal. 6:14; Joh. 18 en 19 en die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 19: Sondag 16 – DIE VERNEDERING VAN JESUS

## 3. Dood en begrafnis

40. *Vraag:*

Waarom moes Christus Hom tot in die dood verneder?

*Antwoord:*

Omdat weens die geregtigheid en waarheid van God nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie.

41. *Vraag:*

Waarom is Hy begrawe?

*Antwoord:*

Om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterf het.

42. *Vraag:*

As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dat ons ook moet sterwe?

*Antwoord:*

Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie, maar alleen ŉ afsterwing van die sondes en ŉ deurgang tot die ewige lewe.

43. *Vraag:*

Watter nut verkry ons nog meer uit die offerande en die dood van Christus aan die kruis?

*Antwoord:*

Dat deur sy krag ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, sodat die bose luste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onsself aan Hom as ŉ offerande van dankbaarheid kan toewy.

44. *Vraag:*

Waarom volg daar: Wat neergedaal het na die hel?

*Antwoord:*

> Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het.

---

Vraag 40:

Ons vra hier na die vernedering van Jesus tot die dood. In Sondag 15 is die toorn en oordeel en vloek van God behandel. Nou word ook oor die *straf* van God gespreek.

Antwoord 40:

1. Die straf van God wat volg op sy toorn en oordeel en vloek is die ewige dood, soos dit in Sondag 4 geleer word (*Gen. 2:17: "Want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe"; Rom. 6:23a: "Want die loon van die sonde is die dood"*). En in Sondag 5 is gesien dat hierdie straf gedra moet word om aan die geregtigheid van God te voldoen en van die straf vry te kom.

   Dat die mens self hierdie straf nie kan dra nie, is duidelik. Daarom, as van die straf vrygekom moet word, moet Christus, die Seun van God die dood sterwe.

2. Christus het gekom om sondare te verlos (Luk. 5:32); en om hulle volkome te verlos, het Hy *gehoorsaam* die dood ingegaan. Doelbewus lê Hy sy lewe af vir die uitverkorenes. En Jesus het die dood in al sy verskrikkinge deurly.

   *Jesus Christus is ons Middelaar. Hy gaan staan in die middel tussen ons en God die Vader in, en Hy dra die straf en sterf, sodat ons ewig kan lewe.*

   So voldoen Christus aan die geregtigheid en waarheid van God.

Vraag 41:

Die vernedering van Christus gaan deur tot in die graf.

Antwoord 41:

1. Die graf hou vir die sondaar smaad in en daarin kom ook die vloek van God tot openbaring (*Gen. 3:19: "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer"*). Maar Jesus ondergaan ook hierdie smaad as Hy begrawe word, sodat Hy dit van ons kan wegneem, want deur sy begrafnis het Hy die oorwinning aan die doderyk ontneem (*Hand. 2:31b: "dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie"; 1 Kor. 15:55: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?"*).

2. Jesus het nie 'n skyndood gesterf, soos baie mense beweer nie. Hy het werklik gesterwe; met 'n spies is Hy in sy sy — waarskynlik deur die hart — gesteek, en Hy is begrawe as bewys dat Hy werklik gesterf het.

Vraag 42:

Die dood is die straf op die sonde. Christus dra dié straf as Hy sterwe. As Hy die straf dan vir ons dra, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord 42:

1. Christus dra vir ons die straf van God. Hy sterf met Goddelike krag die ewige dood in drie dae. Daarom kan ons dood geen straf meer wees nie; daarom kan ons dood ook nie meer die ewige dood wees nie.

2. As ons dood geen straf is nie, kan dit ook geen betaling wees nie. Christus het immers deur sy dood betaal.

   Nee, óns dood is eintlik in die diepste sin verlossing en totale vernuwing. Die dood is vir ons 'n poort; as ons daar ingaan, sterf ons al ons sonde en ellende totaal af; as ons daar deurheen is bevind ons ons, vernuwe na die ewebeeld van Christus, in die ewige lewe (*Joh. 5:24: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe"*).

Vraag 43:

Dit is histories waar dat Jesus aan die kruis gesterf het en dat Hy begrawe is. Maar dit is so lank gelede. Het dié groot sake vandag nog vir ons belekenis en werklikheid? Is daar vir ons enige nut in?

Antwoord 43:

1. Deur sy kruisdood, wat 'n enige offerande is, dra Christus vir ons die toorn en oordeel en vloek en straf van God. Kragtens die geregtigheid van God was al hierdie dinge op ons omdat ons van nature so sondig en verdorwe is, so diep in die ellende. Ons noem al hierdie dinge ons oue mens, die sondige, natuurlike mens.

2. As Christus dan sterwe aan die kruis, beteken dit dat Hy al dié dinge vir ons op Hom neem en ons daarvan verlos. Ons kan dit met ander woorde sê, soos die Kategismus:

   *Deur sy krag word ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe.*

3. As ons oue mens dood is, kan die bose luste van die vlees nie meer in ons heers nie, maar heers die krag van Jesus in ons. Daarom kan ons onsself as 'n lewende dankoffer aan Jesus bring. Wat 'n heerlike nut is dan die kruisdood vir die gelowige.

   *Rom. 6:6 en 12: "aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Laat die sonde dan in julle sterflike liggame nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie."*

   *1 Kor. 15:42b—44a: "daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek.*

Vraag 44:

Ons kom by die laaste trap van die vernedering van Jesus, naamlik: wat neergedaal het na die hel,

Wat beteken dit?

Antwoord 44:

1. Die hel is, net soos die hemel, 'n *plek*. Dit is die plek waar die toorn van God as 'n gloed van gramskap die verworpenes tref; hel beteken verder: totaal van God verlate wees; God keer sy aangesig weg; die

plek waar die wurm nie sterwe en die vuur nie uitgeblus word nie (Jes. 66:24; lees ook Luk, 16:19—31).

2. Maar na die *plek* hel het Jesus nie neergedaal nie. Hy het wel diep neergedaal in die helse smarte en verskrikkinge en kwellinge sodat dit Hom totaal bedolwe het en Hy in onuitspreeklike benoudheid uitgeroep het: *“My God, my God, waarom het U My verlaat?” (Matth. 26:46).*

   Hierdie totale verlating deur God was vir Jesus die hel, maar voor sy sterwe. Vir die goddelose is die totale verlating van God ook die hel, maar na sy dood.

3. Die toorn, oordeel, vloek en straf van God loop onverbiddelik uit op die hel, die ewige verdoemenis. Ook daarvan moet Jesus ons verlos. Daarom ly Hy in sy lewe, veral aan die kruis, die helse kwellinge en verskrikkinge; Hy neem dit op Hom en verlos ons daarvan.

4. Die Roomse Kerk leer dus verkeerd as hy leer dat Jesus na sy dood na die voorportaal van die hel gegaan het om die gelowiges van die Ou Testament te verlos. Jesus het na sy dood na die hemel gegaan, na die paradys, soos Hy dit self sê aan die moordenaar aan die kruis (*Luk. 23:43: “Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees”*). En die Bybel ken ook geen sogenaamde voorportaal van die hel nie. Die Lutherse leer dat Jesus na die hel gegaan het om sy oorwinning aan die satan bekend te maak. Ook dit is verkeerd.

5. *Jesus Christus is die Middelaar. Hy gaan tussen ons en die Vader in staan en dra vir ons die kwellinge van die hel en verlos ons daarvan*. Ons mag dus met absolute sekerheid weet: Ook van die hel verlos Jesus ons.

6. *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 21: “Ons glo dat Jesus Christus ’n ewige Hoëpriester is, kragtens ’n eed en volgens die orde van Melgisédek, en dat Hy Homself in ons naam voor sy Vader gestel het om sy toorn te versoen met volle genoegdoening deur Homself op te offer aan die kruishout en sy dierbare bloed te vergiet tot reiniging van ons sondes, soos die profete dit voorsê het. Want daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring op die Seun van God was, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy na die slagplek soos ’n lam gelei en by die misdadigers gereken is; en Hy is as ’n kwaaddoener deur Pontius Pilatus veroordeel, alhoewel hy*

*Hom onskuldig verklaar het. So het Hy dan teruggegee wat Hy nie geroof het nie, en Hy het gely — Hy die regverdige vir die onregverdiges — en dit in sy liggaam sowel as sy siel; onderwyl Hy die verskriklike straf wat ons sondes verdien, gevoel het, sodat sy sweet geword het soos bloeddruppels wat op die grond afloop; Hy het uitgeroep: My God, my God, waarom het U My verlaat? en dit alles gely tot vergifnis van ons sondes. Daarom sê ons tereg met Paulus, dat ons van niks anders as van Jesus Christus en Hom as gekruisigde weet nie; ons beskou alles as drek, om die uitnemendheid van die kennis van onse Here Jesus Christus; ons vind allerlei vertroosting in sy wonde en het nie nodig om enige ander middel te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as net hierdie enigste offerande wat net eenmaal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word. Dit is dan ook die oorsaak waarom Hy deur die engel van God, JESUS genoem word, dit is Verlosser, omdat Hy sy volk sou verlos van hulle sondes."*

**Onthou:**

Jesus is ook jóú Middelaar. Tussen God die Vader en jou in staan Hy en dra vir jou die straf van dood en hel.

As jy te sterwe kom, gaan jy die ewige lewe binne. Onthou dit ook as jou geliefdes te sterwe kom en laat dit dan jou troos wees. Bring jouself dan as 'n offer van dankbaarheid aan Jesus. Bring jouself geheel: al jou woorde en werke en gedagtes, al jou goed en gawes — alles vir Christus uit dankbaarheid. Jy gaan immers nie na die hel nie maar na die ewige lewe op die nuwe aarde.

**Lees:**

N.G.B. art. 21; die tekste hierbo genoem; Luk. 23:33—55; Skrif beryminge nr. 6 en 7.

# Hoofstuk 20: Sondag 17 –<br>DIE VERHOGING VAN JESUS

## 1. Die Opstanding

45. *Vraag*:

Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

*Antwoord*:

Ten eerste, het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig sou kan maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het. Ten tweede word ons ook deur sy krag opgewek tot ’n nuwe lewe. Ten derde is ook die opstanding van Christus vir ons ’n gewisse pand van ons salige opstanding.

---

Vraag 45:

In die verhoging van Christus onderskei ons vier trappe: opstanding, hemelvaart, sit aan die regterhand van God en wederkoms. Hier word alleen die opstanding van Jesus behandel.

Antwoord 45:

1. Jesus het nie in die staat van vernedering gebly nie. Op die opstandingsmôre gaan Jesus die slaat van verhoging binne. Die opstanding is die loon van die gehoorsaamheid in die vernedering *(Filip. 2:8 en 9; "het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog")*.
2. Jesus Christus het werklik uit die dode opgestaan (Matth. 28:1--10) en aan die gelowiges verskyn.

   Sommige mense beweer dat Jesus nooit opgestaan het nie. Uit dit wat hier volg, is dit duidelik dat as Jesus nooit opgestaan het nie, Hy vir ons van geen nut sou wees nie en ons nog in die diepste ellende gevang sou gesit het. Daarom bespreek Paulus die feit van die opstanding van Jesus so uitvoerig in 1 Kor. 15.
3. Wanneer Jesus, die Leeu uit die stam van Juda, die graf verbreek en daaruit *lewendig* na vore tree, weet ons seker dat Hy die Oorwinnaar

is, die waaragtige Middelaar. Want Hy het die toorn en oordeel en vloek en straf van God gedra en verdra — en die ewige dood oorwin. Dié dood kon Hom nie hou nie (*Rom. 6:9: "Omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie"*).

Christus het die rekening van God ten volle betaal en Hy ontvang die kwitansie vir sy betaling, naamlik die *geregtigheid*.

Maar Hy het nie vir Homself betaal nie; Hy is Middelaar en het vir ons betaal. Daarom ontvang Hy ook die kwitansie vir ons. Hy gee aan ons die geregtigheid van God as Hy opstaan uit die dood (*Rom. 4:25: "wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking"*).

4. Christus sterf vir ons en Hy staan vir ons op en is dus vir ons in 'n nuwe lewe. Dit kan dan ook nie anders nie dat die ("nuwe") lewende Christus ons ook uit ons sonde en dood opwek tot 'n nuwe lewe nie. Dit beteken dat sy opstanding ons vernuwing, ons heiligmaking verseker. Op die kwitansie van God staan dus ook heiligmaking. (*Rom. 6:11: "So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here"; Rom. 6:4: "Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel"*).
5. Weer eens: Christus doen alles vir ons. As ons by die leë graf van Jesus staan en weet dat Hy uit die dode opgestaan het, is dit vir ons baie, baie seker dat ons, net soos Hy, met ons liggame eendag uit die graf sal opstaan en dat ons, siel én liggaam, ewig sal lewe in, saligheid. Op die kwitansie van God staan dus ook *heerlikmaking*. (*1 Kor. 15:22: "Want soos hulle almal in Adam sterwe so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word")*.
6. Op die kwitansie van God wat Jesus by Hom het as Hy uit die graf opstaan staan dus: Betaal! Vir die gelowiges het Jesus Christus verwerf die *regverdigmaking*, die *heiligmaking* en die *heerlikmaking*. En — Hy gee die kwitansie aan ons omdat Hy vir ons betaal het.

**Onthou:**

Jesus het ook vir jou opgeslaan uit die dood. Jy kan dus ook die kwitansie van God se rekening toon.

Daarop staan: Jy is opgewek in ’n nuwe lewe. ’n Lewe vir Christus. Daarom moet jy ook so lewe; lewe heilig vir jou Verlosser en Saligmaker. Laat die onheilige en goddelose praktyke staan en pasop dat jy nie daardeur gevang word nie. Bid die Here steeds om vernuwing. Want ook jy sal eendag uit jou graf na vore tree, opgewek in ewige saligheid.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; Kol. 3:1-3; 1 Petrus 1: 3.

# Hoofstuk 21: Sondag 18 –
# DIE VERHOGING VAN JESUS

## 2. Die Hemelvaart

46. *Vraag:*

Wat verstaan jy onder: Wat opgevaar het na die hemel?

*Antwoord:*

Dat Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgevaar het, en dat Hy ons ten goede daar is totdat Hy terugkom om te oordeel die lewende en die dode.

47. *Vraag:*

Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?

*Antwoord:*

Christus is waaragtige mens en waaragtige God. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie; maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie.

48. *Vraag:*

Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

*Antwoord:*

Stellig nie; want aangesien die Godheid deur niks ingesluit kan word nie en oral teenwoordig is, moet daaruit volg dat dit wel buite sy aangenome mensheid is en ewenwel tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

49. *Vraag:*

Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

*Antwoord:*

Ten eerste dat Hy in die hemel voor die aangesig van sy Vader ons Voorspreker is. Ten tweede, dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het, dat Hy as die Hoof ons sy lede ook tot Hom sal

neem. Ten derde, dat Hy ons sy Gees as 'n teëpand stuur, deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus is aan die regterhand van God, en nie wat op die aarde is nie.

---

Vraag 46:

Die hemelvaart van Christus is die tweede trap in die verhoging van Christus.

Na sy opstanding bly Jesus nog 40 dae op aarde om sy opstanding te bewys en sy dissipels te onderrig oor die koninkryk van God (Hand. 1:3) maar dan vaar Hy na die hemel. Wat beteken die hemelvaart?

Antwoord 46:

1. Die hemelvaart van Jesus het werklik plaasgevind. Uit die kring van die elf dissipels vaar Jesus na die hemel sonder enige vertoon. Die dissipels, het dit gesien; hulle was ooggetuies daarvan. En twee engele in wit klere het aan hulle verskyn om te bevestig dat Jesus na die hemel gevaar het en dat Hy ook weer sal terugkom (*Hand. 1:11: "Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het"*).
2. Jesus het met sy hemelvaart van woonplek verander. Met sy liggaam is Hy nie meer by ons op aarde nie; Hy is in die hemel waar Hy vir ons ten goede werk. Nog altyd, ook in die hemel, bly Jesus ons Middelaar.

   Die hemelvaart van Jesus is ook sy koninklike intog in die hemele. Hy het oorwin, en kom die hemele as Oorwinnaar binne.

Vraag 47:

*In Matth. 28:20 sê Jesus: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."*

As Jesus dan na die hemel vaar, het Hy dan nie hierdie belofte verbreek nie?

Antwoord 47:

1. Jesus Christus is waaragtige mens (Sondag 6 en 14), aan ons in alles gelyk uitgesonderd die sonde. Sy menslike natuur kan, soos ook ons eie natuur, op een tydstip net op één plek wees en nie orals tegelyk nie. Tussen sy hemelvaart en sy wederkoms is Jesus dus na sy

menslike natuur in dié hemel en nie op die aarde nie (*Joh. 16:28: "Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na my Vader"; Hebr. 9:24: "Want Christus het... in die hemel self ingegaan om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn"*).

2. Maar Christus is ook waaragtige God (Sondag 6, 8, 9, 13). Sy Goddelike natuur kan orals wees en orals tegelyk. Hy is alomteenwoordig. Daarom bly Hy ook by ons, hier op aarde (Matth. 28:20) en wyk Hy na sy Godheid, majesteit, genade en Gees nooit meer van ons nie (*Joh. 14:23: "As iemand My liefhet, sal hy mv woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak"; Joh. 14:16: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid"*).

Vraag 48:

As die mensheid van Jesus dan net in die hemel is en sy Godheid is orals, word die twee nature in Christus dan nie geskei nie?

As die twee nature sou skei, sou Jesus immers nie meer die waaragtige Middelaar kan wees nie.

Antwoord 48:

1. Ons glo stellig dat die twee nature van Christus deur sy hemelvaart nie geskei word nie. Die mensheid van Christus is alleen in die hemel; die Godheid van Christus is orals; en tog bind die Goddelike Persoon van Jesus die twee nature onafskeibaar aaneen, soos die twee nature op aarde gebind was deur die Persoon van Jesus voor sy hemelvaart.
2. Die verhouding tussen die twee nature is soos 'n baie klein en 'n baie groot sirkel met dieselfde middelpunt. Die twee sirkels dek nie dieselfde vlak nie maar bly verenig t.o.v. hulle middelpunt. So bly die twee nature van Jesus verenig t.o.v. sy Goddelike Persoon.

Vraag 49:

Soos in Sondag 15-17 word ook hier na die nut gevra.

Het die hemelvaart enige nut vir die gelowige?

Antwoord 49:

1. In die hemelvaart van Jesus lê opgesluit dat sy werk hier op aarde vereers afgesluit is en dat Hy nou sy middelaarswerk in die hemel voortsit.

2. Ook in die hemel bly Jesus tussen God die Vader en ons in staan.

   Hy is daar ons Voorspreker. Hy dra ons saak by die Vader voor en Hy pleit vir ons op grond van sy soenverdienste (*1 Joh. 2:1: "en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige"; Rom. 8:34: "Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree"*).

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 26: "Ons glo dat ons geen toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die regverdige, wat hiervoor mens geword het; ... sodat die mens toegang kan hê tot die Goddelike majesteit, anders was die toegang vir ons gesluit. Maar Hy... moet ons deur sy grootheid nie verskrik om ons 'n ander na ons goeddunke te laat soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsele wat ons meer liefhet as Jesus Christus nie... En wie sal eerder verhoor word as die eie welbeminde Seun van God?... Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelyde kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word... Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus... soos dit ons in die gebed van die Here geleer is; en ons is daar van seker dat alles wat ons die Vader sal bid in sy Naam, aan ons gegee sal word."*

3. Christus het ons menslike natuur aangeneem (Sondag 14); Hy is vlees en bloed soos alle mense. Maar nou het Jesus ons menslike natuur met Hom saamgevoer na die hemel. Nou is die menslike natuur, wat gesondig het en deur God vervloek was, tog in die hemel verteenwoordig in Jesus, waaragtige en regverdige mens.

   Deur hierdie verteenwoordiging het ons die sekerheid soos met 'n pand, dat Jesus ons, wat sy lede is, ook tot Hom sal neem (*Joh. 14:2 en 3: "Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle*

*plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is"*).

4. Maar vanuit die hemel het Jesus ons ook 'n teëpand gestuur; dit is die Heilige Gees, Hy troos ons en gee ons krag te soek wat daarbo is (*Kol. 3:1: "As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit"*).

   Die Heilige Gees hef ons oë op sodat ons na die hemel kyk en nie met ons aangesig na die aarde gekeer deur die lewe heengaan nie. Want hier is die sonde én ongeregtigheid, maar daarbo is Jesus, onse Here.

   So werk die Heilige Gees hier op aarde in ons, die gelowiges; Hy maak die bewoners gereed vir die ewige Vaderhuis en rig hulle harte hemelwaarts.

**Onthou:**

Jesus het jou met sy hemelvaart nie verlaat nie. Hy is werklik altyd by jou in en deur sy Gees.

Maar wees verseker dat Jesus jou Voorspraak is. Hy pleit vir jou by die Vader. Al het jy grootliks gesondig — Hy pleit vir jou. Al is jou ellende groot — sy genade is groter. Al het jy teëspoed en swarigheid — Hy bly oor jou waak as die enigste Hoëpriester.

Wees dankbaar dat jy, arme sondaar, nou tog tot die troon van die Vader kan kom deur jou Middelaar.

En let op: Jesus sal jou ook met Hom neem sodat jy kan wees waar Hy is.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; Hand. 1; Psalm 24 en 68; Kol. 3:1-3.

# Hoofstuk 22: Sondag 19 –
# DIE VERHOGING VAN JESUS

## 3. Christus aan die regterhand van God en sy wederkoms

50. *Vraag:*

Waarom word daarby gevoeg: En sit aan die regterhand van God?

*Antwoord:*

Omdat Christus daarom na die hemel opgevaar het, dat Hy Hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk, deur wie die Vader alle dinge regeer.

51. *Vraag:*

Watter nut bring die heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

*Antwoord:*

Eerstelik, dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgiet. Daarna, dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar.

52. *Vraag:*

Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode?

*Antwoord:*

Dat ek in alle droefenis en vervolging met ’n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het, as ’n Regter uit die hemel verwag, wat al sy én my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkorenes tot Hom in hemelse blydskap en heerlikheid sal neem.

---

Vraag 50:

Ons behandel nou die derde trap in die verhoging van Jesus, naamlik dat Christus na sy hemelvaart sit aan die regterhand van sy Vader in die hemel.

Allereers vra ons na die betekenis daarvan.

Antwoord 50:

1. Waar is Jesus in die hemel? Die antwoord is beslis en met nadruk uit die Bybel: Aan die regterhand van die Vader. Dit is ’n bepaalde plek in die hemel wat aandui hoogste mag en eer en majesteit (*Psalm 110:1: “Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande maak ’n voetbank vir u voete”*). Maar ons weet dat God nie; ’n regterhand het soos ons dit menslik verstaan nie. Die Bybel spreek so, sodat ons sal begryp dat Jesus nou *verhoog is tot Koning*.

   Hy is die Hoof van die kerk deur wie die Vader alle dinge regeer (*Ef. 1:20-23: “wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het die dinge aan sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul”*).

2. Aan Jesus is al die mag in die hemel en op aarde gegee. Hy is die Koning en as Hy aan die regterhand van sy Vader plaasneem, bestyg Hy sy Goddelike troon. Deur Hom regeer die Vader alle dinge. Alles en alles is so aan Christus onderworpe. Met sy *genade* heers Hy as Hoof van die kerk en met sy *mag* regeer Hy die hele wêreld.

Vraag 51:

So is Christus grootliks verhoog en verheerlik — alles is aan sy voete onderworpe.

Het dié heerlikheid vir ons enige nut?

Antwoord 51:

1. Al is Christus so uitermate verhoog en verheerlik aan die regterhand van sy Vader — of juis daarom — bly Hy tog ons Middelaar. Hy het ons duur gekoop met sy dierbare bloed en Hy laat ons nooit los nie. En juis nou, dat Hy heers as Koning van alle konings, dink Hy aan ons, sy kerk, sy lede, sy liggaam (Kol. 1: 18 en Ef. 1:23). Deur sy Heilige Gees giet Hy sy hemelse gawes oor ons uit (*Hand. 2:33: “Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die*

*belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort wat julle nou sien en hoor"*).

Altyd maar giet Jesus oor ons uit die gawe van geloof, hoop en liefde, van gebed en volharding, van sekerheid van die geloof en van vrede by God.

2. Maar meer nog as dit: Met sy mag, en dit is alle mag of almag, beskut en bewaar Hy ons teen alle vyande (*Ps. 91:14, 15: "Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm omdat hy my Naam ken. Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee" en Joh. 10:28: "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie"*).

   Hy bewaar ons én die kerk só dat die poorte van die hel ons nooit sal oorweldig nie (*Matth. 16: 18: "En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"*).

   Wat 'n troos om te weet dat ons Hoof ook Koning is en dat alles in sy hande is vir ons ten goede.

Vraag 52:

Die laaste trap van die verhoging van Christus is sy wederkoms op die wolke.

Antwoord 52:

1. Die Kategismus lei ons nou oor alle eeue heen na die einde, na die kroon van Jesus se heerlikheid, naamlik dat Hy weer na die aarde toe terugkom om die lewende en die dode te oordeel. Hy wat veroordeel is, wat ter wille van ons voor die strafgerig van God gestel is, wat die allerdiepste vernedering ondergaan en die vloek van God vir ons gedra het — HY is dit wat, uitermate verheerlik, as die Regter van hemel en aarde op die wolke kom!

   Die dag en datum van Jesus se wederkoms is vir ons onbekend, maar die dag sal kom soos 'n dief in die nag (*1 Thess. 5:2: "want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag"* en ook Openb. 16:15). Die Here het egter aan ons bekend gemaak dat allerlei tekens sy wederkoms vooraf sal gaan; tekens van oorloë, aardbewings en pes en die groot teken, naamlik die groot afval van

God en die koms van die Antichris (*2 Thess. 2:3: "want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word"*).

Die gelowiges sal steeds meer verdruk word deur die ongeregtigheid van die Antichris (Openb. 13 en 2 Thess. 2); maar ons kan getroos wees, want as dit op sy ergste is, kom Jesus op die wolke. Dan oorwin Hy die Antichris met die asem van sy mond (2 Thess. 2:8) en werp hom tesame met die duiwel en al sy duiwels en alle verworpenes in die ewige poel van vuur, terwyl Hy ons en alle uitverkorenes in die ewige heerlikheid tot Hom neem (Openb. 20:7-15).

2. Die mense wat dan nog lewe, kom direk voor die troon van die Regter terwyl die dodes almal uit die graftes opstaan en eweneens voor Jesus verskyn. Dan gee Jesus ewige uitspraak oor alle mense van alle tye: die verworpenes gaan na die ewige verdoemenis en die uitverkorenes na die ewige lewe (*Matth. 25:34 en 41: "Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele"*).
3. Wat 'n troos dat ons Here en Heiland kom! Maar dan moet ons Hom ook elke dag bly verwag. Ons moet waak en nugter wees, sodat Hy ons nie miskien slapende vind nie (*Filip. 3:20: "Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus"; Openb. 3:11: "Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie"; Matth. 25:13: "Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie*").

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 37: "Ten laaste glo ons, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Here bepaal, gekom het — wat aan alle skepsele onbekend is — en die getal van die uitverkorenes vol sal wees, onse Here Jesus Christus uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het, met grote heerlikheid en majesteit, om Hom aan te kondig as Regter oor lewende en dode; en dat Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. En dan sal persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn alle mense, manne sowel as vroue en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe bestaan het, gedagvaar*

*deur die stem van die aartsengel en die geklank van die basuin van God."*

**Onthou:**

Wees nugter en waak want Jesus kom. Die dag van sy koms sal 'n gewone dag wees (Matth. 24:50). Slaap nie in in louheid en slapheid nie; stry teen die vyande van die geloof.

Wees getroos dat aan alle ellende en sonde eendag 'n volkome einde kom en dat dan ook vir jou die ewige heerlikheid aanbreek.

**Lees:**

Matth. 25:31-46; Openb. 20:11-15; Openb 21 en 22; Luk. 17:20-37; N.G.B., art. 37.

## Hoofstuk 23: Sondag 20 –
## DIE HEILIGE GEES

53. *Vraag:*

Wat glo jy van die Heilige Gees?

*Antwoord:*

Eerstelik, dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is. Ten tweede dat Hy ook aan my gegee is om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly.

---

Vraag 53:

Die derde deel van die Apostoliese Geloofsbelydenis handel oor die Heilige Gees en ons heiligmaking.

In hierdie vraag word allereers die Heilige Gees behandel.

Antwoord 53:

1. Dat die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun waaragtig en ewig God is, is reeds in Sondag 8 behandel. Die Heilige Gees is die derde Persoon in die Goddelike drie-eenheid.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 11: "Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid af van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskape of ook gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon is van die Drievuldigheid, van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun; ja Hy is waaragtige en ewige God, soos die heilige Skrifte ons leer."*

2. Uit die Bybel weet ons dat die Heilige Gees ook werksaam is in die skepping (Gen. 1:1 en 2) en in die voorsienigheid van God (*Ps. 104:30: "U stuur u Gees uit, hulle word geskape; U maak die gelaat van die aarde nuut"*) en in die werk van die genade (*Joh. 16:14: "Hy* (die Gees van die waarheid*) sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig"*).

3. Die Heilige Gees is ook aan ons gegee op die Pinksterdag met die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2). Die Here Jesus het immers telkens die Trooster belowe wat sal kom as Hy heengegaan het.

   *Aan ons, aan die kerk, is die Heilige Gees dus gegee.*

   Wat werk Hy dan in ons? Ons weet dat die Vader geskape het en nog onderhou en regeer en dat die Seun deur sy soenverdienste herskep, nuut maak. Die optrede van die Heilige Gees hierin is dat Hy die herskepping aan ons *toepas*.

   Jesus het ons onnoembare weldade bewys deur sy middelaarswerk. En, soos Hy belowe het, het Hy en die Vader ons ook die Heilige Gees gegee. Nou kom die Heilige Gees juis om daardie weldade aan ons toe te pas, om ons dit alles deelagtig te maak sodat ons kan sê: *Jesus en al sy weldade is ook vir my*.

   Hy doen dit deurdat Hy in ons die ware geloof werk en versterk (dit behandel ons in Sondag 25).

4. Die weldade wat die Heilige Gees ons deelagtig maak is:

   a. Hy wek in ons op wat deur die sonde dood is, naamlik 'n nuwe lewe. (*Joh. 3: 5: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie"*). Deur die Gees word ons tot kinders van God aangeneem (*Gal. 4:6: "En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba Vader"* en ook Rom. 8 :14-16).

   b. Die Gees versterk (Sondag 25) ook die nuwe lewe in ons deur die Woord en Sakramente. Daagliks ontvang die nuwe lewe krag van die Heilige Gees sodat dit nie ondergaan nie (*Rom. 8:26: "En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp..."*).

   c. Die Gees bewerk in ons ook die gemeenskap met mekaar (Sondag 21).

   d. Eindelik is dit die Heilige Gees wat ons volkome heilig maak sodat ons in die ewige heerlikheid volkome inpas as ewige geheiligdes.

      Eintlik noem die Bybel baie meer weldade van Christus op, soos "roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, vergewing van sondes, geloof, hoop, liefde, vrede, vreugde,

volharding ens." Maar wie sal ’n opsomming kan maak van al die skatte aan weldade wat ons deur die Heilige Gees van Christus ontvang? Dit is te veel om op te noem wat ons alles hier en hiernamaals en in ewigheid ontvang — ons weet net dat die skatkamers van Jesus se weldade onuitputlik is. En ons moet daaraan vashou dat die Heilige Gees ons hierdie gawes deelagtig maak deur die Woord.

5. Ons noem hierdie toepassing van die verlossing deur die Heilige Gees of die deelagtigmaking van Christus en sy weldade die *gemeenskap van die Heilige Gees*.

   Hierdie gemeenskap blyk duidelik daarin dat die Gees ons troos (*Hand. 9:31: "terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees"*) en ewig by ons bly en in ons woon. (*Joh. 14:16, 17b: "En Ek sal die Vader bid en Hy sal julle ’n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid; julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees"*). Die Heilige Gees is dus aan én in ons werksaam en ons moet ons oë ook op sy werk gerig hou. Wie lei ons in die gebed? Wie troos ons as ons in smart verkeer? Wie bly altyd by ons? Dit is die Gees van God en ons is sy tempels, sy woninge. Daarom moet ons ook dankbaar lewe (*Gal. 5:25: "As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel"*).

6. Deur ons sonde en oortredinge bedroef ons die Heilige Gees (*Ef. 4:30: "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie..."*). Maar dit is nie die *sonde teen die Heilige Gees* waarvan Jesus in Matth. 12:31 spreek nie. Die sonde teen die Heilige Gees is in kort dit: As iemand met Christus en sy werke bekend is en as hy die werking van die Gees ervaar, nogtans sê: Dit is alles leuens, onwaarheid, van die duiwel en hom daarom doelbewus daarteen versit en dit openlik verloën, sondig hy teen die Heilige Gees en sal dit hom nimmer vergewe word nie. Hy volhard hardnekkig teen die beter wete in. *Maar die uitverkorene kan nie teen die Heilige Gees sondig nie. Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5, punt 6 (en 7): "Want God wat ryk is in barmhartigheid, neem volgens die onveranderlike voorneme van die uilverkiesing die Heilige Gees van sy eiendom, ook selfs in hulle droewige val, nie heeltemal weg nie, en Hy laat hulle nie só ver verval dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdigmaking uitval nie, of dat hulle die sonde tot die dood of teen*

*die Heilige Gees bedrywe en, geheel en al deur Hom verlate, hulleself in die ewige verderf stort nie"*.

**Onthou:**

Die Heilige Gees woon en werk in jou. Hy is ewig by jou. Bedroef Hom nie deur die sonde nie. Elke keer as jy sondig onthou dan dat jy besig is om die Gees van God te bedroef.

Wees dankbaar dat Hy die ewige lewe in jou werk want Hy is ook aan jou gegee. Dink daaraan as jy die predikant in die erediens die seën hoor uitspreek, naamlik: die gemeenskap van die Heilige Gees sy met u.

**Lees:**

N.G.B., art. 11; Dordtse Leerreëls, V, 6 en 7; Hand. 2; Rom. 8; Gal. 4:6 en die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 24: Sondag 21a – DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS

54. Vraag:

Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike Kerk?

*Antwoord:*

Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom ’n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou; én dat ek daarvan ’n lewende lid is en ewig sal bly.

---

Vraag 54:

In die werk van die Heilige Gees is in Sondag 20 genoem dat Hy in die gelowiges die gemeenskap met mekaar werk. Hierdie gemeenskap van hulle wat in Jesus Christus as hulle Verlosser glo, is die kerk van Jesus Christus.

In hierdie vraag word gevra na ons geloof aan die (eintlik één) heilige, algemene Christelike kerk. Dit is in die negende artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Antwoord 54:

1. In Sondag 7a is die uitverkiesing van God behandel. Die uitverkorenes bly in hierdie lewe nie alléén staan nie en is in die ewige lewe ook nie maar net ’n los getal mense nie. Die uitverkorenes word deur Jesus *saamvergader en saamverbind in die kerk*.

   Die woord kerk beteken: *die eiendom van die Here*.

   Daarom noem ons die kerk: *die vergadering van uitverkorenes*, die liggaam van Christus (*1 Kor. 12:12 en 27: “maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik” en Rom. 12:4 en 5; Ef. 1:23); moeder van die gelowiges (Gal. 4:26: “Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal”*); volk van God, huis, tempel en kudde van God.

2. *Hierdie kerk is een, heilig, algemeen en Christelik*.

a. *Een*:

Die kerk is een omdat dit een Hoof het naamlik Jesus Christus, van wie die kerk die liggaam is *(Ef. 4:4-6: "Dit is een liggaam en een Gees... een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal"*). Die geskeurdheid van die kerk op aarde moet ons bedroef en ons moet na die eenheid soek, maar ons mag die eenheid alleen soek in die een Hoof, Jesus Christus. Alle ander eenheid is vals en verwerplik (2 Joh.: 9 en 10).

b. *Heilig*:

Die kerk is heilig omdat Jesus heilig is (*Ef. 5:26 en 27: "om dit (die gemeente) te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die Woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kan stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel...; maar dat dit heilig... sou wees"*). Daar is soms onheilige beweging in die kerk wat ons moet bestry sodat ons bly groei op die wortel Jesus (Rom. 11:16).

c. *Algemeen*:

Die kerk is algemeen (katoliek) omdat dit onder alle volkere bestaan oor die hele wêreld (*Ef. 3:6: "dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam..."*) en dat in die kerk almal voor Christus gelyk is (*Gal. 3:28: "want julle is almal een in Christus Jesus"*).

d. *Christelik*:

Die kerk is Christelik omdat Jesus Christus die Hoof is en sy Woord die wet van die kerk (*Ef. 2:20 en 21: "gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou... verrys tot 'n heilige tempel in die Here"*).

3. Hierdie een, heilige, algemene Christelike kerk word vergader deur Jesus Christus; Hy vergader die uitverkorenes uit die ganse menslike geslag vanaf Adam tot die laaste mens wat gebore word; Hy vergader deur sy Woord en Gees en bind die gelowiges saam deur die ware geloof; ook beskerm en onderhou Hy die kerk sodat die poorte van die hel dit nie sal oorweldig nie.

*Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 27: "Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige*

*Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe, soos daaruit blyk dat Christus 'n ewige Koning is wat nie sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God bewaar of in stand gehou teen die woede van die hele wêreld; alhoewel dit somtyds 'n tyd lank baie klein is en in die oë van die mense skynbaar tot niet geraak het... Bowendien is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of tot sekere persone nie, maar dit is verspreid en verstrooid oor die hele wêreld; nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof.*

4. Die kerk bestaan uit drie dele: die gelowiges wat reeds dood is, dié wat nou lewe en dié wat nog gebore moet word. Ons noem die drie, wat natuurlik een bly, die triomferende, die strydende en die komende kerk.

   Maar nou onderskei ons nog die onsigbare en die sigbare kerk of die onsigbare en sigbare sy van die kerk. Die triomferende en komende kerk kan ons in elk geval nie sien nie, maar die strydende kerk wat ons in sy geheel ook nie kan sien nie, *word tog deur die verkondiging van die Woord sigbaar*. En hierdie sigbare kerk kom tot institueering, vandaar wat ons noem die *instituut van die kerk*.

5. In die instituut van die kerk onderskei ons weer die ware en die valse kerk.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29: "Ons glo dat met ywer en versigtigheid uit die Woord van God onderskei moet word wat die ware kerk is,.. Die merktekens om die ware kerk te ken is die volgende: As die kerk die suiwere prediking van die Evangelie uitoefen, as dit die suiwere bediening van die sakramente gebruik soos Christus dit ingestel het, as die kerklike tug gebruik word om die sondes te straf. Kort gesê, as almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles verwerp wat daarteen stry en Jesus Christus erken as die enigste Hoof... Wat die valse kerk betref, dit skryf aan homself en sy ordinansies meer mag en gesag toe as aan die Woord van God en wil hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie... Dit steun meer op mense as op Christus... Hierdie twee kerke kan maklik geken en van mekaar onderskei word."*

5. Ons glo verder dat ons van dié kerk, dit is die ware kerk, lewende lidmate is en dit ewig sal bly (*Joh. 10: 28: "En Ek gee hulle (my*

*skape, my kerk) die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" en Psalm 23:6: "Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae"*). Lewende lid van die kerk beteken dat ons — en alle uitverkorenes die ewige lewe sal beërwe en daarom ewig lid van die kerk sal bly. Maar dit beteken ook dat ons in die instituut van die kerk, in die ware strydende kerk, lewend en werksaam moet wees. Ons moet dus lewende lidmate wees ook van ons kerk wat soos ons glo, die ware kerk is. Daarom moet ons in ons kerk lewe en werk en stry. Daar is so veel te doen in 'n kort tydjie. Die Here roep ons, laat ons Hom altyd dien en eer in oorgegewenheid in die kerk. Daarom ook moet die gelowiges nie alléén bly staan nie maar luister na die bevel van die Here en hulle by die ware kerk voeg (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 28).

**Onthou:**

Jy is ook 'n gelowige. Die Here Jesus vergader jou ook. Hy voeg jou ook by al die gelowiges en maak jou lid van sy liggaam. Hy het jou gered, gekoop, en geruk uit die vuur om jou by sy kudde te voeg.

Wees dan nie net in naam lidmaat van die kerk nie; wees nie in die sonde dood en dood vir die kerk nie.

Die Here roep jou. Wees lewend vir jou kerk, en gehoorsaam en altyd ywerig om te doen.

**Lees:**

NGB., art. 27-29; die tekste hierbo genoem; Matth. 16:18; Ef. 1 en 2; Openb. 1:19 en 20.

## Hoofstuk 25: Sondag 21b –
## 1. DIE WELDADE WAT AAN DIE KERK GESKENK IS

55. *Vraag:*

Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

*Antwoord:*

Eerstelik, dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede aan die Here Christus en al sy skatte en gawes gemeenskap het. Ten tweede, dat elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend.

56. *Vraag:*

Wat glo jy van die vergewing van die sondes?

*Antwoord:*

Dat God ter wille van die voldoening van Christus aan al my sondes, ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry, nooit meer wil gedenk nie, maar my uit genade die geregtigheid van Christus wil skenk, sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.

---

Vraag 55:

Voordat die Kategismus die weldade wat aan die kerk geskenk is, behandel, spreek hy eers in vraag en antwoord 55 van die wese van die kerk soos dit geopenbaar word in die gemeenskap van die heiliges. Dit is die tweede deel van art. 9 van die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Antwoord 55:

1. Die gemeenskap van die heiliges is allereers *'n gemeenskap van die gelowiges met Jesus*.

   Afsonderlik en gesamentlik is ons aan Jesus verbonde, want Hy vergader ons en bind ons saam in sy liggaam deur die ware geloof. Hy doen dit, soos ons in Sondag 21a gesien het, deur sy Gees en Woord.

En soos in Sondag 20 gestel, is dit die werk van die Heilige Gees om die gemeenskap met Christus en met mekaar te vorm.

As ons met Christus gemeenskap het, beteken dit dat ons ook al sy skatte en gawes deelagtig 19 (Sondag 20 en 19). (*1 Joh. 1:3b: "en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus; Rom. 8:32: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?"*).

Dit is 'n *genadevoorreg* om te weet dat ons en alle gelowiges gemeenskap het aan Christus en al sy skatte. Die gelowiges is daardeur skatryk mense. In Sondag 19 het ons gesien dat Jesus die hemelse gawes in ons uitgiet; hier word dit sterker gestel: ons is Jesus se skatte deelagtig. Dit beteken: ons het deel aan die heerlikheid van Jesus. Hy is Koning van alle konings, Koning ook van die ryk van God, maar óns, arme mense, het aan dié hoogheid deel; die glans straal van Hom af op ons en ons weerkaats dit.

2. Die gemeenskap met Christus en die deel hê aan sy heerlikheid as *genadevoorreg*, lê die gelowiges ook 'n *genadeplig* of *genaderoeping* op. Elkeen moet weet dat hy geroepe is om sy gawes en skatte met vreugde tot nut en saligheid van die ander gelowiges aan te wend (*Filip. 2:4: "Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n"* en *Ef. 4:1b: "wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is"*).

   Dit is ons roeping en plig om te gee, aan ons medegelowiges te gee en te laat smaak en te laat voordeel trek van die gawes wat ons ontvang het. Ons het immers almal gawes ontvang; party baie en ander minder en daar is 'n heerlike verskeidenheid van gawes, maar omdat ons almal met Jesus gemeenskap het, moet ons ons gawes tot voordeel van mekaar gebruik. En dit moet ons gewillig en met vreugde doen.

   Wanneer dit gebeur, bestaan daar werklik gemeenskap; eenheidsgevoel ontstaan by die gelowiges; hulle word steeds meer en meer "een liggaam", die liggaam van Christus. Want hoe nader aan Christus, hoe nader ook aan mekaar.

Vraag 56:

Die eerste groot weldaad of gawe of skat wat die gelowiges, die kerk ontvang, is die vergewing van sondes. Wat wil dit sê? Dit is die tiende artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Antwoord 56:

1. Ons is die vergewing van sondes as 'n skat van Jesus deelagtig. Christus het voldoen, Hy het die rekening van God betaal. Daarom wil God ons ons sondige aard (die erfskuld) en ons sondes nie meer toereken nie, maar uit genade skenk Hy ons die geregtigheid as kwitansie op die rekening, sodat ons nooit in die strafgerig van God kom nie (*Joh. 3:18: "Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie"; 1 Joh. 2:1a: "En Hy is 'n versoening vir ons sondes"; 1 Joh. 1:7b: "en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sondes"*).

2. Hierdie groot weldaad van sondevergiffenis is reeds herhaalde kere behandel en daar word voor Sondag 52 nog 'n paar keer op terug gekom. Dit is nie onnodige herhaling nie, maar dit is die refrein van ons verlossingslied. Per slot van sake is die vergewing van die sondes die *hart* van die Evangelie en daarom ook die hart van die Kategismus. Luister na die refrein tot dusver:

   a. Wat met sy dierbare bloed vir al my sondes betaal het (Sondag 1).
   b. Ook aan my is vergewing van sondes geskenk (Sondag 7).
   c. Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (Sondag 11).
   d. Dat Hy my sonde voor die aangesig van God bedek (Sondag 14).
   e. Hy het vir ons die geregtigheid verwerf (Sondag 15).
   f. Om ons te bevry van die strenge oordeel van God (Sondag 15).
   g. Sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig maak (Sondag 17).

3. By herhaling wys die Kategismus ons op die middelaarswerk van Jesus en die genade van God. Van selfverlossing is daar geen sprake nie; alles is Christus se werk. Maar dit sluit die stryd teen die boosheid nie uit nie ("waarteen ek my hele lewe lank moet stry").

4. Die Roomse Kerk beweer dat Christus die ewige straf gedra het maar nie die tydelike straf nie. Deur boetedoening van die gelowiges moet die tydelike strawwe gedra word en die kerk moet hierdie sogenaamde boetes bepaal en vasstel.

Die Bybel leer ons ten owervloede dat hierdie leer verkeerd is. Jesus het voldoen vir al ons sondes en ook vir ons sondige aard. Daarvoor het Hy alle straf gedra.

**Onthou:**

Die Heilige Gees maak jóú ook Christus en al sy weldade deelagtig. Ook jy het gawes ontvang. Ondersoek jouself om te weet wat die gawes is en gebruik dit ook vir jou medegelowiges.

En, by herhaling, jou sondes is jou vergewe! Christus het vir jou betaal. God gedenk jou oortredinge nie meer nie.

Luister altyd na die hartklop van die Evangelie: Jy is vry! En wees altyd dankbaar.

**Lees:**

1 Kor. 12: 12-31; Ef. 4:1-6; Fil. 2:48 en die tekste hierbo aangehaal.

# Hoofstuk 26: Sondag 22 –
# 2. DIE WELDADE WAT DIE KERK GESKENK IS

57. *Vraag:*

Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?

*Antwoord:*

Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar dat ook hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en gelykvormig sal word aan die heerlike liggaam van Christus.

58. *Vraag:*

Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

*Antwoord:*

Dat, aangesien ek nou die beginsel van die ewige vreugde in my hart gevoel, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit wat geen oog gesien, geen oor gehoor en wat in die hart van geen mens opgekom het nie, en dit om God ewig daarin te prys.

---

Vraag 57:

Die tweede groot weldaad wat Christus aan die kerk geskenk het en wat uit die eerste voortvloei, is die opstanding van die vlees. (Vergewing van sonde is ŉ weldaad vir hierdie lewe en opstanding van die vlees vir die lewe na hierdie lewe).

Ons vra hier na die troos van die opstanding van die vlees.

Antwoord 57:

1. Die hele mens bestaan uit ŉ *siel* en ŉ *liggaam* wat saam ŉ eenheid is en afsonderlik nie meer mens is nie. Deur die dood word die siel en liggaam tydelik uiteengeskeur. Dan word die liggaam tydelik begrawe en word dit stof (*Pred. 12:7a: "en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het"*) terwyl die siel, die gees tot Christus opgeneem word indien die gestorwene in Hom geleef het (*Pred. 12:7b: "en die gees na God terugkeer wat dit gegee het"*), Indien die gestorwene nie in Christus gelewe het nie (deur die geloof natuurlik), wag sy siel in pyn

die ewige oordeel af. In die voleinding van die wêreld sal almal opstaan; liggaam en siel sal verenig word en die gelowiges gaan na die ewige lewe en die ongelowiges na die ewige verderf (Matth. 25:46 en Sondag 19).

2. Hierdie opstanding van die vlees, die liggaam, hierdie selfde vlees van my soos die Kategismus dit uitdruk — hou vir ons groot troos in. Ons weet dat ons gaan sterwe; ons weet dat dan ons siel en liggaam uiteengeskeur word; ons weet dat ons siel dadelik tot Christus opgeneem word *(Luk. 23:43: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"; Filip. 1:23: "Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste"*); ons weet dat ons lyk begrawe word en tot stof vergaan. Maar ons weet en glo ook dat ons sal opstaan en dat ons eie vlees verenig word met ons eie siel deur 'n wonder van God (*1 Kor. 15:42; So is dan ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid"*).

3. Dit is *dieselfde* liggaam of vlees wat opstaan; die verenigde liggaam en siel sal weer "ek" of "jy" of "hy" wees. Maar tog is die liggaam anders; dit is "gelykvormig aan die heerlike liggaam van Christus" (1 Joh. 3:2); 'n verheerlikte liggaam wat geen voedsel meer nodig sal hê nie en ook nie aan siekte en ouderdom en allerlei gebreke onderworpe sal wees nie (*1 Kor. 15:44: 'n natuurlike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam en daar is 'n geestelike liggaam"*). Maar hoe heerlik hierdie liggaam sal wees, weet ons nie. Die heerlikheid daarvan sal sekerlik alle verwagtinge oortref.

4. In hierdie lewe is daar sommige mense wat die liggaam belangriker ag as die siel. Dit is sondig en ook materialisties. Dink hier ook aan die oordrywing, amper verafgoding, van sport ter wille van die liggaam. Ander beskou weer die siel belangriker en verwaarloos hulle liggaam; die liggaam word as 'n soort gevangenis van die siel beskou. Ons moet die gesonde balans tussen siel en liggaam en die waarde van elkeen bewaar. Altwee is tog nodig om mens te wees. Ons sal dan ook weet om die siel en die liggaam te versorg tot eer van die Here.

5. Dit is goed as ons hier ook oor begrafnisse 'n enkele woord sê. As ons ons dierbares begrawe moet by die oop graf ons vaste geloof in die

opstanding van die vlees ons smarte oorstem. Die graf sal immers weer oopgaan op die opstandingsdag.

Ons wil geen bedekking met blomme nie, want die dood kan daarmee nie bedek word nie.

Ons wil geen handvol grond op die kis met die woorde "stof is jy en tot stof sal jy wederkeer" nie; dit is tog 'n vloek van God en by die graf is tog die genade en seën van Jesus ons geloof ook dat Hy die smaad van die graf vir ons weggeneem het.

Ons wil geen loslating van ons smarte nie, sodat ons buite onsself raak van verdriet en onverantwoordelike dinge doen of sê nie; maar ons wil die stille en ingehoue smart met die vaste geloof dat die Heilige Gees sal troos.

Ons wil geen verbranding van die lyk nie, want dit spreek van minagting van die liggaam en van 'n dood wat op vernietiging neerkom.

6. Maar as die graf en die kerkhof deur die tyd omgeploeg word? En as die see die graf is? En as daar geen graf is nie, soos wanneer 'n bom die liggaam aan duisend stukke skiet of dit verbrand word of deur diere verslind word? Hoe kan dan die graf oopgaan as dit nie daar is nie? Ons verstaan dit so, dat die hele aardbol een groot graf is wat op die opstandingsdag sal oopgaan en sy dodes sal teruggee. Wat 'n wonder! Wonder van God!

Vraag 58:

Die derde weldaad wat aan die kerk geskenk is, is die ewige lewe. Dit is tewens die laaste artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Ons vra na die betekenis en na die troos.

Antwoord 58:

1. Die ewige lewe is alleen moontlik omdat Jesus Christus in die diepste diepte van die ewige dood neergedaal en dit oorwin het. Wie in Jesus is, wie in Hom glo, sal daarom ewig lewe want Jesus is die lewe (*Joh. 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe"*).

   Van hierdie ewige lewe het ons reeds in hierdie lewe 'n voorsmaak. Reeds hier gevoel ons in ons hart die werkende lewende beginsel van

die ewige vreugde. Dit laat ons met sekerheid glo dat ons na hierdie lewe in die ewige lewe sal wees.

2. Inderdaad, na hierdie lewe sal ons volkome saligheid besit. En wat weet ons van hierdie ewige lewe? Ons weet dat daar geen sonde en dood meer sal wees nie want dit is in die poel van vuur gewerp (Openb. 20:14); geen smart of trane nie (*Openb. 12:4: “En God sal die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie…”*); alles is dan nuut en uitermate heerlik (*Openb. 21:5: “En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut”*); en die ewige lewe sal wees op die nuwe of nuutgemaakte aarde onder die nuwe hemel in die ewige Jerusalem (Openb. 21:9 e.v.); ewig skyn die lig van God self sodat son, maan en sterre nie meer nodig is nie en verdwyn het — alles is dan ewige heerlike lig van God self.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 37: Daarenteë sal die gelowiges en uitverkorenes met heerlikheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam bely voor God sy Vader en sy uitverkore engele; alle trane sal van hulle oë afgevee word; hulle saak, wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, sal erken word as die saak van die Seun van God, en as ’n genadige vergelding sal die Here hulle in besit stel van so ’n heerlikheid as wat die hart van ’n mens nooit sou kan bedink nie. Daarom verwag ons die grote dag met ’n groot verlange om ten volle te geniet die beloftes van God in Jesus Christus, onse Here.”*

3. Dit betaam ons om verder oor die grote heerlikheid te swyg in ootmoed, want die Skrif sê *(1 Kor. 2:9): “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ’n mens nie opgekom het nie, wat God berei vir dié wat Hom liefhet.”*

   Ons mag alleen dankbaar wees en die Here loof en prys, soos ons dit sal doen in die ewige lewe sonder om op te hou.

**Onthou:**

Hierdie groot weldade is ook aan jou gegee. Ook jy sal opstaan in die vlees en ewige lewe.

Lewe dan na die beginsel van hierdie ewige vreugde. En weet by die heengaan van jou dierbares dat jy, deur jou trane heen, by die graf, die geopende graf van Jesus mag sien en ook die oop graf van jou

dierbares; en dat jy deur jou smart heen mag bely: Ek glo aan die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe.

**Lees:**

Openb. 14:13; 20, 21 en 22; 1 Kor. 15; Job. 19:25-27; N.G.B., art. 37 en die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 27: Sondag 23 –
## WAT BAAT MY DIE WARE GELOOF?

59. *Vraag:*

Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

*Antwoord:*

Dat ek in Christus voor God regverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe.

60. *Vraag:*

Hoe is jy regverdig voor God?

*Antwoord:*

Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus; só dat al klaag my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is, God my nogtans, sonder enige verdienste aan my kant, uit louter genade die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken, asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het, vir sover ek dié weldaad met 'n gelowige hart aanneem.

61. *Vraag:*

Waarom sê jy dat jy alleen deur die geloof regverdig is?

*Antwoord:*

Nie dat ek vanweë die waardigheid van my geloof God welgevallig is nie; maar daarom, dat alleen die voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is, en dat ek dit nie anders as alleen deur die geloof kan aanneem en my kan toeëien nie.

---

Vraag 59:

In Sondag 7 tot 22 is nou die inhoud van ons ware geloof behandel, naamlik "alles wat ons in die Evangelie beloof word en wat die artikels van die algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer."

Maar nou moet ook die vraag gestel word: Al hierdie heerlike dinge wat ek geleer het van God die Vader (en ons skepping) en van God die Seun (en ons verlossing) en van God die Heilige Gees (en ons heiligmaking) — is dit ook alles vir my bedoel? Wat baat dit my, persoonlik, dat ek hierdie dinge glo?

Antwoord 59:

1. Jesus Christus is ons Middelaar; Hy staan tussen die Vader en ons in. Dit is die gedagte wat ons telkens weer teengekom het in Sondag 7-22. Maar nou sê die Kategismus ons nog 'n keer met ander woorde wat dit beteken. In Christus, ons Middelaar, is ons deur die geloof regverdig voor God *(Rom. 5:1: "Omdat ons dan uit die geloof regverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus"*) en ook erfgename van die ewige lewe *(Hebr. 9:15: "Hy is Middelaar van 'n nuwe testament sodat... die wat geroepe is (die gelowiges), die belofte van die ewige erfenis kan ontvang"*).

2. Die bate van die geloof is dus: *ons is regverdig voor God*.

   *Die regverdigmaking of regverdigverklaring is 'n geregtelike daad van God, waardeur Hy dié sondige mens vryspreek van skuld en hom die reg gee op die ewige lewe.*

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 23: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergifnis van ons sondes om Jesus Christus wil en dat daarin ons regverdigheid voor God saamgevat is; soos Dawid en Paulus ons leer wat verklaar, dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid sonder werke toereken. En dieselfde apostel sê dat ons verniet of uit genade geregverdig word, deur die verlossing wat in Jesus Christus is."*

Vraag 60:

Hoe vind hierdie geregtelike daad van God plaas? Hoe is ons regverdig voor God? Is daar 'n soort hofsaak?

Antwoord 60:

1. Ons is alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus regverdig voor God (*Rom. 3:22: "...die geregtigheid van God deur die geloof in Jesus Christus"*). Alleen as dit werklikheid is dat Jesus tussen ons en die Vader in staan as ons Middelaar — en as ons Hom daar deur die

geloof sien en waaragtig glo dat Hy daar is — is daar sprake van regverdigmaking.

Maar nou gaan die Kategismus voort met die woordjie “só”, en dan ontvou die geregtelike daad van God hom voor ons oë:

Ons, arme sondare, is die aangeklaagdes wat voor die regterstoel van God staan. Die aanklag is:

a. Ons het teen al die gebooie van God swaar gesondig.
b. Ons het nie een daarvan onderhou nie.
c. Ons is gedurigdeur tot alle boosheid geneig.
d. Ons kan die wet van God nie volbring en ons móét.

God is die Regter. Hy gee uitspraak en vel sy vonnis:

a. Die uitspraak is: Skuldig.
b. Die vonnis is: Die ewige dood.

Maar ’n wonder gebeur. Tussen die Regter en die aangeklaagdes in kom Jesus, die Middelaar staan. Hy is onskuldig, maar word tot skuldig gemaak; Hy is Seun van God, maar dra die smadelike vonnis van die ewige dood. Die uitspraak en die vonnis tref Hom om ons ontwil en die uitspraak van die Regter oor ons, skuldige ellendelinge. Word ’n vryspraak:

a. Ons is geheel skuldig en verdien niks nie.
b. Maar Christus het reeds die vonnis ondergaan.
c. Die Middelaar het voldoen; sy voldoening word ons geskenk.
d. Die Middelaar het geregtigheid verwerf; sy geregtigheid word ons geskenk.
e. Die Middelaar is heilig; sy heiligheid word ons geskenk.
f. En dan die finale vryspraak: God sien ons, arme sondare, nou aan deur die Middelaar asof ons nooit sonde gehad het nie, nooit skuldig was nie en volbring het wat Christus volbring het.

2. Verstaan ons dan nou die wonder wat gebeur as Jesus, die Middelaar, tussen ons en God gaan staan? Dan sien die Vader Jesus se voldoening, geregtigheid en heiligheid — en Hy skenk ons dit uit louter genade. Sal ons dit dan nie waaragtig glo nie? Sal ons hierdie weldaad nie dankbaar met ’n gelowige hart aanvaar nie? Sekerlik doen ons dit!

Vraag 61:

Ons moet die verband tussen die geloof en die regverdigmaking egter goed verstaan. Daarom hierdie vraag.

Antwoord 61:

1. Die wonder van die geregtelike vryspraak van God vind *alleen* plaas uit louter genade en om Christus wille. Daarom kan dit nie plaasvind op grond van ons geloof nie. Dit bly altyd en alleen op grond van Christus se voldoening, geregtigheid en heiligheid.

   As ons dan sê dat ons deur die geloof geregverdig is, bedoel ons daarmee dit: Die *inhoud* van ons geloof is dat Christus voldoen het en die geregtigheid verwerf het en dat die Vader ons dit toereken. Hierdie inhoud van die ware geloof word eers ons eie as ons dit werklik en opreg glo. So kan ek dié regverdigmaking, wat inhoud van die geloof is, my dus alleen toeëien as ek ook werklik glo (1 Kor. 1:30; 2:2; 1 Joh. 5:10).

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 22 (laaste deel): "Maar om duidelik te spreek, ons verstaan dit nie so dat die geloof self ons regverdig maak nie, want dit is maar 'n middel waardeur ons Christus, ons Regverdigheid, omhels. Maar Jesus Christus, wat ons al sy verdienste toereken en al die heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, Hy is ons Regverdigheid, en die geloof is 'n middel wat ons met Hom verbind in die gemeenskap aan al sy weldade wat nou dat hulle ons eiendom geword het, vir ons meer as genoeg is om van ons sondes vrygespreek te word."*

**Onthou:**

Jy is in Christus regverdig voor God. Pasop dat jy nie gaan dink dat jy nog geregverdig *sal word* nie.

Wat 'n groot troos as jou sonde jou neerdruk en jou gewete jou aanklaag, om te weet dat jy nogtans geregverdig is.

Glo dan wat jy bely en bely wat jy glo.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem: N.G.B., art. 22 en 23; Psalm 32; Rom. 8:31 e.v.

## Hoofstuk 28: Sondag 24 –
## DIE GEREGTIGHEID IS NIE UIT DIE WERKE NIE

62. *Vraag:*

Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God, of ’n deel daarvan wees nie?

*Antwoord:*

Omdat die geregtigheid; wat voor die strafgerig van God kan bestaan heeltemal volkome en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God, en dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes bevlek is.

63. *Vraag:*

Hoe? Verdien ons goeie werke niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon?

*Antwoord:*

Hierdie beloning word nie uit verdienste gegee nie, maar uit genade.

64. *Vraag:*

Maar maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie?

*Antwoord:*

Nee; want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur ’n waaragtige geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie.

---

Vraag 62:

Sondag 23 leer ons dat alleen Christus se geregtigheid ook ons geregtigheid voor God is. Sondag 24 wys ons nou op ’n verkeerde opvatting oor die saak.

Eerstens die vraag of die gelowige nie self hierdie geregtigheid kan verwerf of uitwerk nie of dat hy in die verwerwing daarvan ’n aandeel kan hê.

Antwoord 62:

1. Wat is die *eis* van God se geregtigheid (Sondag 5)? God eis dat aan sy geregtigheid voldoen moet word, dat sy rekening ten volle betaal moet word, dat sy wet ten volle onderhou moet word. Aan hierdie eis het, soos ons geleer het, alleen Jesus Christus voldoen. Hy het daardeur, deur sy werke, die geregtigheid verwerf en dit ons deelagtig gemaak. En daarom alleen is ons regverdig voor God, daarom is ons deur die Vader regverdig verklaar. Christus het die vryspraak dus *reeds verwerf*, dit is daar, die hemelpoort is oop. Wat kan ons daar nog aan doen of toedoen?

2. Verder, aan die eis van God se geregtigheid kan óns immers nie voldoen met ons goeie werke nie (wat goeie werke is word in Sondag 33 behandel), omdat ons goeie werke dan geheel en al in ooreenstemming met die wet van die Here moet wees. En dit kan nie, soos in Sondag 2 reeds bely is, naamlik: Ons kan die wet van God nie ten volle onderhou nie omdat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Daarom is ook al ons goeie werke in hierdie lewe onvolkome en besoedel en bevlek met sonde. Hieroor is die Skrif baie duidelik:

   *Ef. 2:8, 9: "Want uit genade is julle gered deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."*

   *Gal. 3:10: "Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."*

   *Jak. 2:10: "Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword."*

   *Jes. 64:6: "En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons ongeregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind."*

3. Die feit bly dus staan: Alleen deur die geloof, alleen deur die geregtigheid van Christus, is ons regverdig voor God — en nie deur die werke nie.

Vraag 63:

Hoe moet ons dit verstaan? God wil ons goeie werke tog beloon? Is dit dan nie verdienste nie?

Antwoord 63:

1. Dit is duidelik uit die Bybel dat God die goeie werke wil beloon: *Matth. 26:13: "Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar."*

   *Matth. 10:42: "En elkeen wat een van hierdie kleintjies net 'n beker koue water laat drink, omdat hy 'n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie."*

   *Matth. 5:12: "Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele."*

   *Openb. 14:13: "... Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg met hulle."*

2. Maar hierdie beloning is geen verdienste nie; dit is alleen genade. Dit bly dus staan dat ons geregtigheid deur die geloof en nie deur die werke is nie; ons geregtigheid is die *verdienste* van Christus, pure genade. En as die Here God ons bo hierdie verdienste nog beloon ter wille van ons goeie werke, is dit ook nog genade en geensins verdienste van ons kant nie *(Luk. 17:10: "So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen"). Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 24: "So doen ons dan goeie werke, maar nie om iets te verdien nie... Intussen wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, ons grond tog nie ons saligheid daarop nie, want ons kan geen werk doen nie of dit is besmet deur ons vlees, en ook strafwaardig."*

4. God beloon die goeie werke in hierdie lewe; in die onderhouding van die gebooie van God lê groot loon. As mens jou geestelike werk doen en, nie slordig lewe nie, gaan dit goed en elke gelowige kan getuig van die seën wat God gebied. Ook in die toekomende lewe lê daar loon vir die goeie werke. Maar nooit is dit verdienste nie.

Vraag 64:

Alles is dus genade. Ons, hele geregtigheid voor God is alleen genade ter wille van Jesus.

Maar kan ons dan nou sorgeloos lewe en geen goeie werke doen en dink dat alles wel sal reg kom omdat ons daar tog niks aan kan doen of toedoen nie?

Antwoord 64:

1. Daar is mense wat leer dat ons goeie werke *wel* bydra tot die verwerwing van ons geregtigheid voor God. So het die Fariseërs gemeen dat hulle deur onderhouding van die wet self saligheid kan *verdien*, en die Roomse Kerk leer dat goeie werke aansienlik bydra tot die verdienste van die geregtigheid.

   As ons hierdie leer op grond van die Bybel verwerp, redeneer dié mense só: As jy nie vir jou verdienste hoef te werk nie of iets daaraan kan doen nie, sal jy ook geen goeie werke meer doen nie. Dan word jy oppervlakkig en sorgeloos en goddeloos.

2. Dit is nie so nie. Ons is en bly *deur* die geloof regverdig en nie *deur* die werke nie — maar tog ook nie *sonder* die werke nie (*Jak. 2:17: "Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood"*). As ons deur die geloof in Christus ingeplant is, kan ons ook nie anders as om goeie vrugte te dra nie (*Joh. 15:15: "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra baie vrug"*).

   Dit is die *aard* van die gelowige om vrug te dra, om goeie werke te doen. Ons kan nie sorgeloos word nie. Ons glo en daarom doen ons ook goeie werke. Glo ons nie of is die geloof swak, dan is daar ook geen vrugte nie. En die ware gelowige word juis aan sy geloofsvrug geken *(Matth. 7:17: "So dra elke goeie boom goeie vrugte"*).

3. Juis dié mense wat meen dat die werke verdienste is, word sorgeloos en oppervlakkig. Hulle stel hulle tevrede met goeie werke, terwyl die groot saak, die geloof, op die agtergrond gedruk word. Hoofsaaklik daarom is die Roomse Kerk so verskriklik veruitwendig.

4. *Die werkverbond en die genadeverbond*.

   Ons moet by hierdie Sondag ook aandag skenk aan die werkverbond en die genadeverbond.

Wat is ’n verbond eintlik? Dit is ’n verbintenis tussen twee partye teenoor ’n derde party; dit is ’n formele ooreenkoms waarin bepaal word:

a. wat die regte en pligte van elke party is;
b. wat die onderhouding van die ooreenkoms as vrug inhou; die beloftes van die verbond;
c. wie die vyandige derde party is.

So bestaan daar ’n verbond tussen God en die mens waardeur die gemeenskap tussen God en mens moontlik is en waardeur die mens God kan dien. Die verbond is eintlik die *wese* van die godsdiens.

*Die werkverbond:*

1. God het met Adam in die Paradys ’n verbond gemaak teen die duiwel.

2. In dié verbond het God geëis dat die mens Hom vrywillig moet dien in absolute gehoorsaamheid. Dit is die *eis* van die verbond.

3. Die *belofte* van die verbond was die ewige lewe wat die mens sou verwerf as hy aan die eis van die verbond voldoen.

4. Die *verpligting* van die verbond was dat die mens van sy kant gelowig moes lewe ooreenkomstig die wil van God en om Hom te dien en te gehoorsaam.

   Langs die weg, van sy werke, goeie werke in gehoorsaamheid aan die wil van God, sou die mens die ewige lewe bereik. Daarom noem ons die verbond die *werkverbond*.

5. Om vas te stel of die mens deur sy werke regverdig voor God sou wees, het God die mens ’n proefgebod gegee (Gen. 2:9, 16, 17). Hy het die boom van die kennis van goed (die wil van God) en kwaad (die wil van die duiwel) gegee en verbied dat daarvan geëet mag word. Die nakoming van die plig van die mens in die werkverbond is dus op die proef gestel. Ongehoorsaamheid sou God straf met die ewige dood.

6. In ongeloof het die mens van sy kant die werkverbond *verbreek*. Hy het geweier om langs die weg van gehoorsaamheid die ewige lewe te bereik en het daardeur die ewige dood verkies.

7. Maar God het van sy kant die verbond gehou en die verbondseis gehandhaaf. Die één weg tot die ewige lewe het gehandhaaf gebly: absolute gehoorsaamheid aan die wil van God, volbrenging van die eis van die werkverbond. Dit is die “jy moet” en die “jy kan nie” van Sondag 2, 3 en 4.

*Die genadeverbond:*

1. God handhaaf die eis van die werkverbond, maar in sy genade stel Hy 'n tweede Adam, onse Here Jesus Christus, daar om die eis van die werkverbond te volbring. En Christus volbring dit volkome in absolute gehoorsaamheid, waardeur Hy die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.

2. Nou rig God 'n nuwe verbond met die gevalle mensheid op deur sy genade in Christus Jesus. Daarom noem ons dit die *genadeverbond*.

3. Die *Hoof* van die genadeverbond is Jesus Christus, en die verbond is ook teen die duiwel opgerig.

4. Die *eis* van die genadeverbond is die eis van die werkverbond, naamlik dat aan die wil van God om Hom te dien in absolute gehoorsaamheid vrywillig voldoen word.

   Aan hierdie eis van die verbond het Jesus Christus ten volle voldoen en daardeur die ewige lewe en die geregtigheid verwerf.

5. Die *belofte* van die genadeverbond is dat God in genade die verdienste van Christus, naamlik die geregtigheid en die ewige lewe, aan die lede van die verbond, naamlik die uitverkorenes, skenk en toereken.

6. Van die mens se kant is daar in die genadeverbond die *verpligting* en die *roeping* tot selfbeproewing en bekering, soos die Doopsformulier dit sê:

   *“dat ons die enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, moet aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele gemoed en met al ons kragte, dat ons die wêreld moet versaak, ons oue mens moet kruisig en in 'n godsalige lewe moet wandel.”*

7. Ons aanvaar die *weldade* wat God in hierdie verbond aan ons skenk, naamlik die geregtigheid en die ewige lewe, deur die ware *geloof*, en word só in Christus ingelyf (Sondag 7) of ingeplant (Sondag 24) en dra dan goeie vrugte of doen goeie werke".
8. Die tekens van die genadeverbond is die doop en die nagmaal. Daaroor handel die volgende Sondag.

**Onthou:**

Toets altyd jou geloof aan jou werke en wees 'n goeie boom wat goeie vrugte dra. Doen dit tot eer van die Here. Al gee jy net 'n beker water aan "een van die kleintjies", dit is gelowiges.

Christus het alles vir jou volbring. Laat jou nie verlei om te dink dat jy self jou geregtigheid of 'n deel daarvan kan verwerf nie.

Pas op vir die Metodisme. Dit wil ook die weg van die werke bewandel en dit loën die genadeverbond.

**Lees:**

N.G.B. 21; Joh. 15; en die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 29: Sondag 25 –
# DIE GENADEMIDDELS:
# DIE WOORD EN DIE SAKRAMENTE

65. *Vraag:*

Aangesien alleen die geloof ons Christus en al sy weldade deelagtig maak, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

*Antwoord:*

Van die Heilige Gees wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige Evangelie en versterk deur die gebruik van die Sakramente.

66. *Vraag:*

Wat is Sakramente?

*Antwoord:*

Die Sakramente is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël; naamlik dat Hy ons vanweë die enige slagoffer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

67. *Vraag:*

Is die Woord en die Sakramente dan altwee daarvoor bedoel of daartoe verorden om ons geloof op die offerande van Jesus Christus aan die kruis as op die enigste grond van ons saligheid te wys?

*Antwoord:*

Ja, seker; want die Heilige Gees leer ons in die Evangelie en verseker ons deur die Sakramente dat ons volkome saligheid in die enige offerande van Christus geleë is, wat vir ons aan die kruis volbring is.

68. *Vraag:*

Hoeveel Sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

*Antwoord:*

Twee, naamlik die heilige Doop en die heilige Nagmaal.

---

Vraag 65:

Die vraag herhaal weer die groot saak: die saligheid kom alleen deur die geloof.

Nou word gevra na die oorsprong van dié geloof.

Antwoord 65:

1. Sondag 23 en 24 leer dat die geregtigheid deur die geloof is en nie deur die werke nie. As die geloof dan so 'n uiters belangrike saak is, moet ons ook weet waar die geloof vandaan kom. Moet ons die oorsprong van die geloof in die mens self soek?

   Nee, die geloof kom nie maar vanself in ons op nie en iemand kan nie maar willekeurig glo as hy wil nie; die geloof kom van *buite* af na ons toe. Dit word deur die Heilige Gees aan ons geskenk (*Ef. 2:8: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit (die geloof) is die gawe van God"; Filip. 1:29: "omdat dit aan julle terwille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie ...*").

   Die hele genade van God kom immers van buite af, van God af na ons toe; ook die geloof, waardeur ons dié genade aanneem, kom van God. Alles kom van die Here en niks van onsself nie.

2. Op die vraag hoe die Heilige Gees ons dan die geloof skenk, is die antwoord Hy gebruik die *genademiddels*, waardeur Hy die geloof in ons inplant en versorg en ons die genade van Christus deelagtig maak, Daar is twee genademiddels, naamlik die Woord en die Sakramente.

4. Deur die Woord van God *werk* die Heilige Gees die geloof in ons (*Rom. 10:14, 17: "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God"*). Ons het die Woord van God, dit is die Bybel, altyd by ons. Maar die Woord is 'n werkende Woord; die Heilige Gees bring die uitverkorenes

daardeur tot die geloof. Deur die Bybel te lees, die verkondiging daarvan aan te hoor, dit te oorpeins en daarna te vlug in tye van nood en aanvegting, is die Gees steeds besig om tot die geloof te bring en ook die geloof op te bou. God spreek die woorde, maar ons hoor dit alleen deur die werk van die Heilige Gees en daardeur kom ons tot die geloof (*1 Petr. 1:23-25: "want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is"*).

4. Die Bybel is die Woord van God of die Openbaring van God wat Hy laat neerskrywe het as 'n maatstaf vir die gelowiges van alle eeue. Die Heilige Skrif het dus deur die wil van God ontstaan (*Hand. 1:16; 2 Tim. 3:16 en 2 Petr. 1:21: "want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek"). Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 3: "Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek... Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel, en Hy het self met sy vingers die twee tafels van die Wet geskrywe. Om dié rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike Geskrifte."* Die Bybel is verder deur ongeveer 30 skrywers geskrywe, maar dit wat hulle geskrywe het, is alles deur die Heilige Gees ingegee. Ons noem dit die *inspirasie*, naamlik: die Heilige Gees het met sorg die skrywers gekies en geroep en hulle alles ingegee wat hulle moes skrywe, maar dit het nie buite hulle persoon omgegaan nie, dit was organiese inspirasie. So is die hele Bybel die Woord van God.

   Die *oorsprong* van die Bybel is dus Goddelik. Dit sien ons ook aan:

   1) die verhewe leer van die Bybel;
   2) die profesieë wat volkome vervul is en nog sal word;
   3) die eenheid van die Bybel en
   4) die selfgetuienis van die Bybel waardeur die Gees ons verseker dat dit die Woord van God is.

Ons glo en bely verder van die Bybel vier eienskappe wat vir die gelowiges baie belangrik is:

1) die Bybel het Goddelike *gesag*;
2) die Bybel is *noodsaaklik* om God te kan ken;
3) die Bybel is *duidelik*, elkeen wat glo kan daarin die weg tot die saligheid vind en
4) die Bybel is *genoegsaam*, daar hoef niks meer by te kom nie.

*Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 25: "Net al hierdie boeke (dit is die boeke wat in art. 4 genoem is) neem ons aan as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie juis omdat die kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid dat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is; en omdat hulle ook die bewys daarvan in hulleself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is."*

*Art. 6: "Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word... Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat, is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte volkome is. En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook gewees het, mag met die Goddelike Skrifte gelykgestel word nie ..."*

6. Die tweede genademiddel is die *sakramente*.

Hierdie middel word deur die Heilige Gees gebruik om die geloof wat Hy deur die Woord gewerk het, te *versterk*.

Baie dinge werk die geloof teë; die duiwel en die wêreld en die sonde wil maar altyd die werk van die Gees probeer afbreek. Dan ontstaan daar twyfel en die geloof sink naderhand in. Daarom is die Heilige Gees altyd maar besig om die geloof te versterk; Hy gebruik daarvoor baie middels soos die gebedslewe, beproewinge, vreugde, lees van die Bybel en luister na die verkondiging daarvan. Die *besondere middels* wat Hy egter gebruik is die sakramente.

7. Die sakramente is egter nie los van die Woord of selfstandig daarteenoor nie. Dit is altyd aan die Woord verbonde en kom, as 'n middel, eers ná die Woord as die tweede en die tweede belangrike.
8. Die Woord is en bly dan ook altyd die *middelpunt* van die erediens. Die Roomse Kerk leer dat die sakramente die middelpunt is en die Woord eintlik daaraan ondergeskik. Dit het by hulle gelei tot gruwelike afgodery.

Vraag 66:

Ons moet nou vasstel wat sakramente is.

Antwoord 66:

1. Die sakramente is heilig, afgesonder vir die diens van God; dit is ook sigbaar. In die Woord laat die Heilige Gees ons *hoor* en in die sakramente laat Hy ons *sien*.
2. Die sakramente is ook *waartekens* waardeur die Here ons die belofte van die Evangelie des te beter laat verstaan. Dit is soos prentjies of illustrasies by sy Woord om dit te verduidelik. Hy spreek in sy Woord van die afwassing van die sondes deur die bloed van Christus, en laat ons dit *sien* in die handelinge van die doop. Hy spreek in sy Woord van Jesus wat sterf en dat ons sy liggaam en bloed moet eet en drink, en Hy laat ons dit sien in die brood en wyn van die nagmaal. So is die sakramente dan waartekens (*Gen. 17:11: God sê dat die besnydenis 'n teken sal wees van die verbond tussen My en julle"*).
3. Die belofte van die Evangelie word ook deur die sakramente verseël (*Rom. 4:11: "En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof..."*), d.w.s. God plaas sy seël onder die teken waardeur ons met sekerheid kan weet dat die teken die volle waarheid is, dat dit van God kom en dat dit wat verseël word, ook vir ons bedoel is.
4. En dit wat met dié tekens afgebeeld en verseël word, is niks anders nie as die vergewing van sondes en die ewige lewe wat ons uit genade ter wille van Jesus geskenk word.

Vraag 67:

Hier word nog eens gevra na die verhouding tussen die Woord en die sakramente. Gee die sakramente nie miskien iets meer of iets anders as die Woord nie?

Antwoord 67:

1. Die enigste grond van ons saligheid is die offerande van Christus aan die kruis. En die Heilige Gees leer ons dit deur die Woord en verseker ons dit deur die sakramente. Daarby gaan die Woord altyd voorop en die sakramente is niks meer as bevestiging van die Woord nie.

2. Maar dit beteken nie dat ons die sakramente moet onderskat nie asof ons hulle nie moet gebruik nie. Inteendeel, ons het immers die versekering nodig en die sakramente is ook bevel van Jesus.

   Aan die ander kant moet die sakramente ook nie oorbeklemtoon word nie, soos die Roomse; Kerk dit doen deur die sakramente in die middelpunt van sy leer te plaas; en dan leer Rome dat die sakramente self die genade skenk of die grond van die saligheid is. Dit is verkeerd, want die sakramente bly alleen bevestiging van die enigste grond van ons saligheid, naamlik die offer van Christus Jesus.

Vraag 68:

Ons moet ook uit die Bybel vasstel hoeveel sakramente die Here ingestel het.

Antwoord 68:

1. Die Roomse Kerk leer dat daar sewe sakramente is, naamlik die doop, nagmaal, vormsel (vir jong lidmate), bieg (sondebelydenis voor die priester), huwelik, priesterwyding en die laaste oliesel (vir die sterwendes).

   Daar is egter nie sewe sakramente nie, maar slegs twee. Die Bybel leer dat alleen die doop en die nagmaal deur die Here ingestel is as heilige waartekens en seëls van sy verbond.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 33: “Ons glo dat ons goeie God deur ag te gee op ons stompsinnigheid en swakheid, vir ons die Sakramente verorden het om aan ons sy beloftes te verseël en om pande te wees van die goedheid en genade van God jeens ons en ook om ons geloof te voed en te onderhou. Hy het dit by die woord van die Evangelie gevoeg om des te beter aan ons uiterlike sinne voor te stel wat Hy ons te kenne gee deur sy Woord, sowel as wat Hy inwendig doen in onse harte, deur in ons vas en seker te maak die saligheid wat Hy ons meedeel. Want dit is sigbare waartekens en seëls van ’n inwendige en onsigbare saak deur middel waarvan God in ons werk*

*deur die krag van die Heilige Gees. So is dan die tekens nie tevergeefs en ledig om ons te bedrieg nie, want hulle waarheid is geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenloos sou wees. Verder is ons tevrede met die getal van die Sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons verorden het, wat net twee is, naamlik die Sakrament van die Doop en van die Heilige Nagmaal van Jesus Christus."*

**Onthou:**

Jou geloof is 'n gawe van God. Die Heilige Gees werk en versterk daar daagliks aan deur die Woord. Elke Sondag, as jy kerk toe gaan, versterk die Gees jou geloof deur die diens van die Woord en ook deur die sakramente.

Ag die sakramente nie hoër as die Woord nie en sorg dat jy nooit sonder wettige rede van die kerk wegbly nie.

Laat jou Bybel ook altyd oop wees, lees dit want dit is 'n werkende Wood deur die Heilige Gees.

**Lees:**

N.G.B., art. 33; die tekste hierbo genoem; Gal. 3:27 en Dordtse Leerreëls, III—IV:17.

## Hoofstuk 30: Sondag 26 –
## DIE HEILIGE DOOP

69. *Vraag:*

Hoe word jy in die heilige Doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offerande van Christus wat aan die kruis gebring is, jou ten goede kom?

*Antwoord:*

Só, dat Christus hierdie uitwendige waterbad ingestel het en daarby beloof het dat ek net so seker met sy bloed en Gees gewas is van die onreinheid van my siel dit is, van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem.

70. *Vraag:*

Wat beteken dit om met die bloed en die Gees van Christus gewas te word?

*Antwoord:*

Dit is om van God vergewing van sondes uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offerande aan die kruis vir ons vergiet het; en dan ook om deur die Heilige Gees vernuut en geheilig te wees tot lede van Christus, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en in ’n Godsalige, onberispelike lewe wandel.

71. *Vraag:*

Waar het Christus ons beloof dat Hy ons so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

*Antwoord:*

In die instelling van die Doop wat aldus lui: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matth. 28:19); en: Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word (Mark. 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die Doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem (Titus 3:5; Hand. 22:16).

---

Vraag 69:

Die doop is 'n teken en 'n seël. Die teken verduidelik ons en die seël verseker ons van die offerande van Christus as die grond van ons saligheid. Hoe verduidelik en verseker die doop dit?

Ons vra na die *wese* van die doop.

Antwoord 69:

1. Jesus het die doop ingestel (Matth. 28:19) en Hy het daarby hierdie belofte gegee: water neem die onsuiwerheid van die liggaam weg; ons word met water gedoop; net so seker as wat die water ons *skoonwas*, net so seker is ons deur die bloed en Gees van Christus *skoongewas* van die onreinheid van ons siel. Dit is, al ons sondes is deur Christus weggewas met sy bloed en Gees. Dit is die *wese* van die doop.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 34: "So het Hy dan bevel gegee om almal wat sy eiendom is… te doop, alleen met rein water; om daarmee te kenne te gee, dat net soos die water die vuilheid van die liggaam afwas wanneer ons daarmee begiet word — wat gesien word op die liggaam van hom wat die doop ontvang en wat hom besprinkel — so ook doen die bloed van Christus dieselfde inwendig in die siel en reinig dit van sy sondes en wederbaar ons uit kinders van die toorn tot kinders van God."*

2. Die doop met water wys ons dus op die kruis en die bloed van Christus. Hierdie offerande beteken vir ons vergewing van sondes en die ewige lewe.

   En, let op, dit geld vir ons hele lewe, al word ons slegs een keer gedoop. Ons moet altyd aan ons doop bly dink en daaruit die sekerheid put dat ons skoongewas is.

Vraag 70:

Ons vra nou na die *betekenis* van die doop.

Antwoord 70:

1. Die doop verseker ons van die belofte dat ons met die bloed en Gees van Christus gewas is. Wat beteken hierdie wassing eintlik?

2. In antwoord 67 het ons geleer dat die sakramente ons ook heenwys na die offerande van Christus aan die kruis. Die offerande is betaling van God se rekening. Gewas in die bloed van Christus beteken dus niks anders nie as dat Christus gesterf het en dat sy bloed, sy dood, God versoen het en dat ons daarom vergewing van sondes ontvang het (*1 Joh. 1:7: "Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde"*).

   Die doop wys ons dus op en verseker ons van die *regverdigmaking*.

3. Gewas met die Gees van Christus beteken dat die Heilige Gees ons, wat nou vergewing van sondes of die regverdigmaking ontvang het; vernuut en heilig tot lede van Christus. Daarmee is Hy altyd besig sodat ons altyd meer en meer die sondes afsterwe en in 'n onberispelike lewe wandel. Die doop wys ons dus op en verseker ons van die *heiligmaking* (*1 Kor. 6:11: "maar julle het julle laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God"; Rom. 6:3, 4: "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel"*).

Vraag 71:

In hierdie vraag word die instelling van die doop behandel.

Antwoord 71:

1. Die doop was in Jesus se tyd nie 'n onbekende saak nie. Daar was die sogenaamde *proselietedoop* waarmee mense wat uit die heidendom na die Jodendom oorgekom het, gedoop is; verder was daar ook die doop van Johannes waarmee Christus gedoop is.

2. Die doop is deur Jesus self ingestel na sy opstanding en kort voor die hemelvaart (Matth. 28:19). Die doop is dus 'n Goddelike waarteken en seël.

3. Die doop word deur Christus direk aan die geloof verbind, naamlik die geloof in die Vader en die Seun en die Heilige Gees; want wie glo, sal gered word en wie nie glo nie sal verlore gaan. *Doopsformulier: "Daarom word ons gedoop in die Naam van God, van die Vader en die*

*Seun en die Heilige Gees. Want as ons gedoop word in die Naam van die Vader, dan betuig en verseël God die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem en daarom ons met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of ons ten beste wil keer. En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, dan verseël die Seun aan ons dat Hy ons was in sy bloed van al ons sondes... sodat ons regverdig voor God gereken word. En as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, dan verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig...*"

4. Die doop is verder ook 'n bevel van Christus. Dit moet gedoen word en is daarom in die kerk noodsaaklik.

**Onthou:**

Jou doop bly jou lewe lank vir jou van groot betekenis. Pas op dat jou doop nie vir jou 'n aanklag word nie. Dink daar altyd aan as jy in die kerk sien hoedat 'n kindjie gedoop word.

**Lees:**

N.G.B., art. 34; die tekste wat hierbo genoem word en die eerste deel van die Doopsformulier.

## Hoofstuk 31: Sondag 27 –
## DIE HEILIGE DOOP II

72. *Vraag:*

Is die uiterlike waterbad dan die afwassing van die sondes self.

*Antwoord:*

Nee; want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.

73. *Vraag:*

Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van sondes?

*Antwoord:*

God spreek so nie sonder gewigtige redes nie; naamlik nie alleen om ons daardeur te leer dat net soos die onsuiwerheid van die liggaam deur die water, so ook ons sondes deur die bloed en die Gees van Christus weggeneem word nie, maar veel meer, omdat Hy ons deur hierdie Goddelike pand en waarteken wil verseker dat ons so sekerlik van ons sondes geestelik gewas is as wat ons uitwendig met die water gewas word.

74. *Vraag:*

Moet die jong kinders ook gedoop word?

*Antwoord:*

Ja; want aangesien hulle net so goed as die volwassenes in die verbond van God en in sy gemeente ingesluit is, en aan hulle nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van die sondes, en die Heilige Gees wat die geloof werk, daarom moet hulle ook deur die Doop, as deur die teken van die verbond, in die Christelike Kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word, soos dit gedoen is in die Ou Verbond of Testament deur die Besnydenis, waarvoor in die Nuwe Verbond die Doop ingestel is.

Vraag 72:

In Titus 3:5 en Hand. 22:16 word die doop ook die bad van die wedergeboorte genoem.

Die doop, die waterbad, is 'n uitwendige teken. Nou vra ons of die teken dieselfde is as die saak.

Ons handel dus oor die *teken* van die doop.

Antwoord 72:

1. Die teken van die doop is onderdompeling in of besprinkeling met water. Altwee word ons in die Bybel geleer (*Matth. 3:16: "En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim"; Eseg. 36:25: "Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word..."*).

   In ons Kerk besprinkel ons met water om allerlei praktiese redes en daar is, volgens die Bybel, niks mee verkeerd nie. Die teken is water en nie die hoeveelheid water nie. En dat dit juis water uit die Jordaan moet wees of vooraf geheilig of gewy moet word, is verkeerd en lei tot afgodery.

2. Ons mag die waarde en betekenis van die doop egter nie oorskat nie. Rome leer dat die doop self die erfsonde wegneem; daarom probeer die Roomse Kerk ten alle koste om 'n kind te doop voordat dit sterwe en het hulle daarvoor die sogenaamde *nooddoop* ingevoer wat selfs deur iemand anders as 'n priester toegedien kan word. Nee, die doop self is nie afwassing van die sondes nie. Alleen deur die bloed van Christus en deur die Heilige Gees ontvang ons die sondevergiffenis, al sou ons nie gedoop wees nie; en die doop beeld hierdie sondevergiffenis af en verseker ons daarvan.

Vraag 73:

Tog noem die Heilige Gees of die Bybel die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes. Hoe moet ons dit verstaan ?

Antwoord 73:

Ons vra nou na die *seël* of *verseëling* van die doop.

1. Ons moet die doop nie oorskat nie, maar aan die ander kant moet ons dit ook nie onderskat nie. Vir geen oomblik mag ons beweer dat die doop dan eintlik geen betekenis het nie. Ons hoef maar net daaraan te dink dat die doop ’n bevel van die Here is (*Matth. 28:19: “Gaan dan heen... en doop hulle —”*) en dat die kerk hierdie bevel moet gehoorsaam.
2. Meer nog. Die doop is wel ’n teken van die belofte van God of van die afwassing van die sonde of van die wedergeboorte; dit is egter ook veel meer as net ’n teken. Die doop is tegelyk ook ’n *seël*. God *verseker* ons — Hy *verseël* — deur hierdie heilige waarteken dat die geestelike wassing met die bloed van Christus waarlik plaasgevind het, so seker as wat ons uitwendig die teken van die doop sien en dit ontvang.
3. ’n Noot van R10 is eintlik maar net ’n stukkie papier met ’n paar letters en syfers daarop, maar tog weet ons dat ons daarvoor by enige bank of winkel R10 geld kan ontvang. Dit is dus nie die geld self nie, maar dit gee daarvan tog wel deeglik beseëling — niemand dink eers daaraan dat dit nie so is nie. So ’n gewisse verseëling is ook die doop, maar dit is natuurlik ’n Goddelike verseëling.
4. Die doop moet egter ook altyd aan die geloof gebonde bly. Ons is nie kragtens die doop heilig nie maar kragtens die geloof en ons ontvang die belofte van die doop deur die geloof (*Rom. 4:11 en Gal. 3:14: “... en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang”*).

Vraag 74:

Hierdie vraag handel oor die kinderdoop. Klein kinders kan nie hulle geloof bely nie, hoe kan hulle dan gedoop word?

Antwoord 74:

1. In die Ou Testament was die teken en seël van die verbond die besnydenis (Gen. 17:14) wat op die agtste dag na die geboorte van die kind moes plaasvind (Lev. 12:2, 3).

   Die besnydenis van die Ou Testament het in die Nuwe Testament in die heilige doop oorgegaan as die teken en seël van die genadeverbond (*Kol. 2:11-13: “in wie julle ook besny is met ’n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle*

*saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het. En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het"*). Die klein kinders moes besny word, daarom moet ook die klein kinders gedoop word.

2. Die grond vir die kinderdoop soek ons verder ook in die Bybelse beskouing van die kinders. Die kinders is deel van Gods volk, van die kudde saam met die volwassenes in die Here (*Psalm 8:3: "Uit die mond van kinders en suiglinge het U sterkte gegrondves, om u teëstanders ontwil..."; Hand. 2:39: "Want die belofte kom julle toe en julle kinders en aan almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep"; Ef. 6:1: "Kinders, julle moet julle ouers gehoorsaam wees in die Here"; Joh. 19:1, 15: "Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele. En Hy het hulle die hande opgelê en daarvandaan vertrek"*). En die Bybel beskou die kinders so omdat God sy genade in die geslagte uitwerk (*Gen. 17:7: "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte..."*). So is dit in die Nuwe Testament ook gehandhaaf (Hand. 2 :39).

3. Ons doop die kinders dus omdat hulle, soos die volwassenes, deel het aan die verbond en in die gemeente ingesluit is. Hulle is reeds lidmate en ons doop hulle as lidmate. (Doopsformulier: "erken u ewewel dat hulle in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees?". Omdat hulle as lede van die verbond ook deel het aan die verbondsbelofte van sondevergiffenis, moet hulle ook die teken van die verbond, naamlik die doop, ontvang. Veral ook om hulle te onderskei van die kinders van die ongelowiges.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis. art. 34: "Daarom verwerp ons ook die dwaling van die Wederdopers wat nie met 'n enkele doop tevrede is wat hulle maar eenmaal ontvang het nie; daarby veroordeel hulle ook nog die doop van die kindertjies van die gelowiges; terwyl ons glo dat hulle gedoop en met die teken van die verbond verseël moet word, net soos die kindertjies in Israel besny is kragtens dieselfde beloftes wat aan ons kinders gedoen is, En voorwaar, Christus het sy bloed nie minder vergiet om die kindertjies van die gelowiges as om die*

*volwassenes te reinig nie. En daarom behoort hulle die teken te ontvang van die Sakrament van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die Wet beveel het om aan hulle die Sakrament van die lyde en sterwe van Christus mee te deel kort nadat hulle gebore is, deur vir hulle te offer 'n lam wat 'n Sakrament was van Jesus Christus. Bowendien, wat die besnydenis gedoen het aan die Joodse volk, dieselfde doen die doop aan ons kinders; dit is die rede waarom die heilige Paulus die Doop die besnydenis van Christus noem (Kol. 2:11-13)."*

4. En as die kinders te sterwe kom voor hulle gedoop is, glo ons nog dat hulle in Christus geheilig is — die doop self is immers nie die afwassing van die sondes nie.

   *Dordtse Leerreëls, 1, 17: "Aangesien ons oor die wil van God moet oordeel uit sy Woord wat getuig dat die kinders van die gelowiges heilig is, nie van nature nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is, daarom moet Godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle jeug uit hierdie lewe wegneem nie (Gen. 17:7; Hand. 2:39; 1 Kor. 7:14)."*

**Onthou:**

Jou doop is baie belangrik. Dit gee jou groot sekerheid van jou geloof omdat dit 'n seël van die wedergeboorte is.

Dat jy as kind gedoop is, is volkome reg. Want jy kom uit 'n gelowige geslag, jy is lid van die verbond van God van jou geboorte af aan.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; die Doopsformulier; N.G.B. 33 en 34.

## Hoofstuk 32: Sondag 28 – DIE HEILIGE NAGMAAL I

75. *Vraag:*

Hoe word jy in die heilige Nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy gemeenskap het aan die enige offerande van Christus wat aan die kruis volbring is, en aan al sy goed?

*Antwoord:*

Só, dat Christus my en alle gelowiges beveel het om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie drinkbeker te drink, en daarby ook beloof het: eerstelik, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed vir my vergiet is, as wat ek met die oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die drinkbeker aan my meegedeel word; en ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en vergote bloed so seker tot die ewige lewe voed en laaf as wat ek die brood en die drinkbeker van die Here — as gewisse waartekens van die liggaam en bloed van Christus — uit die dienaar se hand ontvang en met die mond geniet.

76. *Vraag:*

Wat beteken die woorde: die gekruisigde liggaam van Christus eet en sy vergote bloed drink?

*Antwoord:*

Dit is nie alleen om met ŉ gelowige hart die ganse lyde en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie, maar bowendien ook om deur die Heilige Gees wat én in Christus én in ons woon, só met sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig te word dat, al is dit dat Christus in die hemel is en ons op die aarde, ons tog vlees van sy vlees en been van sy gebeente is, en dat ons deur een Gees — soos die lede van een liggaam deur een siel — ewig lewe en geregeer word.

77. *Vraag:*

Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker op dié wyse met sy liggaam en bloed wil voed en laaf as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en van hierdie drinkbeker drink?

*Antwoord:*

In die instelling van die nagmaal wat aldus lui: In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus die brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom (1 Kor. 11:23-26). Hierdie toesegging word ook herhaal deur die heilige Paulus waar hy spreek: Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood (1 Kor. 10:16, 17).

---

Vraag 75:

Die heilige nagmaal is die sakrament wat die deelgenootskap aan die offerande van Christus verduidelik en ons daarvan verseker.

Soos by die doop vra ons eers na die *wese* van die nagmaal.

Antwoord 75:

1. Soos die doop in die plek van die besnydenis gekom het, het die nagmaal die plek van die Pasga ingeneem (Ex. 12). Die Pasga was ’n gedagtenismaaltyd om die verlossing uit Egipte te gedenk, en die geslagte lam wat daarby geëet, en die bloed wat op die deurposte gesmeer is, het heengewys na die Lam van God, Jesus Christus (*Joh. 1:36: “Daar is die Lam van God”*) en na sy versoenende bloed (*1 Petr. 1:19: “maar deur die kosbare bloed van Christus soos van ’n lam sonder gebreke en vlekkeloos”; 1 Joh. 2:2 “En Hy is ’n versoening vir ons sondes”*).

2. Die Here Jesus het alle gelowiges beveel om die nagmaal te gebruik.

   Die tekens van die nagmaal is brood en wyn. Die brood word *gebreek* en *geëet*; die wyn word *gegiet* en *gedrink*.

   By hierdie handeling het die Here twee sake belowe:

a. Net so seker as wat ons sien dat die brood gebreek en die wyn gegiet word, net so seker is sy liggaam verbreek en sy bloed vergiet aan die kruis. *Die Lam is geoffer en ons gedenk die offerande deur die nagmaalshandelinge* (Luk. 22:17-20).

b. So seker as wat ons die brood en wyn ontvang en dit eet en drink, net so seker voed en laaf Hy ons siel met sy gebroke liggaam en vergote bloed tot die ewige lewe. Ons word dus versterk tot die ewige lewe. *Dit is die verdienste van Christus se offerande vir ons*.

Die wese van die nagmaal kom dus daarop neer dat dit ons verseker van die versoenende offerande van Jesus wat plaasgevind het en van die ewige lewe wat Hy daardeur vir ons verwerf het,

3. Jesus is self die Gasheer aan die Nagmaalstafel; dit is Hy wat ons siele spysig en laaf. En Hy het ons belowe dat die nagmaal altyd weer gevier sal word totdat Hy kom (*1 Kor. 11:26: "Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom"*).

   Ons word net een keer gedoop. Maar telkens weer, op gereelde tye, mag en moet ons die nagmaal vier totdat die Here kom.

Vraag 76:

Ons vra nou na die *betekenis* van die nagmaal. Die laaste deel van vraag 75 word ook nader verklaar.

Wat gebeur eintlik as Jesus ons voed en laaf met sy liggaam en bloed?

Antwoord 76:

1. In die eerste plek beteken die nagmaal die sekerheid dat Christus gely en gesterf het, dat sy liggaam gebreek en sy bloed vergiet is, om vir ons vergewing van sondes en die ewige lewe te verwerf.

   Met gelowige harte aanvaar ons dit, want in die geloof neem ons die brood en die wyn aan uit die hand van die bedienaar van die Woord.

2. Spyse en drank versterk ons liggaam as ons dit gebruik. Dit word een met ons liggaam. Net so, as ons gelowig eet en drink aan die Nagmaalstafel, word ons almal één met Christus Jesus. Hoe langer hoe meer kry ons gemeenskap met Christus deur die werkinge van

die Heilige Gees (*Joh. 6:56: "Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in my en Ek in hom"; Ef. 5:30: "Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene"; 1 Kor. 10:16: "die beker van danksegging… is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood… is dit nie die gemeenskap met, die liggaam van Christus nie?"*).

3. Verder word ons as gelowiges met mekaar aan en deur die nagmaal saamverbind tot 'n heilige gemeenskap.

   *Nagmaalsformulier: "Tewens word ons deur dieselfde Gees ook met mekaar, as lidmate van een liggaam, in waaragtige broederlike liefde saamverbind, soos die heilige apostel spreek: Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood (1 Kor. 10:17). Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word, en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn en drank vloei, en tot een vermeng word, net so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is, deur broederlike liefde om Christus ons liewe Saligmaker ontwil, wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam een liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys."*

Vraag 77:

Hier vra ons na die *instelling* van die nagmaal.

Antwoord 77:

1. Jesus Christus het die nagmaal ingestel in die nag toe Hy verraai is (1 Kor. 11:23-56); vandaar ook die naam "nagmaal" of maaltyd van die nag. Die dissipels was daarby en Jesus het hulle beveel om die nagmaal tot sy gedagtenis te "doen" (Luk. 22:1.9).
2. Later het die apostel Paulus wat by die instelling van die nagmaal nie teenwoordig was nie aparte onderwys hieroor van die Here ontvang (*Gal. 1:12: "Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus"*), Daarom het ons ook die mooi uiteensetting van die nagmaal van Paulus ontvang in 1 Kor. 11 en 10.
3. Jesus het die nagmaal ingestel toe Hy en sy dissipels die Pasga in Jerusalem gevier het. Die viering van die Pasga het gewoonlik soos volg verloop:

Die Paaslam word na die voorhof van die tempel geneem om geslag te word, dit word dan saamgeneem huis toe om gebraai te word sonder dat 'n enkele been daarin gebreek word, maar die vet daarvan word op die brandofferaltaar verbrand. Verder is die paasbrode gebak, groot, rond en plat en bros om dit maklik te kan breek, bitter kruie is gereed gemaak, 'n soort bredie van allerlei vrugte is gekook en die wyn is gereed gemaak. As dit alles gereed was, kon in die aand die maaltyd soos volg plaasvind:

a. Na die eerste beker gedrink is, het die mense van die bitter kruie geëet.
b. Die ongesuurde brode, bredie en lam word opgedis.
c. Weer word bitter kruie geëet.
d. Die tweede beker. Die jongste van die aanwesiges moet dan vra na die belekenis van al die gebruike.
e. Die huisvader vertel die geskiedenis van die verlossing uit Egipte.

Dan word die eerste deel van die Hallel gesing, naamlik Psalm 113 en 114.

f. Daarna het die huisvader sy hande gewas, twee brode geneem en dit gebreek en daarby gespreek: Dit is die brood van die ellende wat ons vaders in Egipte geëet het. Daarna dank die huisvader, eet van die lam en dan eet algar daarvan.

g. Die huisvader neem die laaste stuk van die lam en daarna mag niemand meer eet nie. Hy was sy hande en die derde beker word rondgegee. Die tweede deel van die Hallel word gesing, Psalm 115-118. Aan die einde daarvan die vierde beker.

**Onthou:**

Die nagmaal van die Here is 'n geheimenis. Dit sal jy eers goed begryp as jy belydenis van die geloof afgelê het en self nagmaal mag gebruik.

Weet net dat dit vir die gelowige iets is om telkens weer te begeer, waarna hy bly uitsien en wat vir hom een van die hoogtepunte in sy godsdiens is.

**Lees:**

Ex. 12; Kor. 10 en 11; N.G.B., art 34; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 33: Sondag 29 –
## DIE HEILIGE NAGMAAL II

78: *Vraag:*

Word die brood en wyn dan die wesenlike liggaam en bloed van Christus?

*Antwoord:*

Nee; maar net soos die water in die Doop nie in die bloed van Christus verander nie en ook nie die afwassing van die sondes self is nie — waarvan dit alleen 'n Goddelike waarteken en versekering is — so word ook die brood in die nagmaal nie die liggaam self van Christus nie, ofskoon dit na die aard en eienskap van die Sakramente die liggaam van Jesus Christus genoem word.

79. *Vraag:*

Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die drinkbeker sy bloed, of die nuwe testament in sy bloed en Paulus: die gemeenskap van die liggaam en bloed van Christus?

*Antwoord:*

Christus spreek so nie sonder gewigtige rede is nie; naamlik omdat Hy ons daarmee wil leer dat, soos brood en wyn hierdie tydelike lewe onderhou, so ook sy gekruisigde liggaam en vergote bloed die waaragtige spys en drank is waardeur ons siele tot die ewige lewe gevoed word; en nog meer omdat Hy ons deur hierdie sigbare tekens en pande wil verseker dat ons net so waarlik sy ware liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word as wat ons hierdie heilige waartekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang, en dat al sy lyde en gehoorsaamheid so sekerlik ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en aan God vir ons sondes voldoening gegee het.

---

Vraag 78:

Soos in vraag 72 by die doop gevra is, word ook hier gevra of die teken en die saak dieselfde is.

Ons vra dus nou na die *tekens* van die nagmaal.

Antwoord 78:

1. Die tekens van die nagmaal is brood wat gebreek, gegee, geneem en geëet word en wyn wat gegiet, gegee, geneem en gedrink word.

   Dié tekens wys ons op die liggaam en bloed van Christus wat gebreek en vergiet is, deur ons gelowig aangeneem word en deur ons genuttig word tot vergewing van sondes en die ewige lewe. Maar die brood en wyn bly slegs tekens wat heenwys na die eintlike saak, naamlik die enigste offerande van Christus aan die kruis.

   *Die tekens is nie die saak self nie.*

2. Hierdie vraag het betrekking op die groot verskil wat daar bestaan tussen die Gereformeerde beskouing aan die een kant en die Roomse en Lutherse opvattinge aan die ander kant. Eintlik gaan dit om die vraag hoe Christus by die nagmaal teenwoordig is, na sy liggaam of na sy Gees, omdat Hy self die brood sy liggaam en die wyn sy bloed noem (*Luk. 22:19, 20: "Dit (die brood) is my liggaam wat vir julle gegee word... Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed"*).

3. Die leer van die Roomse kerk aangaande die nagmaal word genoem die *transsubstansiasieleer*.

   As die priester die woorde van die instelling van die nagmaal lees of uitspreek, *verander* die brood en wyn in die liggaam en bloed van Christus. Die wese van die tekens is dan vlees en bloed en nie meer brood en wyn nie. In die nagmaal is Jesus dus met sy liggaam en bloed teenwoordig.

4. Die Lutherse opvatting word genoem die *konsubstansiasieleer*.

   Die tekens verander nie, maar Christus is in, met en onder die brood en wyn tog liggaamlik teenwoordig.

5. Ons leer dat die brood en die wyn slegs tekens is en dit bly; dit bly brood en wyn maar dit is Goddelike tekens en seëls. En Christus is natuurlik in of by die nagmaal teenwoordig, maar Hy is *geestelik* en nie liggaamlik teenwoordig nie. Ons verwerp dus die leer van Rome en van Luther oor die nagmaal en beskou ons eie opvatting as die ware Bybelse leer van die nagmaal.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 35: "So werk Hy dan in ons alles wat Hy deur hierdie heilige tekens ons voor oë stel, alhoewel dit*

*gebeur, soos die werking van die Heilige Gees verborge en onbegryplik is. Intussen dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie; maar die wyse waarop ons dit gebruik is nie die mond nie, maar die gees deur die geloof. So bly dan Jesus Christus altyd sit aan die regterhand van God sy Vader in die hemele, en tog laat Hy nie ná om ons Homself deur die geloof deelagtig te maak nie. Hierdie maaltyd is 'n geestelike tafel waaraan Christus Homself met al sy goedere aan ons meedeel, en Hy laat ons daaraan Homself sowel as die verdienste van sy lyde en sterwe geniet: Hy voed, versterk en vertroos ons arme troostelose siel deur die eet van sy vlees, en Hy verkwik en herstel dit deur die drank van sy bloed."*

6. Ons moet die waarde van die nagmaal en die tekens van die nagmaal dus nie oorskat nie.

Vraag 79:

Tog noem Jesus die brood en wyn uitdruklik sy liggaam en bloed. Waarom sou Hy dit dan doen?

Hier word gevra na die *seël* of *verseëling* van die nagmaal.

Antwoord 79:

1. Ons moet aan die ander kant die nagmaal ook weer nie onderskat nie. Dit is só belangrik dat Jesus die tekens inderdaad sy liggaam en bloed noem (Matth. 26:26-28 en 1 Kor. 10:16). Verder is die nagmaal ook 'n bevel van Christus en 'n saak wat dus nie onderskat moet word nie.
2. Die nagmaal is 'n teken waardeur Christus ons wil leer dat sy gekruisigde liggaam en vergote bloed ons waarlik voed tot die ewige lewe — net soos brood en wyn ons liggaam in hierdie tydelike lewe voed en onderhou (*Joh. 6:55: "Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank"*).
3. Maar die nagmaal is ook 'n *seël*. Christus *verseker* ons deur die nagmaal dat ons waaragtiglik sy liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word — so seker as wat ons die brood en wyn ontvang en dit eet en drink tot sy gedagtenis.

   En dan kom die groot saak wat ons reeds in Sondag 23 behandel het: Christus verseker ons dat sy lyde en gehoorsaamheid, sy offerande,

só sekerlik ons eie is asof ons self alles gely en aan God voldoening vir ons sondes gegee het.

4. Wat 'n heerlike seël is dan die nagmaal. Ons word waaragtig verseker van die verlossing wat Christus vir ons bewerk het — Hy het die rekening betaal en ons gaan vry uit, ons kom nooit onder die ware strafregister van God nie.

   *Nagmaalsformulier: "dit wil sê, so dikwels as julle van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, sal julle daardeur, soos deur 'n gewisse aandenking en pand, onderrig en verseker word van hierdie hartlike liefde en trou van My jeens julle, dat Ek vir julle — terwyl julle anders die ewige dood moes sterwe — my liggaam aan die kruishout in die dood gee en my bloed vergiet en julle hongerige en dorstige siele met my gekruisigde liggaam en vergote bloed tot die ewige lewe spysig en laaf, net so seker as vir elkeen hierdie brood voor sy oë gebreek en hierdie beker hom gegee word, en julle dit tot my gedagtenis met die mond eet en drink."*

**Onthou:**

Pas op vir onderskatting of oorskatting van die nagmaal. En let op dat die Woord tog altyd nog voorop gaan, hoe belangrik die sakramente ook al is.

Weet verseker: jou sondes is deur Christus vergewe; as jy nagmaal gebruik, sal die Here jou daarvan besonderlik, geheimnisvol verseker terwyl Hy jou voed en laaf tot die ewige lewe.

Berei jou voor vir die dag dat jy ook mag aansit om die nagmaal te gebruik. Dan sal jy eers belydenis van jou geloof aflê en daarna dadelik van die Here die groot genade ontvang dat die geloof wat jy bely het, deur die nagmaal versterk word.

**Lees:**

N.G.B., art. 35; die Nagmaalsformulier; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 34: Sondag 30 –<br>DIE HEILIGE NAGMAAL III

80. *Vraag:*

Watter onderskeid is daar tussen die Nagmaal van die Here en die Roomse Mis?

*Antwoord:*

Die Nagmaal van die Here betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het deur die enige offerande van Jesus Christus wat Hy self eenmaal aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees Christus ingelyf word wat nou na sy menslike natuur nie op die aarde is nie maar in die hemel aan die regterhand van God sy Vader en daar deur ons aanbid wil wees. Maar die Mis leer dat die lewende en die dode nie deur die lyde van Christus vergewing van sondes het nie tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die Mispriester geoffer word en dat Christus liggaamlik onder die gestalte van die brood en wyn is en daarom ook daarin aanbid moet word; en so is die Mis in die grond niks anders nie as ’n verloëning van die enige offerande en die lyde van Jesus Christus en ’n vervloekte afgodery.

81. *Vraag:*

Vir wie is die Nagmaal van die Here ingestel?

*Antwoord:*

Vir die wat hulleself vanweë hulle sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil, en dat ook die oorblywende swakheid met sy lyde en sterwe bedek is; die wat ook begeer om hoe langer hoe meer hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie met ’n opregte hart tot God bekeer nie, dié eet en drink ’n oordeel oor hulleself.

82. *Vraag:*

Moet ook diegene aan hierdie Nagmaal toegelaat word wat hulle met hulle belydenis en hulle lewe as ongelowige en goddelose mense gedra?

*Antwoord:*

Nee; want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente verwek. Daarom is die Christelike Kerk verplig, volgens die ordening van Christus en die apostels, om sulke mense deur die sleutels van die hemelryk uit te sluit totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

---

Vraag 80:

Vraag 78 het reeds betrekking gehad op die dwaling van die Roomse Kerk. Hier word nog weer spesiaal daaroor gehandel as ons vra na die verskil tussen die *nagmaal van die Here* (dit is die waarlik Skriftuurlike nagmaal) en die *Roomse Mis*.

Antwoord 80:

1. Wat die nagmaal van die Here is, het ons reeds duidelik geleer in die twee vorige Sondae. Die nagmaal is 'n teken en 'n seël daarvan dat ons:

   a. van al ons sondes volkome vergewe is deur die offerande van Christus;
   b. seker is dat dié offerande één maal aan die kruis plaasgevind en die één maal is genoeg vir alle uitverkorenes van alle eeue;
   e. deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word;
   d. seker is dat Christus aan die regterhand van sy Vader is na sy menslike natuur en daar deur ons aanbid wil wees, maar dat Hy tog ook na sy Gees in en by die nagmaal teenwoordig is.

2. Die naam mis is afgelei Van die formule: Ite, missa est! wat beteken: Gaan heen, die vergadering is afgesluit! Almal wat dan nie aan die nagmaal deel kon neem nie, moes die kerkgebou verlaat en heengaan. Dan word die brood en die wyn op die altaar gelê en vind die nagmaal, wat toe mis genoem is, plaas.

3. Die agtergrond van die mis is die leer dat Christus se versoening nie voldoende is nie; die mens moet *meewerk* om homself van die absolute doemwaardigheid te verlos. Volgens hierdie leer moet Christus telkens weer, elke dag, geoffer word, anders kan die sondare nie verlos word nie. En daarom leer hulle die transsubstansiasie: onder die heilige handeling van die priester word

die brood en wyn in wese die liggaam en bloed van Jesus; dit word dan op die altaar gelê as nuwe, telkens herhaalde offer. Dit word egter 'n *onbloedige* offer genoem.

En as dan die wesenlike liggaam en bloed van Christus in die gestalte van brood en wyn op die altaar lê, moet dit *aanbid* word, want Christus wil aanbid wees.

Die Roomse Mis is dus 'n werklike *offerande* en 'n *aanbidding*.

4. So word die *enige* offerande van Jesus verloën, die lyde van Christus word verloën; Hy word as onvolkome Saligmaker beskou; sy verlossingsarbeid moet deur die daaglikse offer aangevul en altyd nuut gehou word. Die gevolg is dat die Roomse Kerk 'n vervloekte afgod bedrywe en die enigste en ware en volkome Saligmaker, Jesus, eintlik nie ken nie, in elk geval nie in die Mis nie.
5. En let op: In die nagmaal van die Here gaan dit nie om die liggaam van Christus sonder meer nie. Dit gaan egter om die lydende liggaam, die gevloekte, gekruisigde, gebroke liggaam wat een keer altyd vir ons geoffer is.
6. By die Roomse Kerk word in die erediens die altaar van die Mis die middelpunt van alles, terwyl die eintlike middelpunt, naamlik Woord van God, ondergeskik gemaak word.

Vraag 81:

Wie mag die nagmaal gebruik?

Hierdie vraag is baie belangrik omdat die nagmaal heilig is en ons dit heilig moet hou.

Antwoord 81:

1. Tot die nagmaal word alleen die *gelowiges* toegelaat. Daarom kan ons eers tot die nagmaal kom as ons *openbare belydenis van die geloof* afgelê het; daarmee betuig ons dat ons glo, sodat die gemeente of kerkraad kan weet: hulle is gelowiges, hulle het dit self openlik betuig. En om tot die belydenis van die geloof te kom, is daar onderrig nodig. Ons noem dit die *verbondsonderrig* of *kategetiese onderrig* van die kinders van die gemeente. Daar moet goeie kennis wees van die Woord van God en van ons Belydenisskrifte en ook vaste vertroue dat Jesus Christus die Verlosser is, dan gaan die weg

tot die nagmaal oop om daar versterking van die geloof te ontvang sodat die goeie stryd van die geloof gestry kan word (*1 Tim. 6:12: "Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het"*).

2. So hang die belydenis van die geloof en die nagmaal onverbreeklik saam. In die nagmaal *betuig* ons met die *daad* wat ons met die mond en hart *bely* het. Om dan die gebruik van die nagmaal te versuim is 'n verloëning van die belydenis, 'n leuen voor God.

3. Die nagmaalsganger moet dus 'n gelowige wees. Maar voordat die nagmaal gebruik, word van hom vereis die *selfbeproewing*. *(1 Kor. 11:28: "Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink"*).

   Die eis is *self*-beproewing; in die eie hart en op die eie lewe moet gekyk word en nie op die lewe of in die hart van ander nie. In die gebed en skriflesing, in die opsoek van die binnekamer of die eensaamheid, moet die binneste geheel voor die eie oog — en voor God — geopen word en moet die hart en lewe, die leer en verstand en alles getoets word aan die heilige wet van God. Die selfbeproewing is dus 'n ingespanne geestelike werksaamheid, maar ook 'n heilsame en geseënde praktyk.

   Uit hierdie selfondersoek of beproewing moet duidelik word:

   a. Dat ons kennis het van ons *ellende* en *doemwaardigheid*. Eerlik en ootmoedig moet ons ons sondes voor ons laat verbygaan — en daar is baie —, totdat dit duidelik word: ons is sondare, so groot dat ons 'n *mishae* in onsself het vanweë die sondes.

   b. Dat ons kennis van ons *verlossing* het. Mishae in onsself vanweë die sondes gee *behae* in Christus vanweë die verlossing. Deur die selfbeproewing vlug ons na Christus en ons vertrou dat by Hom die geregtigheid (vergewing van sondes) en die heiligmaking (bedekking van die oorblywende swakheid met sy lyde en sterwe) is, soos dit in die nagmaal verseël word.

   c. Dat daar kennis van ons *dankbaarheid* is. Inderdaad gee die mishae in die eie persoon en die behae na Christus ook

begeerte om die sondes af te sterf, om die lewe te verbeter en om die geloof te versterk.

4. Dan, na die selfbeproewing, kan ons die nagmaal gebruik. Dan word die nagmaal vir ons 'n heerlike gebeurtenis, 'n lied van troos soos ons dit in Sondag 1 geleer het, naamlik kennis van ellende, verlossing en dankbaarheid.

   *Nagmaalsformulier: "Daarom, al is dit dat ons nog baie gebreke en ellendigheid in ons vind, soos byvoorbeeld dat ons geen volkome geloof besit nie en God ook nie dien met so 'n ywer as wat ons verskuldig is nie, maar daagliks teen die swakheid van ons geloof en die bose luste van ons vlees moet stry; nogtans, desnieteenstaande, omdat ons oor sulke gebreke, deur die genade van die Heilige Gees, van harte berou het en dit ons begeerte is om teen ons ongeloof te stry en volgens al die gebooie van God te lewe, daarom kan ons daarvan verseker wees dat geen sonde of swakheid wat nog teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat God ons in genade sou aanneem en so hierdie hemelse spys en drank waardig en deelagtig maak nie."*

5. Vir die onbekeerde en vir iemand wat nie selfbeproef is nie en vir 'n huigelaar is daar dan ten ene male geen plek aan die nagmaal van die Here nie (*1 Kor. 11:29: "Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie"*).

   Ons praat hier van lidmate van die kerk wat onbekeerd en huigelagtig is. Hulle is in die kerk maar nie ván die kerk nie. As hulle sou nagmaal gebruik is die nagmaal vir hulle tot 'n oordeel; d.w.s. daar sit dan geen seën in nie, maar wel vloek; geen vrug nie, maar wel dorings.

   Die oordeel sien hier nie op die ewige oordeel nie.

6. Die kerkraad of gemeente kan natuurlik 'n geveinsde of huigelagtige persoon nie verhinder om die nagmaal te gebruik nie. Hy huigel immers. Maar God ken hom en hy moet weet dat sy gehuigel voor God hom niks baat nie — die nagmaal word vir hom 'n oordeel, 'n graf.

Vraag 82:

Die huigelaars kan ons nie uitken nie. Maar die mense wat openlik goddeloos en ongelowig lewe, kan ons wel uitken. Moet hulle ook aan die nagmaal toegelaat word?

In hierdie vraag gaan dit dus oor die beproewing of ondersoek van ander mense as onsself.

Antwoord 82:

1. Die kerk het ŉ roeping om die heilige nagmaal heilig te hou. Dit word gedoen deur die eis van die selfbeproewing maar ook deur die toesig oor die gemeente.

   Die opsieners of ouderlinge moet voor die nagmaal die lidmate besoek en opwek tot selfbeproewing. Maar hulle moet ook toesien dat mense wat ongelowig en goddeloos lewe, vermaan word en van die nagmaal afgehou word. Deur die sleutels van die hemelryk moet dié mense afgehou word totdat hulle hulle verbeter het, anders word die nagmaal en die verbond van die Here ontheilig. Die kerk het dus ŉ duidelike roeping tot tug.

   *Nagmaalsformulier: "Daarom is dit dan ook dat ons, volgens die bevel van Christus en die apostel Paulus, almal wat weet dat hulle met hierdie navolgende ergerlike sondes besmet is, vermaan om hulle van die tafel van die Here te onthou, en hulle verkondig dat hulle geen deel in die ryk van Christus het nie... Hulle almal moet, solank as hulle in sulke sondes volhard, hulle van hierdie spyse onthou wat Christus alleen vir sy gelowiges verorden het, sodat hulle oordeel en verdoemenis nie des te swaarder word nie."*

2. Ons kan die nagmaal vergelyk met die maaltyd tuis. As iemand aan tafel kom met vuil hande, word hy weggestuur om dit te gaan was. Word dit nie gedoen nie, verontreinig die vuil hande alles aan tafel. So moet mense met vuil harte en hande eers afgehou word van die nagmaal, totdat hulle hulle gereinig en bekeer het.

**Onthou:**

Eers moet jy jou geloof bely. Dan moet jy jouself beproef. Dan ontvang jy die heerlike spys en drank tot die ewige lewe.

Laat jou lewe gedurig selfbeproewing wees en vergeet nooit om jou sondes maar op te noem nie — slaan geen een oor nie — sodat jy 'n mishae het in jouself vanweë die sondes. Wees dan verseker daarvan dat Christus jou Verlosser is en jou krag gee om die goeie stryd van die geloof te stry.

**Lees:**

Nagmaalsformulier; 1 Kor. 10 en 11; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 35: Sondag 31a –
## DIE SLEUTELS VAN DIE HEMELRYK

83. *Vraag:*

Wat is die sleutels van die hemelryk?

*Antwoord:*

Die verkondiging van die heilige Evangelie en die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente; deur hierdie twee handelinge word die hemelryk vir die gelowiges geopen en vir die ongelowiges gesluit.

84. *Vraag:*

Hoe word die hemelryk deur die prediking van die heilige Evangelie oopgesluit en toegesluit?

*Antwoord:*

Só, dat volgens die bevel van Christus, aan die gelowiges, aan almal saam en elkeen afsonderlik, verkondig en openlik betuig word dat al hulle sondes waaragtiglik terwille van die verdienste van Christus hulle deur God vergewe is so dikwels as hulle die beloftenis van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem; en daarteenoor aan al die ongelowiges en aan die wat hulle nie van harte bekeer nie, verkondig en betuig word dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie; volgens hierdie getuienis van die Evangelie sal God oordeel in hierdie lewe sowel as in die toekomstige.

---

Vraag 83:

In die vorige Sondag is geleer dat die goddelose en ongelowige mense met die sleutels van die hemelryk uitgesluit moet word. In hierdie vraag word verder oor die sleutels gehandel.

Antwoord 83:

1. Die taak om die nagmaal en, in die algemeen, die verbond van God heilig te hou, moet die kerk deur die bediening van die *sleutelmag* beoefen. In die Bybel word die koninkryk van God vergelyk met 'n ommuurde stad met poorte wat geopen en gesluit kan word. En

Christus het aan die kerk op aarde die mag gegee om die poorte van die hemelryk oop en toe te sluit.

Die naam *sleutelmag* is ontleen aan die volgende Skriftuurplekke: *Jes. 22:22: "En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie"; Openb. 3:7: "Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit, en niemand maak oop nie"; Matth. 16:19: "En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee…"; Joh. 20:23: "As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou."*

2. Christus het dus die absolute sleutelmag (Openb. 3:7), maar Hy stel die kerk aan om die sleutelmag bedienend uit te oefen in sy Naam. Hy gee die sleutelmag aan Petrus (Matth. 16:19), aan die apostels (Joh. 20:23) en aan die kerk (Matth. 18:18).

3. Jesus het twee sleutels aan die kerk *gegee*, naamlik die verkondiging van die Evangelie en die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente.

   Ons moet daarop let dat die sleutelmag aan die hele kerk gegee is, en nie net alleen aan die ampsdraers nie, hoewel hulle dit uitoefen in naam van al die lede van die kerk. Rome leer egter dat die sleutelmag alleen aan die "geestelikes" gegee is en nie aan almal nie; van die geestelikes is die pous die man wat eintlik die sleutels ontvang het as die opvolger van Petrus.

4. Die sleutelmag is dus 'n baie belangrike saak en dit moet deur die kerk gebruik word. As dit in onbruik raak, het die vyande van die kerk geleentheid om deur die poorte van die stad in te kom en die gemeente te verwoes. 'n Kerk sonder sleutelmag het dan ook eintlik opgehou om kerk te wees.

Vraag 84:

Ons behandel nou die eerste sleutel, naamlik die prediking of verkondiging van Gods Woord.

Antwoord 84:

1. Die verkondiging van die Evangelie geskied in die erediens en ook waar die Woord gebring word tot gesinne en enkelinge. In hierdie

prediking moet die Woord van God verkondig word en geen mense-woord nie; dit moet wees suiwere Skrifprediking waarin die Skrif duidelik en eenvoudig verklaar en toegepas word.

Die Here het die predikant of die bedienaar van die Woord geroep om in samewerking met en onder toesig van die kerkraad, hierdie sleutel-mag uit te oefen. Daarom is ook die amp van die predikant so 'n verantwoordelike amp.

2. Met hierdie sleutel van Woord-bediening moet die hemelryk allereers geopen word. Aan die gelowiges moet verkondig en betuig word dat al hulle sondes hulle vergewe is ter wille van die soenverdienste van Christus.

   Die prediker moet dus self terugtree en altyd wys op die Christus, die Middelaar wat ons van ons sondes verlos.

   Hierdie verkondiging moet aan almal saam en elkeen afsonderlik geskied. Sonder aansien van die persoon moet telkens weer, soos 'n magtige dreuning, die blye boodskap verkondig word as 'n heerlike getuienis: Neem gelowig aan dat Christus, die gekruisigde, versoening gedoen het! Die poorte van die Godsryk is oop.

3. Maar die prediking van die Woord moet ook die Godsryk sluit. In die Naam van Christus moet die Evangelie-prediking ook spreek van rampsaligheid en ewige verdoemenis. Die ongelowiges en die onbekeerdes moet hoor dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus as hulle hulle nie bekeer nie. Telkens weer moet hierdie getuienis soos 'n magtige dreuning weerklink: Die hemelryk is toe; op die ongelowiges en goddeloses rus die toorn van God.

4. Die Woordbediening moet dus wys op die geopende en die geslote deur en dit moet oordeel en vryspraak verkondig. Volgens die getuienis van hierdie Evangelie sal God oordeel in hierdie en in die toekomende lewe. Wat hier gebind of ontbind word, sal God in die hemel bind of ontbind.

5. Ons moet dus verstaan dat die diens van die Woord 'n baie ernstige saak is. Allereers moet die predikant die suiwere Woord suiwer verkondig en Christus bring as Middelaar en Regter. Maar tweedens moet die gemeente ook luister na die Woord. Met 'n gelowige hart

moet hulle Christus omhels as die Verlosser, terwyl die ongelowiges moet sidder en bewe voor die toorn van God.

6. Daarom keur ons prediking wat die mense ’n valse gerustheid gee of wat eintlik die Here uit die oog verloor, so sterk af.

   Ons moet die diens van die Woord ook onderhou deur ons gawes en ons moet sorg dat ons hierdie hoogernstige saak nooit verwaarloos deur die eredienste nie of sleg of ongereeld by te woon nie. Want selfs in ons afwesigheid bly die getuienis staan en bly die sleutel daar om te open en te sluit en bly die sekerheid dat Christus daarvolgens sal oordeel.

**Onthou:**

Die diens van die Woord is ’n baie ernstige saak. Vir die manne wat die Woord bedien, moet jy agting hê en veel vir hulle bid.

Luister na Gods Woord. Aanvaar met ’n gelowige hart en sien die geopende deur van die Godsryk.

Verwaarloos nooit jou bywoning van die dienste nie, want die getuienis gaan deur en kan ’n getuienis teen jou word.

**Lees:**

Esegiël 33; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 36: Sondag 31b –
## DIE CHRISTELIKE TUG AS SLEUTEL VAN DIE HEMELRYK

85. *Vraag:*

Hoe word die hemelryk toegesluit en oopgesluit deur die Christelike ban?

*Antwoord:*

Só dat, volgens die bevel van Christus, die wat onder die Christelike naam hulle onchristelik in leer of lewe openbaar, as hulle nadat hulle verskeie kere broederlik vermaan is, van hulle dwalinge of skandelike lewe geen afstand wil doen nie, by die gemeente of die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, aangegee moet word; en as hulle hul aan die vermaning nie, steur nie, dan word die Sakramente hulle deur die persone verbied en hulle uit die Christelike gemeente en deur God self uit die Ryk van Christus uitgesluit; terwyl hulle weer as lede van Christus en van sy gemeente aangeneem word wanneer hulle waaragtige verbetering beloof en bewys.

---

Vraag 85:

Die tweede sleutel van die hemelryk is die Christelike ban of afsnyding. Ons noem dit gewoonlik die Christelike of die kerklike tug.

Antwoord 85:

1. Om die verbond van God heilig te hou, het die kerk die *roeping* ontvang om die *tug* uit te oefen.

   *Tug beteken eintlik opvoeding* en die kerklike tug is eintlik die opvoeding van die gelowiges deur die Woord en sakramente. Wanneer ’n lidmaat die opvoeding van die Woord en sakramente verwerp, kry die tug die karakter van *kastyding*; dan sluit die sleutels van die Woord en die ban toe. Hierdie kastydende karakter is by ons bekend as die kerklike tug of ban.

2. Hierdie tugoefening van die kerk is *noodsaaklik* om die kerk te bewaar by die suiwerheid van die leer en die vroomheid van die lewe (*Titus 3:10, 11: “Aan ’n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek na die*

*eerste en tweede vermaning wetende dat so iemand op 'n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan"*).

3. Die doel van die tug is nie om af te breek of om weg te stoot nie. *Dit is 'n liefdeshandeling* om die gemeente te bewaar teen die sonde, om die sondaar te behou en om die eer van God te handhaaf (*Jak. 5:19, 20: "Broeders, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer, laat hom weet dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek"*).

4. Die tug is baie baie nou verbonde aan elke lidmaat afsonderlik en aan die gehele gemeente gesamentlik; dit is dus onafskeibaar van die algemene amp van die gelowige en ook van die besondere amp van die regeerders in die kerk. Want die tug begin as selftug (selfbeproewing), daarna word dit onderlinge tug (die broeders en susters vermaan mekaar) en dan eers word dit kerklike tug (die kerkraad neem die saak verder op).

5. Die tug is 'n bevel van die Here; dit moet in die gemeente werksaam wees en die handhawing daarvan is ook kenmerk van die ware kerk (N.G.B. art, 29). 'n Kerk wat geen tug meer het nie, gaan dood.

6. Die tug gaan oor die leer en die lewe van al die lidmate van die kerk, sonder aansien van die persoon. Die ampsdraers is ook onderhewig daaraan. Wanneer ons belydenis van die geloof aflê, betuig ons openlik dat ons ons aan die tug gewillig onderwerp. (*Formulier van vrae, vraag 3: "Is dit verder u voorneme om, as waardige lede van die kerk van Christus, die bediening van die Woord en sakramente vir uself ywerig te soek, terwyl u tewens u sal onderwerp aan die Christelike vermaning en tug as u miskien u in leer of lewe misgaan?"*).

7. Die tughandeling of die uitoefening van hierdie sleutelmag, vind soos volg plaas:

   a. As iemand hom onchristelik in leer of lewe openbaar, moet hy allereers opgesoek en vermaan word deur die medegelowige (Matth. 18:15).

   b. Indien hierdie vermaning nie vrug dra nie, moet 'n volgende vermaning volg, maar dan moet een of meer getuies saamgeneem word (*Matth. 18:16: "maar as hy nie luister nie, neem nog een of*

*twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan"*).

c. As die sondaar nog nie van sy dwaling of skandelike lewe wil afsien nie, moet die saak by die kerkraad bekend gemaak word en moet die kerkraad verder optree (*Matth. 18:17: "En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar"*).

   En van hierdie optrede van die kerkraad sê Jesus (*Matth. 18:18: Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees...*")

d. Die tug word nou deur die ouderlinge verder gevoer langs die volgende weg:

   1) Allereers word die sondaar nog, as die sonde nie so ernstig is dat terstond drasties ingegryp moet word nie, verskillende kere deur die ouderlinge vermaan en opgewek tot berou en verbetering.

   2) Indien die vermaninge geen vrug dra nie en die sondaar hardnekkig volhard in sy sonde, word hy van die nagmaal afgehou, eers sonder dat dit aan die gemeente bekend gemaak word.

   3) Ondertussen gaan die vermaninge deur, maar indien dit en die afhouding nie help nie, moet oorgegaan word tot die sensuur of ban of afsnyding. Dit bestaan uit drie trappe wat nie gou op mekaar volg nie en altyd nog met herhaalde vermaninge en gebede gepaard gaan.

      *1ste trap*: Die gemeente word ingelig maar die naam van die sondaar word nie genoem nie.

      *2de trap*: Nadat advies van die klassis ingewin is, word ook die naam van die sondaar aan die gemeente bekend gestel.

      *3de trap*: Eindelik volg, na veel geduld, afsnyding waarvolgens die sondaar buite die heilige gemeenskap geplaas word indien hy hom nie bekeer nie — en God sluit so een buite sy ryk.

      Vir die afsnyding word 'n formulier gebruik.

4) Selfs na die afsnyding gaan die vermaninge en gebede deur, sodat die sondaar, indien hy hom uiteindelik bekeer, weer opgeneem word. Ook vir die wederopneming word ’n formulier gebruik.

8. Indien die persoon wat getugtig word deur die kerkraad, meen dat hy deur so ’n besluit van die kerkraad veronreg is, het hy die reg van appèl na ’n meerdere vergadering.

9. Vir die regering van die kerk en die handhawing van die tug word ’n kerk ook geroep om ’n kerkorde op te stel in ooreenstemming met Gods Woord.

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 32: “Intussen glo ons, alhoewel dit nuttig en goed is dat die regeerders van die Kerk onder mekaar sekere ordinansies instel en bevestig tot instandhouding van die liggaam van die Kerk, dat hulle nogtans wel op hulle hoede moet wees om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. En daarom verwerp ons alle menslike vindinge en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien om daardeur, hoe ook al, die gewetens te bind en te dwing. So neem ons dan alleen aan wat kan dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar, en alles te onderhou in gehoorsaamheid aan God. Daarvoor is nodig die ekskommunikasie of die ban, wat toegepas word volgens die Woord van God, en alles wat daarmee saamhang.”*

**Onthou:**

Die kerk móét die tug handhaaf. Jy moet jou aan die kerklike tug onderwerp. Jy mag dit nie probeer ontvlug deur die “kerk te bedank” of deur jou nie daaraan te steur nie. Want die tug gaan tog deur: Jesus bind in die hemel wat ons hier op aarde bind.

Volhard in die selfbeproewing en waak teen die sonde. Vlug daarvan weg en vlug na God.

**Lees:**

N.G.B., art. 30 en 32; Matth. 16: 18 e.v.; 18:15 -18; 1 Kor. 5:4, 5; die tekste hierbo genoem.

# DERDE DEEL: OOR DIE DANKBAARHEID WAT ONS AAN GOD VIR DIE VERLOSSING VERSKULDIG IS

## Hoofstuk 37: Sondag 32 – DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE DANKBAARHEID

86. *Vraag:*

Aangesien ons uit ellende, sonder enige verdienste van ons kant, alleen uit genade, deur Christus verlos is, waarom moet ons dan nog goeie werke doen?

*Antwoord:*

Omdat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons ganse lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur ons geprys word. Dan ook, dat elkeen by homself Van sy geloof uit die vrugte versekerd kan wees en dat deur ons Godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word.

87. *Vraag:*

Kan diegene dan nie salig word wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle tot God nie bekeer nie?

*Antwoord:*

Nee, hoegenaamd nie; want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, geldgierige, dronkaard, lasteraar, of rower, of dergelike die koninkryk van God sal beërwe nie.

---

Vraag 86:

Die derde deel van die Kategismus behandel die *dankbaarheid* wat ons aan God verskuldig is vir die verlossing uit die ellende.

Hierdie gedeelte kan nie op homself staan nie; dit moet voorafgegaan word deur die leer van die ellende en die leer van die verlossing en dit vloei dan daaruit voort. Die mens word deur sy eie toedoen in die ellende gedompel: deur God se toedoen word hy daaruit verlos; deur die verlossing word die mens ook vernuut en die "nuwe mens"

antwoord op die verlossing deur sy dankbaarheid aan God vir die genade.

Antwoord 86:

In hierdie vraag word in enkele woorde die eerste en tweede deel van die Kategismus weergegee en die dankbaarheid word daaraan vasgeknoop.

Uit ellende is ons sonder eie verdienste, alleen uit genade deur Christus verlos.

As ons niks vir ons verlossing verdien of kan verdien nie, waarom moet ons nog goeie werke doen? Waarom dan dankbaar wees?

Ons vra dus hier na die *noodsaaklikheid* van die dankbaarheid.

1. Dankbaarheid is *liefde*, eintlik wederliefde omdat God ons eerste liefgehad het (*Joh. 4:19; "Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het"*). Deur die liefde van God is ons verlos in Christus Jesus. Hy het die beeld van God in ons herstel of nuut gemaak, sodat ons weer ons liefde op God kan rig vanuit ons vernieude hart.

   Hierdie herstelde en werksame beeld van God wat sy werksaamheid in liefde tot God rig en openbaar, noem ons die dankbaarheid.

2. Die dankbaarheid is dus gewortel in die liefde van God en in die verlossingswerk van Christus. Met sy bloed het Christus ons *gekoop* en *vrygemaak* en met sy Gees *vernuwe* Hy ons na sy ewebeeld. Koop, vrygemaak en vernuut, dit is die werk van Christus, maar die drie gaan altyd saam. As ons gekoop is, is ons vrygemaak; as ons gekoop en vrygemaak is, word ons vernuut.

   Die vernuwing is dus 'n noodsaaklike deel van Christus se werk.

   Hierdie vernuwing werk in ons die gevoel van verligting — ons is uit die benoudheid van die verskriklike ellende verlos — en die gevoel van dankbaarheid — Christus het ons uit louter genade verlos.

   Hierdie gevoel van dankbaarheid in die hart kom na buite tot uiting in woorde en dade van dankbaarheid; dit is die bewyse van dankbaarheid met ons ganse lewe.

   So word die bewyse van dankbaarheid of die goeie werke die noodsaaklike vrug of gevolg van die verlossing uit die ellende (*Ef.*

*2:10: “Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel”*).

3. Die *doel* van die dankbaarheid is enkel en alleen die eer van God. Sy groot liefde tot ons moet in ons wederliefde werk en dit bestaan uit eindelose dank en lof en aanbidding van die grote God in ons ganse lewe. Dink aan al die pragtige lofpsalms waarin die Here in heerlike geloofstaal geprys en geëer word.

   Die *vrug* van die dankbare lewe in goeie werke is dat elkeen uit die goeie werke by homself van sy geloof verseker kan wees (*Jak. 2:17, 26: “Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood”; Matth. 7:7: “So dra elke goeie boom goeie vrugte...”*).

   Die besef van die regverdigmaking kom alleen deur die heiligmaking. Sodra ons besef dat Christus ons verlos het, is onmiddellik die begeerte daar om Hom te dank en, omgekeerd, uit die dankbaarheid wat daar in ons hart is, blyk vir ons duidelik dat ons deur Christus geregverdig is.

   *Dordtse Leerreëls, V, 10: “Hierdie sekerheid spruit derhalwe nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God, wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees wat saam met ons Gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is, en eindelik uit die ernstige en heilige strewe na ’n goeie gewete en goeie werke. En as die uitverkorenes van God in hierdie wêreld hierdie vaste troos dat hulle die oorwinning sal behou en hierdie onfeilbare pand van die ewige heerlikheid nie sou besit nie, dan sou hulle van al die mense die ellendigste wees.”*

5. Verder is die vrug van die dankbare lewe in goeie werke dat die naaste vir Christus gewin kan word *(1 Petr. 2:12: “En hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat hulle... op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking”; Matth. 5:16: “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik”*).

Ons moet die naaste nie alleen vir Christus win deur ons woorde nie, maar veral deur ons lewenswandel. 'n Dankbare, tevrede en geloofsversekerde lewe in goeie werke, maak die ongelowige jaloers. Hy begeer dan om ook so te lewe; hy smag ook na rus en vrede; en as hy dit by ons sien, sal hy ook na die oorsaak van ons vrede, naamlik Christus, gaan soek.

Veral in ons tyd is hierdie saak van baie groot belang. Ons lewe tussen duisende afvallige mense en ook heidene. Ons arbei aan hulle in die evangelisasie en die sending, maar ons arbeid moet gedra word deur 'n dankbare en Godsalige lewe. Wat ons verkondig, moet ons self ook uitlewe. En ons voorbeeld is dan dikwels vir mense wat in sonde gevang is, beskamend, en vir mense wat aanvegtinge of smarte ly, bemoedigend.

Vraag 87:

Ons vra hier na die gevolge van 'n goddelose en ondankbare lewe vir hulle wat hulle nie tot God bekeer nie.

Kan hulle wel salig word?

Antwoord 87:

1. Ondankbare en goddelose mense mis die vernuwende werking van die Heilige Gees; en daarom mis hulle ook die "gekoop" en "vrygemaak" wat in vraag 86, punt 2, behandel is. Die ongelowige kan nie dankbaar wees nie; die goddelose en onbekeerde ook nie; daarom volhard hulle in die sonde. Hulle sal die koninkryk van God nie beërwe nie (*Openb. 21:27: "En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie"; Ef. 5:5: "Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie"*).
2. 'n Gelowige kan wel by tye erg ondankbaar wees en in sonde val, maar hy kom tog altyd weer terug, want omdat hy gelowig is en uitverkies deur God, werk die Heilige Gees ook die vernuwing in hom.

**Onthou:**

Jy moet dankbaar lewe in goeie werke omdat jy verlos is. Bewys dankbaarheid aan God in jou hele lewe met liggaam en siel. Gee jouself geheel as 'n offerande van dankbaarheid aan Christus.

En laat jou lig skyn op skool, op straat, in jou werk en in jou huis.

Na die lig sal die mense aangetrek word.

**Lees:**

1 Kor. 6:9; 1 Joh. 3:14; Psalm 116; die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 38: Sondag 33 –
# DIE BEKERING

88. *Vraag:*

Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

*Antwoord:*

Uit twee dele: die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe.

89. *Vraag:*

Wat is die afsterwing van die oue mens?

*Antwoord:*

Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug.

90. *Vraag:*

Wat is die opstanding van die nuwe mens?

*Antwoord:*

Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus, en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe.

91. *Vraag:*

Maar wat is goeie werke?

*Antwoord:*

Net die wat uit 'n ware geloof, volgens die wet van God, alleen tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op insettinge van mense gegrond is.

---

Vraag 88:

In vraag 87 is die bekering genoem. Hier word dit uitvoerig behandel. Ons vra eers na die twee dele van die bekering.

Antwoord 88:

1. Die Heilige Gees werk in ons die vernuwing na die ewebeeld van Christus en Hy bring dié nuwe lewe tot ontplooiing deur die *roeping*; en die roeping laat Hy tot ons kom deur die Woord van God, nadat Hy ons hart geopen het om die Woord te verstaan.

   Die Gees roep altyd tot 'n bepaalde taak: tot gemeenskap met Christus (1 Kor. 1:9), tot vrede (1 Kor. 7; 15) ens. Die roeping kom altyd of daagliks tot ons en *ons moet die roeping daagliks beantwoord* (Filip. 3:13, 14). Hierdie beantwoording van die roeping noem ons die *ware bekering* van die mens.

2. Ons maak onderskeid tussen 'n *eerste* en 'n *daaglikse* bekering; die tweede is die daaglikse openbaring van die eerste. Deur 'n beeld kan ons dit verduidelik: Iemand se lewensweg lei hom direk na die hel; deur die roeping van die Heilige Gees kom so iemand egter tot *stilstand* en keer hom in sy spore om — dit is die eerste bekering. Nou gaan sy pad na God, maar gedurig struikel hy en dwaal hy af in sypaadjies. Hy moet egter altyd weer terug, hy moet altyd volhard op die ingeslane weg om sy eerste omkering te bevestig, en dit is die *daaglikse* bekering.

   Die Kategismus handel hier oor die daaglikse bekering.

3. Die bekering is dus 'n saak wat deur die Heilige Gees in die hart opgewek word, maar wat deur die mens daadwerklik gedoen word. Dit kom dus nie alleen van God nie; ons staan daar nie willoos en werkloos by en toekyk nie. Dit kom egter ook nie alleen van die mens nie asof ons daarby die genade en roeping van God kan uitsluit nie. *Die bekering is 'n werking van God en 'n verantwoordelikheid van die mens.*

4. Die *wyse* van bekering is ryk gevarieer en ons kan geen vaste patroon daarvoor aantoon nie. By baie mense loop dit rustig en gaandeweg en kan die eerste bekering moeilik van die daaglikse onderskei word. By ander gebeur dit plotseling, soos by die tronkbewaarder van Filippi (Hand. 16:24-34). Vir sommige weer vloei die daaglikse bekering gelykmatig voort; by ander is dit weer hortend en skokkend.

5. Die *waaragtige* bekering bestaan uit twee dele, die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe mens.

Maar dit moet nie verwar word met ’n onwaaragtige bekering nie.

Baie bekeringe het nie ’n waaragtige wortel in die geloof nie en is geen antwoord op die roeping van God nie.

*Dordtse Leerreëls III—IV, 11: “Verder, wanneer God hierdie welbehae in die uitverkorenes uitvoer en die ware bekering in hulle werk, dan laat Hy aan hulle nie alleen uiterlik die Evangelie verkondig en verlig Hy nie alleen hulle verstand kragtiglik deur die Heilige Gees nie, sodat hulle reg kan verstaan en onderskei die dinge van die Gees van God; maar Hy dring ook in tot die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde Gees wat die wedergeboorte skenk; Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspannig was, gehoorsaam word; Hy beweeg en versterk die wil, sodat dit soos ’n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring.*

Vraag 89:

Hier word die eerste deel van die ware bekering behandel, naamlik die afsterwing van die oue mens.

Antwoord 89:

1. Die Bybel gebruik twee woorde vir bekering: “anders dink oor ’n saak” (Mark. 1:44) en “omkeer” (Hand. 15:3). Hierdie twee woorde dui aan dat die bekering geskied met die *hart* en tot openbaring kom in die *hele persoon* en sy *hele lewenswandel*. Maar uit altwee betekenisse is dit duidelik dat die bekering ’n proses is, ’n saak wat begin en voortduur (Klaagl. 5:21).
2. Die afsterwing van die oue mens beteken dat ons oue mens, ons ou natuur, die natuur waarmee ons gebore word en wat verdorwe is vanweë die erfsonde, gedood moet word.

   Die afsterwing bestaan in ’n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sonde vertoorn het (die hart) en dat ons die sonde haat en ontvlug (lewenswandel) (*Rom. 8:13: “want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe”; Joël 2:13: “En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God”; Hosea 6:1: “Kom en*

*laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees; Hy het geslaan en sal ons verbind"*).

3. Dit is nie lafhartig om die sonde te haat en daarvan weg te vlug nie; dit is wys en dapper. Want om te sondig is maklik, veral as mens die sonde meermale doen en daaraan gewoond word; maar om daarvan los te kom en weg te vlug kos inspanning en gebed.
4. Die oue mens word finaal afgesterf by die dood. Dit is dus 'n proses wat die hele lewe duur.

Vraag 90:

Ons vra hier na die betekenis van die tweede deel van die ware bekering, naamlik die opstanding van die nuwe mens.

Antwoord 90:

1. Net soos die afsterwing van die oue mens betrekking het op die hart en die lewenswandel, het die opstanding van die nuwe mens ook hierdie twee dele.

   Die opstanding van die nuwe mens bestaan in 'n hartlike vreugde in God deur Christus (die hart). Want wie bekeer is en hom daagliks bekeer en bewus word van die ontplooiende vernuwing wat die Heilige Gees in hom werk, is bly en hy verheug hom in God (*Rom. 14:17: "Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees"*).
2. En verder is die opstanding van die nuwe mens 'n lus en liefde om na die wil van God te lewe in goeie werke (lewenswandel). Met vreugde wandel die bekeerde in die weë van die Here (*Rom. 6:10, 11: Gal. 2:20: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God..."*).
3. Die opstanding van die nuwe mens is ook 'n lewensproses. Eers by die dood is die proses voltooi en staan die nuwe mens daar in al sy heiligheid en heerlikheid.

Vraag 91:

Ons het nou dikwels oor die goeie werke gespreek maar ons moet nou eindelik ook vra wat die goeie werke eintlik is.

Antwoord 91:

1. In Sondag 24 is van die goeie werke gesê dat hulle nie die geregtigheid of ’n deel daarvan kan verwerf nie; Sondag 32 leer dat hulle noodsaaklik is en hier word vasgestel wat hulle is.

   Vir die goeie werke of ’n goeie werk word drie positiewe en een negatiewe eis gestel:

   a. Die *beginsel* is dat ’n goeie werk moet groei uit die ware geloof (*Rom. 14:23b: “en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde”*). Die geloof dra die vrugte, die goeie werke wat by die bekering pas.

   b. Die *norm* of *maatstaf* is dat die goeie werke ooreenkomstig die wet van God moet wees. Alleen die Here gee die maatstaf aan (*1 Sam. 15:22b: “Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slag-offer, om te luister beter as die vet van ramme”*).

   c. Die *doel* van ’n goeie werk is uitsluitlik die eer van God. In ons dankbaarheid eer en verheerlik ons God, vraag 86, en goeie werke is dankbaarheid (*1 Kor. 10:31: “Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God”*).

   d. Die negatiewe is: werke wat gegrond is op menslike goeddunke of insettinge is geen goeie werke nie en God nie welbehaaglik nie.

2. In ons tyd het ons veel te doen met die neiging van die mens om homself (humanisme) of sy goed (materialisme) as die middelpunt van alles te stel. Op grond van humanistiese en materialistiese oorwegings word daagliks baie dinge gedoen en selfs aanbeveel, en wat in die oog van die mense goeie en edele dade is. Gewoonlik voldoen hulle egter nie aan die drie eise wat ons vir die goeie werke moet stel nie — daarom is hulle wegwerplik voor God.

   Alles wat gesê en gedoen word, moet ons steeds bly toets of dit wel uit die geloof kom, of dit ooreenstem met die wet van God en of dit tot sy eer is.

**Onthou:**

Vlug vir die sonde en haat dit.

Vlug na God in wie jy vreugde moet hê.

Soek in alles wat jy doen die eer van God; wees gehoorsaam aan die wet van God en laat jou geloof veel vrug dra.

**Lees:**

Dordtse Leerreëls, III—IV, 8-12; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 39: Sondag 34a –
## DIE WET VAN GOD

92. *Vraag:*

Hoe lui die wet van God?

*Antwoord:*

God het al hierdie woorde gespreek (Exod- 20:1 -17, Deut. 5:6-21): Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.

Hierop volg die tien gebooie.

93. *Vraag:*

Hoe word hierdie tien gebooie verdeel?

*Antwoord:*

In twee tafels, waarvan die eerste leer hoe ons teenoor God ons moet gedra; die ander, wat ons aan ons naaste verskuldig is.

---

Vraag 92:

Sondag 32 en 33 het ons geleer dat die wet van God die reël van die dankbaarheid is. In die hele lewe moet die dankbaarheid steeds langs die weg van die wet loop, altyd die wet as maatstaf hê.

In Sondag 2 is die wet as 'n hoofsom behandel as die bron van ons ellendekennis. Hier word dit behandel in sy besonderhede as die reël of maatstaf van ons ganse lewe.

Antwoord 92:

1. Die Here het die tien gebooie op Sinaï aan die volk Israel gegee en deur hulle aan alle mense van alle tye. Die Here het self die twee kliptafels beskrywe met sy wet (*Exod. 31:18: "En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinaï, die twee tafels van die getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God"; Exod. 32:16: "En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van God, in die tafels gegraveer").*

Vir ons staan die tafels van die wet opgeteken in Exod. 20:1 -17 en Deut. 5:6 -21.

2. Vir hierdie wet was die reël: Doen dit en jy sal lewe! (*Gal. 3:12: "Maar die wet is nie uit die geloof nie maar die mens wat hierdie dinge doen sal daardeur lewe")*. Vanweë die sonde kon die mens dit nie doen nie, kon hy die wet nie onderhou nie, soos ons gesien het. Maar Christus volbring die wet in al sy dele en verlos ons van die vloek daarvan *Gal. 3:13: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet"; Joh. 19:30: "Dit is volbring..."*).

   En nou word ons geroep om hierdie wet te onderhou deur die krag van Jesus in die vernuwing wat Hy in ons deur sy Gees werk. Maar ons onderhou nie om daardeur die ewige lewe of iets te verdien nie — Christus het deur sy onderhouding reeds alles verdien —, dog om ons dankbaarheid te bewys dat dit volbring is en dat die ewige lewe vir ons verwerf is.

   Die wet is dus volbring maar nie *opgehef* nie. Dit bly nog onveranderd geld vir ons om te onderhou as volbragte werk.

3. Die opskrif van die wet, naamlik "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" leer ons die volgende:

   a. *God is die absolute Wetgewer*.
      Alleen Hy kan en mag die wet gee vir alle mense van alle tye.

   b. *Die wet is openbaring van genade*.
      God, die Wetgewer, is ook die genadige Vader wat sy volk gered en verlos het (uit Egipteland).

   c. *Die wet eis gehoorsaamheid*.
      Maar elke wet en die gehoorsaamheid daaraan is teken van God se verlossing uit die slawehuis en dat die Here tot onderhouding van die wet self in Christus die krag skenk (Deut. 5:12-15; 6:12; 13:10 en Hos. 14:19c).

4. Die *vorm* van die wet is Israelities. Dit blyk duidelik uit die *letterlike sin* van die tien gebooie (opskrif, 4de en 5de gebod) en in sy letterlike sin was die wet vir Israel 'n tugmeester tot op die koms van die Messias (*Gal. 3:24, 25: "Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder die tugmeester nie"*).

Maar die wet het ook 'n *geestelike* betekenis en hierdie betekenis het dit vir ons. God het self die geestelike betekenis saamgevat in *Deut. 6:4,5: "Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag."*

5. Jesus het die wet in sy letterlike en geestelike sin vir ons volbring *(Matth. 5:17: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul")*.

Vraag 93:

Ons vra hier na die verdeling van die wet.

Antwoord 93:

1. Die wet word in twee tafels verdeel en die tafels was oorspronklik op albei kante beskrywe (*Exod. 32:15: "En Moses het omgedraai en van die berg afgeklim, met die twee tafels van die getuienis in sy hand, tafels wat op altwee kante beskrywe was; hulle was op die een en op die ander kant beskrywe"*).
2. Op die eerste tafel het die Here die verhouding van die mens tot God gestel en op die tweede die verhouding van die mense tot mekaar. Saamvattend behandel die eerste tafel die liefde tot God en die tweede die liefde tot die naaste (Matth. 22:37-40).

   Hierdie twee tafels word wel van mekaar onderskei maar ons mag die een nooit van die ander skei nie. Die tweede wortel in die eerste en die eerste het altyd die tweede as noodsaaklike gevolg of vrug.
3. Op die eerste tafel staan die 1ste tot die 4de gebod; op die tweede die 5de tot die 10de gebod.
4. Die inhoud van die wet is in kort soos volg (die volledige inhoud word in die volgende vrae en Sondae behandel):

   1ste Tafel: 1ste gebod: liefde tot God, die Persoon van God.

   2de gebod: die diens van God.

   3de gebod: die Naam van God.

   4de gebod: die dag van God.

2de Tafel: 5de gebod: die gesag van die mens.

6de gebod: die lewe van die mens.

7de gebod: die huwelik van die mens.

8ste gebod: die eiendom van die mens.

9de gebod: die naam van die mens.

10de gebod: die begeertes van die mens.

5. Elke gebod bestaan uit twee dele, naamlik ’n gebod en ’n verbod. Dit sal in die behandeling van die gebooie duidelik aan die lig tree.

**Onthou:**

Jy het elke dag baie gedagtes en woorde en dade. Laat vir elke dag vir alles die wet van die Here jou rigsnoer bly. Dan lewe jy ’n lewe van dankbaarheid.

**Lees:**

Exod. 20; Deut. 4, 5, 6; Matth. 22:37-40; die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 40: Sondag 34b –<br>DIE EERSTE GEBOD: DIE WARE GODSDIENS

94. *Vraag:*

Wat gebied God in die eerste gebod?

*Antwoord:*

Dat ek, so dierbaar as my die saligheid van my siel is, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van die heiliges of van ander skepsele moet vermy en dit ontvlug, en die enige ware God reg moet leer ken, Hom alleen moet vertrou, en in alle ootmoedigheid en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp, van Hom alleen alles wat goed is, moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê, vrees en eer, sodat ek eerder van alle skepsele sal afsien en dié laat vaar as dat ek in die allerminste teen sy wil sal handel.

95. *Vraag:*

Wat is afgodery?

*Antwoord:*

Afgodery is, om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders te versin of te hê waarop die mens sy vertroue stel.

---

Vraag 94:

Die eerste gebod is die grondslag van die hele wet.

Ons vra hier na die wil van God en behandel die ware God en godsdiens.

Antwoord 94:

1. Die eerste gebod lui: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie."

   God die HERE is die enige en waaragtige God; daar is geen ander nie (*Deut. 6:4: "Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here"*). Daarom duld God geen ander gode nie, dit wil sê skepsele wat deur die mens verhef word en naas God aanbid word.

2. Die aangesig van God dui op die liefde en verbondstrou van die Here (*Exod. 33:15: "Toe sê hy vir Hom: As U nie self (hier staan eintlik aangesig) meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie"*) en ook op Christus (*2 Kor. 4:6: "Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn — dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus"*). Om dan ander gode te aanbid, sou beteken om God in sy aangesig ontrou te wees.

3. Oortreding van die eerste gebod is:

   a. *Afgodery*. Dit word in vraag 95 behandel.
   b. *Towery* veronderstel 'n mag wat nie onder die heerskappy van God val nie. Daar is die sogenaamde toordokters, goëlery, doepa, die mag van bose geeste ens.
   c. *Waarsêery* wat probeer om onbekende en toekomende dinge aan die lig te bring deur allerlei handelinge of woorde, soos ook met kaarte, dolosse, teeblare, kristalle en nog baie ander.
   d. *Bygeloof*. By of naas die geloof in God word in ander kragte geglo. Ons alledaagse lewe is daarvan vol en ons tref dit veral by naturelle aan.
   e. *Aanroeping van heiliges of ander skepsele*. Veral is in gedagte hier die praktyk van die Roomse Kerk.

4. Ons moet al hierdie dinge vermy en ontvlug. Mens kan so maklik deur een van hierdie goddelose praktyke, veral as dit gewoonte word, die ware God uit die oog verloor.

5. Die HERE is en bly die enige en waaragtige God. Hy *gebied* ons in die eerste gebod soos volg:

   a. Ons moet God reg leer ken uit sy Woord (*Joh. 17:3: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God…"*).
   b. Ons moet alleen op God vertrou (*Jer. 17:7: "Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is"*).
   c. Alleen aan God moet ons ons onderwerp in alle ootmoedigheid en lydsaamheid (*Hebr. 10:36: "Want julle het lydsaamheid nodig om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry"*).
   d. Alleen van God moet ons die goeie verwag (*Ps. 104:22: "Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd"*).
   e. Ons moet God van ganser harte liefhê (Deut. 6:5).

f. Ons moet God vrees (*Deut. 6:2: "dat jy die Here jou God kan vrees om al sy insettinge... te hou..."*) en eer (*Matth. 4:10: Die Here jou God moet jy aanbid (d.i. eer) en Hom alleen dien"*).
g. So moet ons, ter wille van God en ter wille van ons saligheid, van *alle skepsele afsien* en volledig na God se wil handel (*Matth. 10:37: "Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie..."*).

As ons dit nou alles saamvat, kan ons sê dat die eerste gebod ons *gebied om die Here alleen, heeltemal alleen, lief te hê* — en dit is die sin en bedoeling en grond van die ganse wet.

6. Jesus Christus het die eerste gebod vir ons volbring (*Matth. 4:10: "Toe sê Jesus vir Hom: Gaan weg Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien"*).

Vraag 95:

Omdat die eerste gebod van grondliggende betekenis van die hele wet is, word in hierdie vraag spesiaal ingegaan op die afgodery, die groot *verbod* van die eerste gebod.

Antwoord 95:

1. "Af" in afgodery beteken "weg van"; afgodery is dus "weg van God" of "geen god" of van God wegdraai na iets of iemand anders. Op daardie iets of iemand word dan, naas of in plaas van God, vertroue gestel. In plaas van die Skepper word 'n skepsel gestel en aanbid en vertrou.

   In die Bybel, veral in die Ou Testament en in die Sendbriewe van Paulus, word 'n menigte voorbeelde van afgodery gegee tesame met die droewige gevolge daarvan, naamlik dat die afgodedienaar die ware God nie ken en nie het nie.

2. Maar dit wil nie sê dat afgodery vandag nie meer bestaan nie. Meer en meer draai die mense weg van God en stel hulle vertroue op iets anders. 'n Paar voorbeelde van vandag se afgodery is:

   a. *Die mens*. As middelpunt van alles word die mens en sy tegniek en wetenskap verhef tot 'n afgod. Ons noem dit ook wel die humanisme. Dink net hoe verskriklik die mens vandag op homself en sy verstand bou en staatmaak.

b. *Verloëning van God*. Daar is geen God nie, beweer die mense. Ons noem dit die ateïsme.

c. *Die natuur en kultuur*. Natuur- en kultuurvergoding is die kenmerk van ons tyd. Dikwels word die kultuur en die kuns en die wetenskap aanbid. Met wat 'n verering word soms nie gedink aan 'n besondere filmster of sportman nie en hoe kan jongmense sport soms tot 'n god verhef.

d. *Die geld en goed van die mens*. Dit is gevaarlike afgode Mammon (geld) en Materialisme (goed, sonder geestelike waardes).

3. Selfs in die alledaagse lewe is die mens, en ons ook maar, dikwels besig met afgodediens: Ons vertroue is op die weerprofeet, die motor, spierkrag, verstand, bankrekening en nog baie dinge. Dink aan die miljoene mense wat jaarliks aanbid by die praalgraf van Lenin op die Rooiplein in Moskou.

**Onthou:**

Ook jy, soos alle mense, het hierdie gebod oortree en oortree dit seker nog. Kyk in jou eie hart en dink aan die dinge waarop jy, naas God, soms jou vertroue gestel het. Pas op vir die afgodery.

Dien God alleen in liefde. Ken Hom uit sy Woord en buig jou voor Hom neer.

**Lees:**

Jes. 40; Deut. 6; I Joh. 5:21 en Exod. 33; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 41: Sondag 35 –
## DIE TWEEDE GEBOD: DIE WARE EREDIENS

96. *Vraag:*

Wat eis God in die tweede gebod?

*Antwoord:*

Dat ons van God nooit enige afbeelding mag maak nie en Hom op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.

97. *Vraag:*

Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

*Antwoord:*

God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie. Die skepsele mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons hulle beeltenis sal maak of hê om dit te vereer of God daardeur te dien.

98. *Vraag:*

Maar sou ons die beelde in kerke as boeke van die leke nie mag toelaat nie?

*Antwoord:*

Nee; want ons moet nie wyser wees as God nie, wat sy Christene nie deur stomme beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig.

---

Vraag 96:

Die eerste gebod handel oor die ware godsdiens. In die tweede word gespreek oor die ware *erediens*.

Antwoord 96:

1. Die tweede gebod lui: "Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak nie... Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie." Die gebod spreek dus oor die diens aan God en nie oor die afgodediens nie, naamlik hoe God reg en verkeerd gedien word.

2. Ons mag van God nooit enige beeld maak nie en Hom ook nie deur die beelde dien nie. God mag nie afgebeeld word deur iets wat bo in die hemel is (voëls en hemelliggame) of wat op die aarde is (mense, diere, plante) of wat in die waters is nie (visse) (Deut. 4:15 -19). So wil die Skepper nie deur die skepsel afgebeeld wees nie. Om dit te doen is gruwelike sonde en groot dwaasheid (*Rom. 1:22, 23: "Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere"*).

   Hierdie beeldediens waardeur mense meen om God te dien, lei altyd tot afgodediens. Daarop wys Paulus ons ook in Rom. 1:24 e.v. Die goue kalf van Aäron (Exod. 32) en die kalwers van Jerobeam (1 Kon. 12:26 e.v.) is voorbeelde van beeldediens in die Bybel.

3. As God deur beelde gedien word, word Hy anders en op 'n ander manier gedien as wat Hy in sy Woord beveel het. Ons noem dit ook *eiewillige* godsdiens en erediens. Dikwels hoor ons iemand sê dat hy God sal dien soos hy wil en wanneer hy wil; hy sal bid as hy in die stemming is om te bid of kerk toe kom as hy lus het. Dit is alles oortreding van die tweede gebod want ons móét bid en móét kerk toe kom omdat God dit beveel en nie omdat ons lus het nie.

Jesus gee die reël vir hierdie gebod duidelik aan: *Joh. 4:24: "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid bid."*

Vraag 97:

Verbied God in hierdie gebod dan alle beelde?

Antwoord 97:

1. God kán nie afgebeeld word nie want Hy is die onsienlike wie se "gedaante" nie uitgedruk of afgebeeld kan word nie (*Deut. 4:15: "want julle het geen verskyning gesien op die dag dat die Here by Horeb uit die vuur met julle gespreek het nie..."; Jes. 40:18: "By wie wil julle God dan vergelyk? of watter gelykenis naas Hom stel?"*).

   God mág ook nie afgebeeld word nie, soos ons in vraag 96 gesien het. God hóéf ook nie afgebeeld te word nie, want Hy het die mens na sy beeld en gelykenis gemaak. En Christus, wat die beeld of die afskynsel van die Here is, het die beeld van God in ons herstel. Maar nou

draai die mens dit om: Hy wil, deur eiewillige diens aan God, die beeld self herstel — en dan maak hy ’n karikatuur.

2. Van die skepsele mag ons wel beelde maak. Die beeldhou- en beeldende- en fotografiese kuns is dus nie deur God verbode nie. Maar sodra ons beelde maak met hierdie kunste om God daardeur te vereer of te dien, oortree ons hierdie gebod.

   God gee ook kunstenaars om die beelde te maak en ons mag daarvan geniet. Maar sodra dié genieting verering of aanbidding word, moet sulke beelde met krag verwyder word. Dink aan die *bioskoop* (nie die film as sodanig nie): die *atmosfeer* van die bioskoop is heidens, afgodies, onchristelik, mensvergodend en materialisties. Bly daar weg!

   Ons dink hier ook aan die beeldediens van die Roomse Kerk. Dit kan so maklik in afgodery oorslaan en het ook al afgodery geword. Ook op ’n ander manier as om stoflike beelde van God te maak, kan ons teen hierdie gebod sondig. Wie die naaste nie liefhet en God tog wil dien, het verkeerde diens; wie ketterye en dwaalleer aanhang stel God anders voor as wat Hy Hom in sy Woord geopenbaar het; wie die diens van God nalaat en uitstel en nie met erns betrag nie, het nie na God geluister nie.

3. Jesus het hierdie gebod ook vir ons volbring omdat Hy sy Vader in volkome gehoorsaamheid gedien het in sy verlossingswerk.

Vraag 98:

Hierdie vraag het betrekking op die erediens as sodanig, naamlik die verkeerde diens van die Roomse Kerk en die regte diens soos God dit in sy Woord gestel het.

Antwoord 98:

1. In die Roomse Kerk moet die beelde en allerlei afbeeldings diens doen om eenvoudige en dom mense te onderrig omdat hulle dit beter verstaan as die moeilike Bybel.

   Dit is alles baie verkeerd. God wil ons onderwys en onderrig deur die verkondiging van die lewende Woord en nie deur stomme beelde nie (*Jer. 10:8: “Maar almal saam word hulle dom en dwaas, die tugtiging van die nietige afgode — dit is hout”; Mark. 16:15: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom”; 2 Tim.*

*3:15: “en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus”*).

2. Die ware diens van God geskied dus deur die lewende verkondiging van die Woord. Dit geskied deur ons persoonlike diens — skriflesing en gebede, ons huisgodsdiens en ons openlike kerklike erediens wat die ontmoeting van God met sy volk in Jesus Christus is.

   En in ons *erediens* in die kerk moet die Woord van God die middelpunt wees.

   *So wil God hê dat ons Hom moet dien.*

   Die erediens in ons kerke is soos volg:

   a. Die predikant open met die votum en spreek die seën uit;
   b. die gemeente sing en lê die belydenis van die geloof af en luister na die afkondiging van die wet;
   c. die predikant gaan voor in die gebed, hy lees die Woord voor, verklaar dit en pas dit toe;
   d. die predikant gaan voor in die dankgebed, die gemeente sing en die predikant spreek die seën uit.
   e. In die erediens vind ook nog plaas die bediening van die sakramente, die barmhartigheidsdiens en die bevestiging van die ampte en huwelik.

   In die kerk moet daar tydens die erediens ook stilte en eerbied wees. In ooreenstemming met die eerbied moet ook die kleredrag netjies en stemmig wees; die kerkgebou, orrelspel en alle handelinge en vorme in die kerk moet getuig van ontsag. So bly die aandag op die enige en waaragtige God en sy Woord waardeur ons Hom in gees en waarheid aanbid.

3. Die tweede gebod hou ook nog ’n bedreiging en ’n belofte in. Die eiewillige diens aan God word in die geslagte gestraf deur God. Kinders leer by hulle ouers om die kerk sleg by te woon of om die Bybel nie te lees nie of om nie te bid nie. As hulle groot word, sterf hulle dikwels sulke dinge af en keer God die rug toe. Aan die ander kant is daar belofte van seën en barmhartigheid aan hulle wat God reg en ootmoedig dien. Dit sien ons ook in die geslagte.

**Onthou:**

Pas op vir die beeldediens, die eiewillige godsdiens. Moenie ons volkshelde deur hulle beelde vereer nie, maar vereer alleen God.

Vermy die bioskoop, waak teen gelukbringers en die sogenaamde “mascot”.

Lees die Woord, luister daarna, gaan getrou kerk toe om die Here te dien soos HY dit wil.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; Jes. 40:18 e.v.; Rom. 10:14 e.v.

## Hoofstuk 42: Sondag 36 –
## DIE DERDE GEBOD: DIE NAAM VAN GOD

99. *Vraag:*

Wat eis die derde gebod?

*Antwoord:*

Dat ons nie alleen deur te vloek of deur 'n valse eed nie, maar ook deur onnodig te sweer die Naam van God nie moet laster of misbruik nie; en dat ons ook deur te swyg of dit toe te laat aan sodanige verskriklike sondes geen deel moet hê nie; kortom, dat ons die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied moet gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word.

100. *Vraag:*

Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek, dat God Hom ook oor diegene vertoorn wat dit nie, soveel as dit in hulle vermoë is, help weer en verbied nie?

*Antwoord:*

Ja seker; want daar is geen groter sonde of een wat God meer vertoorn nie as die lastering van sy Naam; daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf.

---

Vraag 99:

In die derde gebod word gespreek oor die Naam van God en die gebruik daarvan deur die mense.

Antwoord 99:

1. Die derde gebod lui: "Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie..."

   Die Naam van God is die openbaring van God se Persoon. God en sy Naam is dus eintlik vir ons dieselfde en die Naam van God in die Bybel gee ook die wese van God aan, naamlik God is die "waaragtig synde" of die "lewende". Dit lê opgesluit in die Naam HERE, wat beteken "Ek is wat Ek is" (*Exod. 3:14: En God sê vir Moses: EK IS WAT*

*Ek is. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel Antwoord: Ek Is het my na julle gestuur"*). Hy is die onveranderlike en barmhartige verbondsgod, altyd getrou — Hy is wat Hy is.

Hierdie Naam word besonder geopenbaar as die Woord vlees word, as Jesus kom (*Joh. 17:6: "Ek het U Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het"*). So word die Naam Here verenig met die Naam van Jesus, ons Saligmaker (*Hand. 4:12: "daar is ook geen ander naam onder die hemel wat aan die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie"; Joh. 17:26: "En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle"*).

2. In die derde gebod eis God dat ons sy Naam moet *gebruik*. Dit kom reeds uit in die eerste gebod as gesê word dat ons God moet ken, liefhê en vertrou.

3. *Misbruik van die Naam van God*.

Die Naam van God moet nie misbruik word nie. Misbruik of ydellik gebruik beteken dat die Naam van God tot die onheilige of nikswaardige verlaag word, dat dit neergehaal en sonder eerbied as 'n gewone woord gebruik word.

Hierdie misbruik kan op die volgende maniere plaasvind:

a. *Vloek*.

Om te vloek is om God deur misbruik van sy Naam aan te rand. Iemand wil homself, deur te vloek, laat geld met 'n sterk woord omdat sy persoonlikheid te swak is om daarsonder klaar te kom.

'n Vloeker is dus eintlik 'n lafaard en swakkeling.

Vloek is ook openbaring van haat jeens God of ontevredenheid met mens se lot of ook onbekeerlikheid.

Name van God en van Jesus word dan as vloekwoorde gebruik of die Name word vervorm of verkort of met ander verbind om die lasterlikste vloeke te maak. Verder is daar allerlei ander vloekwoorde — te veel om daar ooit 'n lys van te maak.

Vloek kan baie maklik 'n gewoonte word en mens moet baie oppas om nie in so 'n lasterlike gewoonte te val nie. God vertoorn Hom verskriklik daaroor.

b. *Valse ede en onnodig sweer*.

Hieroor handel die volgende Sondag.

4. *Ongebruik van die Naam van God*.

Die Naam van God moet nie alleen nie misbruik, maar dit moet ook nie ongebruik laat lê word nie. Op die volgende maniere bly die Naam van God ongebruik:

a. Deur ons swye as ons ander hoor vloek (*Spr. 20:24: "Hy hoor die beswering, maar openbaar niks nie*"). Dikwels is ons by as mense vloek, ons hoor dat hulle God laster. As ons dan swyg en hulle nie vermaan nie, het ons deel aan die verskriklike sonde van Godslastering. Sal 'n mens swyg as in jou teenwoordigheid die naam van jou vader of moeder gelaster word? Een wat dan swyg is immers 'n lafaard.

b. Deur *toe te laat* dat ander vloek en laster. Ons hoor ander vloek en lees gruwelike laster in slegte boeke en tydskrifte, maar laat dit toe met die gedagte dat ons dit tog nie kan keer nie.

c. Deur die Naam van God in die openbaar te *verswyg*. Ons het ruim geleentheid om die Naam van die Here in die wêreld te bely en van sy openbaring te getuig. Dikwels doen ons dit nie omdat ons die Here en sy Naam net tot die kerk beperk. Dan staan mens sogenaamd neutraal. Hierdie neutraal is niks anders nie as gruwelike lastering van God se Naam nie.

5. *Die regte gebruik van die Naam van God*.

Ons moet die Naam van die Here nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie *(Jes. 45:23: "Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie; dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer"; Jer. 4:2: "Dan sal jy sweer: So waar as die HERE leef! in waarheid, in reg en geregtigheid").* Ons kan die Naam van die Here soos volg reg gebruik:

a. *Die Naam reg bely*.

Dit is hier hoofsaaklik 'n belydenis na buite, 'n getuienis dat ons in God glo, dat daar een Naam is bo alle name waardeur ons gered word; dink ook aan die belydenis van geloof wat afgelê word, belydenis in tye van vervolging, belydenis teenoor die ongelowiges en lasteraars

en godloënaars (*Matth 10:32: "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is"; Rom. 10:9, 10: "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding"*).

b. *Die Naam reg aanroep.*

Ons roep God aan in ons gebed om Hom te loof en te prys en ons node aan Hom op te dra (pas daarvoor op om die Naam van die Here nie te oorvloedig, asof dit 'n stopwoordjie is, in die gebed te gebruik nie); ons roep God aan in benoudheid, angs, vreugde, smart en in alle lewensomstandighede buig ons ons knie voor Hom neer — in die binnekamer, huisgesin, kerk, skool, werk en orals (*Ps. 50:14, 15: "Offer dan aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy moet My eer"*).

c. *Die Naam in al ons woorde en werke prys.*

Ons ganse lewe met elke woord en daad, moet die Here prys. Altyd en orals soek ons die eer van God alleen (*Kol. 3:17: "En wat julle ook al doen in woord en daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom"*).

Vraag 100:

Hoe groot is hierdie sonde van Godslastering? Is dit so groot dat die Here selfs dié straf wat sy Naam ongebruik laat lê?

Antwoord 100:

1. Sekerlik is hierdie sonde baie groot. Niks vertoorn die Here meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het die Here ook beveel dat die lastering van sy Naam met die dood gestraf moes word (*Lev. 24:16: "En wie die Naam van die Here laster, moet sekerlik gedood word"*).

2. Jesus Christus het hierdie gebod vir ons volbring. Die hoëpriester plaas Jesus onder eed voor die Joodse Raad (Matth. 26:63) en beskou dan Jesus se woorde as Godslastering. Daarop kon die vonnis alleen die dood wees.

**Onthou:**

Sidder voor die heilige Naam van God en gebruik dit reg.

Roei alle vloekery en vloekwoorde uit jou lewe uit en volhard in die eer van God se Naam. Wees nie skugter of skaam om ander te bestraf nie en kom openlik uit vir jou geloof, jou belydenis en jou getuienis van God se Naam.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; Lev. 24:15, 16; Matth. 26:63-68.

## Hoofstuk 43: Sondag 37 –
## DIE DERDE GEBOD: DIE EED

101. *Vraag:*

Maar mag ons ook Godsalig by die Naam van God ’n eed sweer?

*Antwoord:*

Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis, of anders die nood dit vorder om trou en waarheid daardeur te bevestig, en dit tot eer van God en tot heil van die naaste; want om so ’n eed te sweer is in die Woord van God gegrond en daarom ook deur die heiliges in die Ou en Nuwe Verbond reg gebruik.

102. *Vraag:*

Mag ’n mens ook by die heiliges of by enige ander skepsele ’n eed sweer?

*Antwoord:*

Nee; want as ons ’n regte eed sweer beteken dit dat ons God aanroep om as die enigste Kenner van die hart vir die waarheid getuienis te gee, en my te straf as ek vals sweer — ’n eer wat aan geen skepsel toekom nie.

---

Vraag 101:

In vraag 99 is daarop gewys dat ’n valse eed en onnodig te sweer verkeerde gebruik van God se Naam is.

In Sondag 37 word nou spesiaal oor die eed gespreek. Hier vra ons nou of daar ook ’n regte of Godsalige eed is.

Antwoord 101:

1. Waar die sonde is, is ook die leuen, die onwaarheid. Die leuen lê in die hart van die mens en dit word aangeblaas deur die vader van die leuen, die duiwel. Omdat die mens so in die onwaarheid gevange sit en omdat ons nie in die mens se hart kan kyk nie en dit nie kan oordeel nie, het God ons die eed gegee as ’n middel om die waarheid te bevestig.

2. Om 'n regte eed te sweer is dan om die Here aan te roep om vir die waarheid getuienis te gee. Hy is die Waarheid self (*Joh. 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe"*) en Hy alleen ken die hart van die mens. Hy kan in ons hart sien en oordeel oor en getuig van waarheid of leuen. Daarom is die eed in die Bybel gegrond en is dit ook in die Ou en Nuwe Testament gebruik (*Deut. 6:13: "Jy moet die Here jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer"; Gen. 21:23, 24: "Sweer dan nou vir my hier by God... En Abraham Antwoord: "Ek sweer"; 2 Kor. 1:23: "Maar ek roep God as getuie aan oor my siel..."*).

3. So 'n regte eed mag ons sweer. Maar dit bly 'n ernstige saak en dit moet Godsalig gedoen word. Ons mag sweer:

   a. As die owerheid dit van ons verlang. So 'n eed word geneem by die instelling of inswering van sekere ampsdraers soos regters, ministers, offisiere en ander; in die howe word getuies onder eed geplaas.

   b. As die nood dit vereis. Sulke nood-omstandighede kan hom in die lewe voordoen. As daar byvoorbeeld 'n lewe gered kan word deur 'n eed te sweer, is dit geoorloof.

4. Maar hierdie eed moet altyd en alleen gebruik word om die waarheid daardeur te bevestig. Daar moet in die hart waarheid wees wat na buite openlik bevestig word met die aanroep van die Here se Naam. As daar in die hart leuen is, is so 'n eed vals — dit is *meineed*. En meineed haal 'n swaar oordeel van God oor die mens. Dink net hoe ontsettend daar gelieg word onder eed.

   Verder moet die eed tot eer van God wees. Vir ons gelowiges is dit 'n heerlike getuienis dat in die publiek die Naam van God erken word en ook aangeroep word. Ons moet daarteen waak, dat deur afskaffing van die eed, die Naam van God verdring word; maar ons moet ook waak teen misbruik van die Naam van die Here deur valse eed en lastering.

   Die eed moet voorts tot heil van ons naaste wees. Ons kan, deur te lieg onder eed, ons naaste groot skade aandoen, maar deur die waarheid kan ons eed hom tot groot heil wees.

6. Waak ook teen *onnodig sweer* want dit is lastering van God se Naam. Dink aan woorde wat vir baie van ons amper alledaags geword het:

op my woord, so waar as ek leef, ek sweer, “roerie” en baie ander. Seuns het ook sekere tekens wat sweer beteken: die vinger deur die mond en oor die keel trek, wat beteken dat die kop afgekap kan word as dit nie die waarheid is nie; die middelvinger oor die wysvinger kruis en nog ander. Ban sulke woorde en tekens uit — dit is onnodig sweer en ’n ydellike gebruik van God se Naam.

6. Jesus het die eed geheilig toe Hy voor die Joodse Raad onder eed verklaar het dat Hy die Messias is (Matth. 26:63, 61) en Hy het die derde gebod ook vir ons volbring sodat ons dit deur sy krag kan onderhou.
7. In die kerk gebruik ons nooit die eed nie. Ons lê alleen beloftes en plegtige verklaringe af, soos by die aflegging van belydenis van die geloof en die bevestiging in ’n amp of die huwelik. Dit is so omdat ons in die kerk teenoor God altyd in die verhouding van waarheid staan en ons beloftes en belydenisse die krag van ’n eed het.

Vraag 102

Die regte eed word by God gesweer.

Maar mag mens ook by enige mens of skepsel ’n eed sweer?

Antwoord 102:

1. Soos in vraag 101 reeds uiteengesit, is ’n egte en ware eed die aanroeping van God om vir die waarheid te getuig omdat Hy waarheid is en die enigste kenner van die hart.

   Wanneer by iemand anders gesweer word, al is dit ’n heilige, word so iemand immers met God gelykgestel. Dit is baie verkeerd — geen mens of skepsel mag so hoog geag word nie. En tog word so dikwels die heiliges aangeroep (by die Roomse Kerk veral) en ook ander skepsele, dat ons baie daarvoor moet oppas. Dink aan woorde soos: so by my kool, so waar as wragtie, “by Jove” (Jupiter) en ander.
2. Teen hierdie misbruik van die eed spreek Jesus Hom uit in Matth. 5:34-36 en Jakobus in Jak. 5:12.
3. Ons moet dus baie oppas as ons die Naam van die almagtige God op die lippe neem; ons moet die heilige Naam altyd en oral reg gebruik, nooit misbruik nie en ook nie ongebruik laat nie.

**Onthou:**

Die Naam van God is God self. Met groot eerbied en vrees en ootmoed moet jy die Naam gebruik. Laat jou hart en jou lippe die waarheid dien.

**Lees:**

Deut. 10:20; Hebr. 6:16; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 44: Sondag 38 – DIE VIERDE GEBOD: DIE DAG VAN DIE HERE

103. *Vraag:*

Wat gebied God in die vierde gebod?

*Antwoord:*

Eerstelik, dat die kerkdiens of die predikamp en die skole onderhou moet word, en dat ek, veral op die sabbat, dit is op die rusdag, met die gemeente Van God ywerig moet opkom om die Woord van God te hoor, die Sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep, en aan die armes Christelike liefdegawes te bring; ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk en so die ewige sabbat in hierdie lewe moet begin.

---

Vraag 103:

Die vierde gebod handel oor die dag van die Here, die sabbatdag of die Sondag.

Ons vra hier na die eis van die gebod.

Antwoord 103:

1. Die vierde gebod lui: "Gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig". En as rede hiervoor staan verder in die gebod: "want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. *Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig*" (Gen. 2:1-3).

   Die eerste grond vir die onderhouding of die viering van die sabbat is dus dat dit 'n *skeppingsordinansie* van God is.

2. Maar daar is nog 'n tweede grond vir die onderhouding van die sabbat. In Deut. 5, waar die tien gebooie ook neergeskrywe staan, sê die Here by die vierde gebod (Deut. 5:15): *"En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou."*

Die tweede grond vir die onderhouding of die viering van die sabbat is dus die *verlossingsdaad* van God.

3. In die Ou Verbond moes die sabbatdag of rusdag op die sewende dag van die week gehou word. Eers ses dae arbei en dan die rus.

   Maar die waaragtige verlossing is in die Ou Testament nog verwag, dit moes nog kom in die verlossingswerk van die Messias. Jesus het die verlossing gebring en Hy lê op die sewende dag, die ou sabbatdag, in die graf. Op die eerste dag van die week staan Hy uit die dode op en sy opstandingsdag word vir ons die nuwe rusdag. Die Sondag word sabbatdag. So het Jesus die vierde gebod volbring sodat ons eers rus en dan ses dae arbei.

   Ons mag nou uit die rus van die verlossing lewe, terwyl die gelowiges in die Ou Testament na die rus toe gelewe het. Die gelowiges het dan ook na die opstanding van Jesus spoedig die eerste dag van die week as rusdag begin vier (Joh. 20:19, 26a; Hand. 20:7a; 1 Kor. 16:2).

   Ons sabbatsonderhouding of Sondagviering moet dus in die teken staan van dankbaarheid vir die verlossing deur Christus.

4. Die Sondag *moet geheilig* word, afgesonder word tot die diens van die Here alleen. Dan moet daar gerus word van alles wat in die diens van die mens staan en alles moet in die teken staan van diens aan God. En op die Sondag moet die Here Jesus die middelpunt wees van ons viering en diens (*Luk. 6:5: "Die Seun van die mens is Here ook van die sabbat"*). As Jesus ons middelpunt is, sal ons nie nog vra wat ons wel en wat ons nie op 'n Sondag mag doen nie.

5. Om die vierde gebod te gehoorsaam moet ons allereers meehelp om die kerkdiens en die skole te onderhou en vir die kerkdiens is in die eerste plek nodig die onderhouding van die *predikamp*.

   Daar moet predikante wees en hulle moet onderhou word (*1 Kor. 9:13, 14: "So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe"*). Die predikante moet opgelei word, daarom onderhou ons 'n Teologiese Skool; die predikante moet onderhou word, daarom ontvang hulle 'n traktement en woon hulle in 'n pastorie, want hulle behoort geen ander inkomste te hê nie. Verder is nodig kerkgeboue en alles wat daarby hoort om stigtelik en met eer diens te hou. Ons moet daarvoor gereeld en mildelik 'n vaste deel van ons inkomste bydra.

Ons moet ook werk vir Christelike skole waar die kinders waarlik in die vrees van die Here onderrig word in die lig van God se Woord.

6. Verder moet ons op die Sondag self die volgende doen:

   a. Ons moet met die gemeente ywerig opkom na die eredienste, elke Sondag twee keer. En hoe gruwelik word die Sondag ontheilig deur duisende mense, ook gelowiges, wat ongereeld of swak of glad nie kerk toe kom nie. Oor dié sonde sal ons nog swaar gestraf word.

   b. Ons kom saam om die Woord van God te hoor. Nie vir mense-woorde of vir verhaaltjies kom ons kerk toe nie, maar vir die suiwere Woord van God wat eenvoudig en verstaanbaar uitgelê en toegepas word.

   c. Ons kom ook om die heilige doop en nagmaal te gebruik.

   d. Ons roep daar in die kerk die Naam van die Here openlik aan in ons gebede en psalmgesang.

   e. Ook bring ons na die kerk saam ons liefdegawes vir die armes. Dit bly natuurlik ook agter as ons nie kerk toe kom nie, en so word die armes nie reg versorg nie.

   Elke Sondag moet dus vir ons wees rus van ons daaglikse arbeid om geestelik te werk en God te eer in ons eredienste.

7. Maar die gebod hou nie op as die Sondag verby is nie. Ook in die week van Maandag tot Saterdag moet ons die vierde gebod onderhou. En ons doen dit deur al die dae van ons lewe te rus van ons sondes en vernuut te word deur die werkinge van die Heilige Gees. Só kan ons die ewige sabbat reeds in hierdie lewe begin.

8. Die sabbatsgebod is dus van baie groot belang in ons lewe. Elke Sondag weet ons opnuut weer: Jesus het ons verlos; gelowiges oor die hele wêreld kom dan byeen om dit oor en oor te hoor en die Here te dank.

   Maar ook, wat 'n goeie invloed het die gereelde Christelike Sondag op die wêreld, as dit maar nie ontheilig word nie. Die kerk moet steeds waak teen sabbatsontheiliging en die owerheid opskerp om wetgewing daaroor te maak en dit te onderhou. In ons land is daar

redelik goeie wette teen sabbatsontheiliging en ons is daar dankbaar voor.

**Onthou:**

Laat Jesus altyd, en besonderlik op Sondae, die middelpunt van jou lewe wees. Dan sal jy presies weet wat jy mag en nie mag nie.

Wees ywerig in die goeie bywoning van die eredienste. In hierdie opsig word daar in ons land en in ons kerke verskriklik gesondig.

Pas op, hierdie sonde lê ook vir jou en loer.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; Deut. 5; Jes. 57; Luk. 6:1 e.v.

# Hoofstuk 45: Sondag 39 –<br>DIE VYFDE GEBOD: DIE GESAG VAN DIE MENS

104. *Vraag:*

Wat wil God in die vyfde gebod hê?

*Antwoord:*

Dat ek my vader en my moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys en my aan hulle goeie leer en straf met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp en dat ek ook met hulle swakheid en gebreke geduld moet hê, aangesien dit God behaag om ons deur hulle hand te regeer.

---

Vraag 104:

Met die vyfde gebod begin die tweede tafel van die wet, naamlik oor die verhouding van ons tot ons naaste. Hierdie gebod handel oor die gesag oor die houding van die mens teenoor hulle wat oor hom aangestel is.

Antwoord 104:

1. Die vyfde gebod lui: "Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee."

   Die Here regeer en onderhou alles, soos dit in Sondag 9 en 10 gestel word. God is die absolute Regeerder en daarom het Hy absolute gesag oor alles. Hy is die Wetgewer en die Regter, die almagtige Bestierder en Koning voor wie ons moet buig en aan wie ons onvoorwaardelik gehoorsaam moet wees.

   God dra sy mag en gesag nooit aan iemand oor nie en Hy doen nooit afstand daarvan nie; Hy bly dit altyd self uitoefen. En in die *uitoefening* van sy gesag behaag dit God om van mense as *middels* gebruik te maak. Hy roep en stel mense aan as draers van gesag oor ander mense; dié gesagsdraers tree op as verteenwoordigers van God se gesag en daarom moet ons ons aan hulle gesag gehoorsaam onderwerp (*Rom. 13:1: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel"*).

2. Ons moet dus ons ouers en almal wat oor ons aangestel is, gehoorsaam wees en ons aan hulle onderwerp omdat God hulle oor ons aangestel het en Hy ons deur hulle wil regeer. Deur gehoorsaamheid aan die gesagsdraers, bewys ons dus gehoorsaamheid aan God.

3. In verband met die mense wat oor ons aangestel is, spreek ons van die verskillende *gesagskringe*. In hierdie gesagskringe is daar altyd hierdie twee kante: die mense wat aangestel is om die gesag uit te voer en die mense wat geroep is om hulle aan die gesag te onderwerp.

   Die belangrikste gesagskringe is:

   a. Die huisgesin.

   Die Here stel ouers aan om die kinders wat Hy hulle gee, op te voed met goeie leer en straf. Die ouers moet weet dat hulle deur die Here ouers gemaak is en dat hulle rekenskap van die opvoeding van hulle kinders aan die Here verskuldig is. Daarom moet hulle die kinders Godsalig opvoed, soos hulle dit by die Doop belowe het.

   *Vraag 3 van Doopsformulier: "Beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind, as dit tot sy verstand gekom het... in dié leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?"*.

   Die ouers moet dus sorg vir goeie huislike omstandighede, geen slegte voorbeelde gee nie, nie hulle plig ontduik nie, nie uithuisig wees en die opvoeding aan ander oor laat nie, sorg vir goeie Christelike skole en in alles hulle kinders die beste gee na hulle vermoë.

   Aan die ander kant moet die kinders hulle ouers eer en liefhê en hulle trou bewys. Die Here gee hulle die ouers en daarom moet hulle hulle met gepaste gehoorsaamheid onderwerp. Die kinders moet luister want die ouers weet beter as hulle; hulle moet nie teen hulle ouers opstandig word nie want dit is opstand teen God, en hulle moet geduldig wees met hulle ouers se foute en tekortkominge en swakhede (*Spr. 23:22: "Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie"; 1 Petr. 2:18: "Diensknegte, wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is"*).

b. Die owerheid.

Die Here stel owerhede (regerings) aan om die onderdane te regeer en te beskerm en te straf. Hulle moet wette maak wat goed is vir die onderdane en toesien dat die wette uitgevoer word en hulle moet altyd weet dat die Here hulle met gesag beklee het.

Die onderdane moet gehoorsaam wees en die wette nakom. En as die owerheid baie foute het, moet daar geduld wees; langs geoorloofde weë kan beswaar gemaak word en op 'n verandering van regering aangedring word.

Sodra egter God in hierdie gesagskring nie meer geken en erken word nie, vind ernstige oortreding van die gebod plaas. Ons dink aan die verabsolutering van die staat of die party of die volk.

*Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 36: "Ons glo dat ons goeie God, vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm."*

c. Die kerk.

In die kerk regeer God ons deur die ampte, die predikante en die ouderlinge. Aan hulle moet ook gepaste gehoorsaamheid bewys word.

d. Ander gesagskringe is: die skool, die werk, maatskappy en allerlei organisasies en beweginge.

4. Daar is dus altyd wedersydse pligte en regte, maar in die grond moet en kan hierdie gebod alleen volbring word deur die liefde. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself, sê die Here Jesus. En hierdie liefde en gehoorsaamheid moet altyd beteken liefde en gehoorsaamheid aan God (*Hand. 5:29: "Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense"*).

5. Die gebod het 'n belofte wat neerkom op seën in die geslagte *(Ef. 6:1 - 3: "Kinders, julle moet julle ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder — dit is die eerste gebod met 'n*

*belofte — sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde"*).

6. Jesus het ook hierdie gebod vir ons volbring teenoor Maria en Josef *(Luk. 2:51: "… en Hy was hulle onderdanig"*) en teenoor die owerhede (Matth. 17:24-27 en 22:18-22).

**Onthou:**

God regeer jou deur die hand van mense wat Hy oor jou aanstel.

Wees gehoorsaam — dit kan ons wel duisend keer herhaal.

Dink aan die belofte van God.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; N.G.B., art 36; Rom. 13:1-7.

## Hoofstuk 46: Sondag 40 –
## DIE SESDE GEBOD: DIE LEWE VAN DIE MENS

105. *Vraag:*

Wat eis God in die sesde gebod?

*Antwoord:*

Dat ek my naaste nie met gedagtes, en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die daad, deur myself of deur ander mag onteer, haat, wond of doodmaak nie; maar dat ek alle wraakgierigheid moet aflê; ook myself nie mag wond of moedswillig in enige gevaar begewe nie; daarom dra die owerheid ook die swaard om die doodslag te weer.

106. *Vraag:*

Maar dit lyk tog of hierdie gebod net van doodslaan spreek?

*Antwoord:*

Deur doodslag te verbied, leer God ons dat Hy die wortel van die doodslag soos nyd, haat, toom en wraakgierigheid haat en dit alles vir 'n doodslag hou.

107. *Vraag:*

Maar is dit genoeg dat ons, soos tevore gesê is, ons naaste nie doodmaak nie?

*Antwoord:*

Nee; want terwyl God nyd, haat en toorn verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself, en jeens hom geduld, vrede, sagmoedigheid, barmhartigheid en alle vriendelikheid moet bewys, sy skade, soveel as wat in ons vermoë is, moet afkeer, en ook aan ons vyande moet goeddoen.

---

Vraag 105:

In die sesde gebod word gespreek oor die lewe van die mens en hae ons daarteenoor moet staan.

Hierdie vraag behandel eers die negatiewe sy van die gebod.

Antwoord 105:

1. Die sesde gebod lui: "Jy mag nie doodslaan nie."

   God die Here is lewe; Hy alleen is die lewensbron en in die skepping het Hy die lewe uit Homself ingeskape. In besonder het Hy die mens *lewend* gemaak as sy beeld en gelykenis. Daarom stel God sy wet as bewaarder van die lewe van die mens, sodat die lewe van die mens hoog geag word as 'n gawe wat van God afkomstig is en wat vir die ewige lewe van baie groot waarde is.

2. God verbied daarom alle lewens-aanranding, -krenking, -verkwisting en -misbruik in watter vorm ook al.

   Ons mag ons naaste nie deur onsself of deur ander onteer, haat, wond of doodmaak nie. En dit kan met gedagtes, woorde en dade gedoen word.

   Wat 'n verskriklike oortreding van die sesde gebod sien ons elke dag om ons heen: moord, aanranding, haat deur woorde en geskrifte, mishandeling van kinders en swakkes, slawerny, konsentrasie-kampe, metodes van die polisie in sekere lande, oorlogsdreiging en wat nie nog alles nie. Die howe is daar elke dag vol van en die koerante loop daarvan oor.

3. Maar ons mag onsself ook nie wond of doodmaak of moedswillig ons in enige gevaar begewe nie. Selfmoord is 'n gruwel, aanranding van die eie lewe, verbreking van die beeld van God. En hoe kan ons dikwels en onnodig en moedswillig in gevaar gaan en onverantwoordelike dinge doen. Dink aan die roekelose bestuurder wat homself en almal op die pad in doodsgevaar bring. Dink ook aan oordrewe inspanning by sport, aan dronkenskap, onsedelikheid, verwaarlosing van gesondheid, te min of te veel eet, opsetlik geen medisyne neem as dit wel nodig is nie en nog baie meer.

4. God beskerm die lewe wat Hy gegee het. Daarom gee Hy aan die owerheid die swaard, dit is die mag, om die doodslag en moord te weer (*Gen. 9:6: "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak"*). Die doodstraf moet ons tog maar bly handhaaf omdat God dit beveel het en omdat dit die mens ook afskrik van hierdie groot sonde. En miskien sou dit goed wees as in sommige gevalle die voltrekking van die doodstraf in die openbaar kon plaasvind.

Dit is ’n uiters ontstellende saak dat in baie lande ’n menselewe vandag so min geag word.

Vraag 106:

Die gebod spreek ook van die wortel van hierdie verskriklike sonde. Daarom vra ons hier na die geestelike betekenis van die sesde gebod.

Antwoord 106:

Die wortel van doodslag sit in die hart van die mens. Daar begin die nyd, haat, wraakgierigheid en toorn teenoor die naaste — as dit in die hart woon, bars dit eindelik na buite in woorde en dade. God haat al hierdie dinge en hou dit vir doodslag. (*Rom. 1:29: “Hulle is vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid...”; 1 Joh. 2:11: “Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis”; 1 Joh. 3:15: “Elkeen wat sy broeder haat, is ’n moordenaar”; Matth. 5:22: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur”*).

Vraag 107:

Nou word die positiewe sy van die gebod behandel. Wat beveel God ons om dan wel te doen ten aansien van die lewe van ons naaste?

Antwoord 107:

1. God verbied haat, maar Hy gebied liefde. Ons moet ons naaste liefhê soos onsself. So maklik kan die toorn en die haat in die hart opkom; dit verblind die oë en laat mens na ’n wapen gryp of agter die vuiste staan. Só kan dit nie. Ons moet onsself beheers en teenoor die naaste se lewe en persoon geduld, vrede, sagmoedigheid, barmhartigheid en vriendelikheid koester en bewys.

2. Maar meer as dit: ons moet ons naaste ook help. As hy in gevaar verkeer om skade te ly of seer te kry, moet ons alles in ons vermoë doen om te help. Daarvan gee Jesus ons die voorbeeld in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Selfs teenoor ons vyande moet ons goeddoen. Gee liewer ’n beker water as om ’n blinde wrok in die hart om te dra (*Rom. 12:17-21: “Vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is,*

*sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie"*).

3. Jesus het ook hierdie gebod vir ons volbring deur sy heilige liefde, en dat Hy nooit die wortel van haat in sy hart gehad het nie.

**Onthou:**

Ag jou eie en jou naaste se lewe baie hoog.

Die gloed van haat en toorn maak jou siek; die gloed van liefde laat jou hart jubel en gee jou lewe veerkrag.

**Lees:**

Gal. 5:19-22; Rom. 12:10 en die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 47: Sondag 41 –
# DIE SEWENDE GEBOD: DIE HUWELIK VAN DIE MENS

108. *Vraag:*

Wat leer die sewende gebod ons?

*Antwoord:*

Dat alle onkuisheid deur God vervloek is, en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees en kuis en ingetoë moet lewe, in die heilige huwelikstaat of daarbuite.

109. *Vraag:*

Verbied God in hierdie gebod nie meer as egbreuk en dergelike skandelikhede nie?

*Antwoord:*

Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei.

---

Vraag 108:

Die sewende gebod handel oor die huwelik van die mens. Ons vra hier na die eis van die gebod.

Antwoord 108:

1. Die sewende gebod lui: “Jy mag nie egbreek nie”. Dit gaan dus oor die eg of die huwelik tussen man en vrou.

   Die huwelik is ŉ skeppingsordinansie van God (Gen. 2:21-25). God skep die vrou uit die man en dan maak Hy die twee weer één deur die huwelik.

   *Huweliksformulier: “Daarom moet u dan ook nie daaraan twyfel dat die huwelikstaat God die Here behaag nie; want Hy wat vir Adam sy vrou geskape het, haar self na hom gelei en vir hom as ŉ vrou gegee is, betuig daarmee dat Hy vandag nog na elkeen as 't ware met sy hand sy vrou lei. Daarom het die Here Jesus die huwelik ook so hoog geëer met sy teenwoordigheid, gifte en wondertekens op Kana in*

*Galilea, om daarmee te kenne te gee dat dit deur almal as eerbaar beskou moet word”*.

2. Die doel van die huwelik is die instandhouding van die menslike geslag, ontplooiing van die menslike gawes en kragte, instandhouding van die kerk in die verbond van God en as ’n instelling waarin die mens, man en vrou, besonderlik hulle liefde, selfverloëning en verantwoordelikheid kan laat uitblink.

   Verder, soos die mens beeld van God is, so is die innige liefdesverhouding en gemeenskap tussen man en vrou in die huwelik afbeelding van die gemeenskap tussen God en sy volk, Christus en die gemeente (*die boek Hooglied; Ef. 5:31, 32: “Daarom moet die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente”*).

3. Die huwelik moet monogaam wees, dit wil sê één man met één vrou. Poligamie of veelwywery en ook veelmannery het deur die sonde gekom. Maar dit was in die Bybelse tye en dit is in ons tyd ’n saak wat veel ellende en sonde en onkuisheid veroorsaak, wat egbreuk is en ook strafbaar behoort te wees.

4. Die huwelik is deur die evangelie van Christus grootliks opgehef en veral deur die Christendom het dit ’n regmatige ereplek gekry in die lewe van die mens en is die vrou daarin ook op haar regte plek geplaas -— vroeër en veral by heidense volke, het die vrou veelal ’n slavinne-posisie beklee.

5. Maar die huwelik is deur die duiwel, ook besonderlik aangetas. Dink aan al die egbreuk en hoerery waarvan ons in die Bybel lees: dink aan die egbreuk in óns tyd, die toenemende getal egskeidinge, die ellende van owerspel, en aan al die treurige gevolge van dié dinge veral vir die kinders in ’n gesin. Baie mense verwoes daardeur liggaam en siel.

6. Van alles wat die huwelik skend of onteer of verbreek, moet ons van harte vyande wees. Dit is dinge wat teen die ordinansie van God ingaan en daarom deur Hom vervloek is (Lev. 18:27-30).

   In die verhouding tussen man en vrou is daar maar net één regte weg binne en buite die huwelik en ook in die tyd van verlowing naamlik. lewe kuis en ingetoë (*Hebr. 13:4: “Laat die huwelik in alle opsigte*

*eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel”*).

7. Verloofdes en verliefdes moet hierdie gebod veral steeds voor oë hou. Die sogenaamde “vrye liefde” wat voorgestaan word en in baie tydskrifte goedgepraat word, is ’n baie verkeerde saak, veral vir die meisies. Jonge dogters en jongmans moet, ter wille van hulle eer en die eer van God, die baie goeie raad volg om nie allerlei ongeoorloofde vryhede toe te laat of te vra nie.

Vraag 109:

Die sewende gebod handel in die eerste plek oor die huwelik, maar strek hom in die tweede plek ook uit oor die geslagslewe van die mens as sodanig. Daaroor spreek hierdie vraag.

Antwoord 109:

1. Ons liggaam met al die werkinge van die organe en ons siel met al die sielswerkinge is ’n wonderskone skepping van God. Ons siel en liggaam word selfs die tempels van die Heilige Gees genoem (*1 Kor. 6:19, 20: “Of weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort”*).

   Die liggaam en siel moet daarom ook suiwer gehou word. ’n Tempel moet skoon en rein wees anders is dit ’n veragting van die Heilige Gees.

2. Die liggaam en siel kan verslinger word deur onkuisheid. As mens daaraan toegee word eintlik alles onrein want onkuis beteken vuil, onrein.

   Alle dade, gebare, woorde, gedagtes en luste met onkuisheid as oogmerk, is deur God verbied. Maar ook allerlei dinge wat mens tot onsedelikheid kan verlei, is sleg en moet vermy word. Ons dink hierby aan dans, drink, vuil grappe, paartjies wat alleen in die donker loop, slegte boeke en tydskrifte, die verderflike bioskoop, slegte vriende — baie ander. Vermy dit alles en lewe rein en kuis. Vlug vir hierdie sondes (*1 Kor. 6:18a: “Vlug vir die hoerery”*).

3. Jesus het deur sy absolute reinheid en heiligheid ook hierdie gebod vir ons volbring. Daarby het Jesus die huwelik hoog geag.

**Onthou:**

Jy is ’n tempel van die Heilige Gees. Wees jou lewe lank ’n rein tempel.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; Ef. 5:3, 4 en 25-33; Joh. 2:1 e.v.; die Huweliksformulier.

# Hoofstuk 48: Sondag 42 –
# DIE AGSTE GEBOD: DIE EIENDOM VAN DIE MENS

110. *Vraag:*

Wat verbied God in die agste gebod?

*Antwoord:*

God verbied nie alleen dié diefstal en roof wat die owerheid straf nie; maar Hy noem ook diewery alle bose dade en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste toe te eien, met geweld of skyn van reg, soos met valse gewig, el, maat, ware, munt, woeker of deur enige middel wat God verbied; daarby alle gierigheid, alle misbruik en verkwisting van gawes.

111. *Vraag:*

Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

*Antwoord:*

Dat ek die belange van my naaste, waar ek kan en mag moet bevorder; met hom so moet handel soos ek sou wens dat die mense met my moet handel; daarby ook dat ek getrou moet arbei, sodat ek die behoeftiges kan help.

---

Vraag 110:

Die agste gebod spreek oor die eiendom van die mens en hoe ons dit moet beskou en verwerf en gebruik. Eers word die negatiewe sy van die gebod behandel.

Antwoord 110:

1. Die agste gebod lui: “Jy mag nie steel nie”.

Die Here is Skepper van hemel en aarde en dit behoort alles aan Hom. Hy is die Eienaar van die ganse heelal (*Ps. 24:1 en 1 Kor. 10:26, 28: “Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon”*).

Die Here stel die mens egter aan as *rentmeester* van sy eiendom op aarde. As rentmeester het die mens vrye beskikking oor die eiendom

wat die Here aan hom gee, maar hy bly verantwoording aan God verskuldig en hy moet God ook deur sy eiendom dien.

2. Ons moet die eiendom altyd in hierdie lig sien. Dan sal ons ook begryp dat God aan sommige baie gee en aan ander weer minder en dat daar ook altyd armes sal wees. En tog versorg ons getroue Vader ons daagliks met dit wat ons nodig het.

   Ons eiendom is dus nie iets minderwaardigs nie; dit word deur God aan ons toevertrou en ons moet ons rentmeesterskap daaroor as 'n roeping van die Here beskou. Maar dit mag nie in ons lewe die hoogste en belangrikste saak word nie. Dit is sonde, die sonde van materialisme (*Matth. 16:26: "Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?"*).

3. Hoe móét ons die eiendom *verwerf*?

   *Ons moet getrou arbei.*

   Deur arbeid moet ons ons inkomste kry, ons huise en onsself onderhou en ons eiendom verwerf (*Gen. 3:19: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet"*). Arbeid is deur God in die skepping aan die mens verbind; God werk, en die mens, wat sy beeld is, moet ook werk (*Gen. 2:5: "Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die Tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak"*). Dit is dus 'n seën om te arbei en te kan arbei; dit is 'n vloek om werkloos te wees of om leeg te lê, lui te wees, harde werk te ontwyk of dit deur ander te laat doen en op hulle arbeid te teer.

   Ons arbeid is 'n roeping van God; elke mens kry sy besondere roeping en elke mens het sy arbeid om sy inkomste te verwerf. Deur getroue roepingsarbeid moet ons die eer van die Here soek. Geen arbeid kan vir ons hande te gering wees nie en vir goeie en getroue arbeid hoef ons ons nooit te skaam nie.

4. Hoe moet ons die eiendom *nie verwerf nie*? Ons mag nie steel nie. Om te steel is om 'n ander se eiendom te neem — heimlik, openlik, met geweld of hoe ook al — en dit jouself toe te eien. Die Kategismus noem 'n paar metodes en vorms van steel soos diefstal, roof, valse gewig, maat, ware, munt, woeker en enige middel wat God verbied.

   Daar is nog baie meer metodes van steel in ons tyd en dit vind elke dag om ons heen plaas. Ons merk dit soms of hoor of lees daarvan,

maar baie en dikwels reuse-diefstalle vind so heimlik plaas dat ons dit nie merk nie. Soms is diefstal so groot dat ons versteld staan — groot lande is al gesteel en hele bevolkings tot slaaf gemaak.

Arbeid kan ook gesteel word. Dit begin al by kinders wat huiswerk by ander leen of afskryf of bedrieg met eksamens. Ook laat soms baie ryk mense duisende mense vir hulle werk om hulle te verryk ten koste van die arbeiders; of arbeiders gaan onnodig op staking en vermors tyd en arbeid, steel dit eintlik.

5. Ons moet hier ook dobbelary noem. Baie mense dink om deur dobbelary hulle eiendom te verwerf. Dit word gedoen deur spekulasies op die beurs, allerlei dobbelspele — ook kaartspel! — perdewedrenne, dobbelwedstryde van koerante en tydskrifte en ander instansies en nog baie ander maniere van dobbel. Dit is alles uit die bose.

6. En hoe moet ons ons eiendom *nie gebruik nie*? Misbruik van ons rentmeesterskap geskied deur *gierigheid* en *verkwisting*.

   Die gierigaard beskou die geld en goed as die belangrikste en as heeltemal sy eie; hy besteel God en sy naaste en erken nie die rentmeesterskap nie; sy goed, so sê hy is sy goed, en daarmee is dit uit. Die verkwister erken ook nie die rentmeesterskap nie en skakel God ook uit as die groot Eienaar. Hy doen met sy goed wat hy wil — hy verkwis dit.

Vraag 111:

Wat gebied God in die agste gebod? Hoe moet ons ons eiendom wel gebruik?

Antwoord 111:

1. Ons het goed en ons naaste het goed. Nou moet ons ons naaste ook met sy goed en deur sy goed liefhê soos onsself. Waar ons kan en mag, moet ons ons naaste se belange bevorder. Altyd moet die helpende hand uitgesteek word, nooit die stelende hand nie. Hiervan sê Jesus: *Matth. 7:12: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen"*.

2. Ons het in vraag 110 reeds gesê dat ons getrou moet arbei in ons roeping en beroep. En een groot doel van ons arbeid moet wees dat ons altyd genoeg sal hê om die helpende hand na die armes uit te

steek (*Ef. 4:28: "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het"*).

3. Jesus het ook hierdie gebod volbring — Hy was timmerman in Nasaret. Hy het die rentmeesterskap juis in die volle lig gestel (Luk. 16:1-13).

**Onthou:**

Steel glad nie, ook nie klein dingetjies nie. En arbei, ook in die skool en die huis, met lus en liefde.

Sien jou roeping raak en sien jou arbeid as roeping, en eer God deur die uitoefening daarvan.

Laat nooit na nie om iets van jou inkomste, al is dit gering, opsy te sit vir die armes.

**Lees:**

Die tekste hierbo genoem; Spr. 23:20, 21; Luk. 12:13-21.

# Hoofstuk 49: Sondag 43 –
# DIE NEGENDE GEBOD: DIE GOEIE NAAM VAN DIE MENS

112. *Vraag:*

Wat wil die negende gebod hê?

*Antwoord:*

Dat ek teen niemand valse getuienis mag aflê nie, niemand se woorde mag verdraai nie, geen kwaadspreker of lasteraar mag wees nie, niemand ligvaardig of onverhoord mag oordeel of help veroordeel nie; maar alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel moet vermy, tensy dat ek die sware toorn van God op my wil laai; so ook, dat ek in die gereg en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely; ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë moet verdedig en bevorder.

---

Vraag 112:

Die negende gebod handel oor die teenstelling waarheid en leuen.

Gespreek word oor die naam van ons naaste en hoe ons teenoor die goeie naam van ons naaste moet staan.

Antwoord 112:

1. Die negende gebod lui: "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie."

   Letterlik beteken hierdie gebod dat in die gereg of waar ook al nie vals getuig moet word van die naaste nie en dat sy goeie naam nie onteer mag word nie. Dit lei vanself tot die groot teenstelling "waarheid-leuen" wat die hele gebod beheers.

2. Die Here onse God is die God van Waarheid. Van Homself sê Hy: EK IS WAT EK IS (Exod. 3:14). Alles van en by God is enkel suiwer waarheid: Hyself, die skepping, die onderhouding en regering, die verlossing en herskepping, sy Woord en sy wet (*Ps. 119:151: "... en al u gebooie is waarheid"; 1 Joh. 1:5: "God is lig en geen duisternis is in Hom nie"*). By God kan die leuen nie bestaan nie (*Titus 1:2: "... God, wat nie kan lieg nie"*) en sy waarheid word in die hoogste mate geopenbaar in Jesus Christus (*Joh. 18:37: "Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek*

*in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig"; Joh. 8:32: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak"; Joh. 14:6: "Ek is die waarheid"*).

3. Ons is immers kinders van God en daarom is ons verhouding tot God só dat ons nie moet lieg nie omdat God nie kan lieg nie; want tussen God en sy volk, tussen Christus en die kerk, mag alleen die waarheid heers (*Jes. 63:8: "Want Hy het gesê: Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie. So het Hy dan vir hulle 'n Heiland geword"*).

4. Die direkte teendeel van waarheid is leuen. Leuen is die opsetlike omkering van wat God as waarheid gestel het. God het Satan op 'n plek gestel, maar Satan wou dit verander, omkeer en wou self God wees. Daarom het hy uit sy plek van waarheid geval *(Judas :6 "En die engele wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie ..."*) en hy het die vader van die leuen geword (*Joh. 8: 44: "Die duiwel was 'n mense-moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan"*). Altyd stel Satan die leuen teenoor die waarheid. Hy wil alles tot leuen maak en dit is hy wat die tong van die mens so aanvuur tot die onwaarheid.

5. So word die daaglikse en verskriklike stryd tussen waarheid en leuen by die mens geopenbaar. En hoe tier die leuen om ons heen in woorde en geskrifte; ons hoor dit in die hoogste kringe van die mense; die leuen klink oor die draadloos, dit staan in die koerante en dit lê gereed op ons tong in die gesprekke.

6. By die behandeling van die negende gebod moet ons dus eers goed begryp dat die groot geestelike betekenis daarvan is die stryd tussen die waarheid en die leuen, tussen God en Satan met die oorwinning reeds by Christus Jesus. In die lig hiervan is oortreding van die negende gebod:

    a. *Valse getuienis*.
    Gevraag of ongevraag kan leuenagtig van iemand getuig word, veral voor die howe. Uit afguns word dikwels iemand in die openbare lewe veronreg en teruggedruk deur van hom onwaarhede te getuig.

b. *Woorde verdraai*.
Dit word gedoen as woorde van iemand oorvertel word, daar iets bygevoeg of daarvan weggeneem word of die aksente verlê word. Dit gebeur nogal dikwels in die politieke lewe.

c. *Kwaadspreek*.
Dit doen ons as ons oor iemand sleg praat in sy afwesigheid terwyl ons dit voor hom nooit sal sê nie. Ons noem dit skinder.

d. *Laster*.
Laster is om verkeerde en lelike en slegte dinge van iemand te sê en sy naam te beswadder.

e. *Onverhoord veroordeel*.
So maklik kan iemand geoordeel word sonder dat sy saak gehoor is.

7. Ons moet al hierdie dinge vermy en as die eie werk van die duiwel beskou. Daarteenoor moet ons die waarheid liefhê; ons moet altyd alleen die waarheid spreek en die goeie naam van ons naaste verdedig en bevorder.

8. Christus heilig die waarheid omdat daar nooit bedrog in sy mond was nie (Jes. 53:9) en volbring die negende gebod vir ons, ook as voor die Joodse Raad valse getuienis teen Hom ingebring word.

9. *Jak. 3:1-12: "Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan. Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou. Kyk, ons sit stange in die perde se bekke, sodat hulle ons gehoorsaam kan wees, en ons stuur hulle hele liggaam daarmee. Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil. Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge — kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. Want elke soort natuur van wilde diere en voëls en kruipende sowel as seediere word getem en is getem deur die menslike natuur. Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.*

*Daarmee loof ons God die Vader en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. 'n Fontein wat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie."*

**Onthou:**

Pas op vir die leuen. Mens maak daar so maklik 'n gewoonte van en dit is bitter moeilik om daarvan los te kom.

Die noodleuen (witleuentjie) is ook sonde!

Vertoorn jou oor lastering van jou naam en ander se goeie naam.

Ignoreer 'n geskinder oor jouself, maar doen nie mee as oor ander geskinder word nie.

Bid om krag sodat jy jou tong kan beheers.

**Lees:**

Joh. 8:31-59; Spr. 12:22; Ef. 4:28; die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 50: Sondag 44 –<br>DIE TIENDE GEBOD:<br>DIE BEGEERTE EN DIE EINDE VAN DIE WET

113. *Vraag:*

Wat eis die tiende gebod van ons?

*Antwoord:*

Dat ook die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God nooit in ons hart mag opkom nie, maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê.

114. *Vraag:*

Maar kan diegene wat tot God bekeer is, hierdie gebooie ten volle onderhou?

*Antwoord:*

Nee, maar ook die allerheiligstes het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid solank as hulle in hierdie lewe is; maar só, dat hulle met 'n ernstige voorneme nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God begin lewe.

115. *Vraag:*

Waarom laat God die tien gebooie dan so skerp vir ons verkondig as tog niemand dit in hierdie lewe kan onderhou nie?

*Antwoord:*

Eerstelik, dat ons ons lewe lank ons sondige aard hoe langer hoe meer sal leer ken en des te begeriger mag wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek. Dan ook, dat ons sonder ophou ons sal beywer en God sal bid om die genade van die Heilige Gees, sodat ons hoe langer hoe meer na die ewebeeld van God vernuut mag word, totdat ons hierdie volkomenheid wat ons voorgehou word, na hierdie lewe bereik.

---

Vraag 113:

Die tiende gebod handel oor die begeerlikheid van die mens. Daar is goeie en slegte begeertes.

Ook word gevra na die plek van die laaste gebod. Soos die eerste gebod die grondslag van die wet is, so sien die tiende weer terug op al die gebooie.

Antwoord 113:

1. Die tiende gebod lui: "Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; jy mag nie jou naaste se huis begeer nie... of iets wat van jou naaste is nie."

   Begeer is 'n werk van die mens se *hart*. As jy begeer, gaan jou hart uit na 'n sekere saak om dit te doen of te besit. En die hart is die uitgang van die lewe. Die tiende gebod is dus met die mens se *diepste kern*, sy hart, besig.

2. Die letterlike betekenis van die tiende gebod is dat ons nie afgunstig moet wees op ons naaste se eiendom en dit verkeerdelik begeer nie. So 'n begeerte lei tot allerlei sonde soos diefstal, afpersing, onnodig koop en skuld maak. Ons ontvang elkeen van God volgens sy welbehae, en ons moet met ons eie goed en gawes werk en woeker en daar nie ontevrede mee wees en nie altyd die ander se goed begeer nie (*Matth. 25:15: "En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, elkeen na sy vermoë"*).

3. Daar is ook goeie begeertes (*Ps. 27:4: "Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek..."; Luk. 22:15: "Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly"*).

   Goeie begeertes is dié wat nie sondig is nie, wat aan God se wet beantwoord en wat in die vervulling, langs 'n geoorloofde weg gaan. So kan ons na al ons daaglikse behoeftes begeerte hê, en dan vir die verwesenliking daarvan bid en werk.

4. Die geestelike betekenis van die tiende gebod dring deur tot ons diepste sielelewe en stel ons weer die hele wet voor oë. In ons hart mag nie die geringste lus of gedagtes teen die hele wet van God opkom nie.

Selfs die kleinste en minste lus of gedagtes moet aan God se wet onderworpe wees, anders is dit sondig (Rom. 7:7). Daarom moet ons vyande wees van alle sondes en ’n behae hê in die geregtigheid. In die diepste sielelewe moet die wet van God altyd bly as die rigsnoer van ons hele lewe (*Ps. 40:8, 9: “Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol (wet) is dit my voorgeskrywe. Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande”*).

5. Christus het hierdie gebod en alle gebooie volbring omdat dit sy spyse was om die wil van God te doen. Hy is absoluut gehoorsaam (*Joh. 6:38: “Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het”*).

Vraag 114:

Ons weet dat Christus die wet vir ons volbring het en dat dit vir ons ’n reël van dankbaarheid geword het.

Kan die gelowiges nou hierdie reël van dankbaarheid ten volle onderhou?

Antwoord 114:

1. Ons moet onthou dat ons die wet nie kan volbring om daardeur die geregtigheid te verwerf nie (Sondag 2, 23, ens.). Jesus het volbring en die geregtigheid verwerf. Die onderhouding waarvan hier sprake is, het betrekking op die dankbaarheid. En dankbaarheid is die lewe van die nuwe mens, die een wat deur die Heilige Gees vernuwe en heilig gemaak word. Die vraag is nou of ons in hierdie lewe reeds die volmaakte heiligheid kan bereik, dit is of ons die wet ten volle kan onderhou.

2. Die antwoord is duidelik Nee. Die volmaaktheid word nie in hierdie lewe bereik nie. Eers as ons sterf en die ewige lewe ingaan, kan daar sprake van volmaaktheid wees (vraag 42).

   Selfs die allerheiligstes onder ons het maar ’n klein beginsel van die gehoorsaamheid wat die wet van ons eis (*1 Joh. 1:8: “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie”*). Dink aan die sondes van Abraham, Moses, Dawid, Petrus en Paulus (*Rom. 7:14: “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?”*).

3. Die gelowiges laat hulle egter hierdeur nie ontmoedig nie. Telkens begin hulle opnuut die worsteling van die geloof om na al die gebooie van God te begin lewe (*Rom. 7:22: "Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens"*).

   En altyd mag Ons uitsien na Christus Jesus wat die wet volbring het en ons bewaar by die verworwe geregtigheid (*Rom. 10:4: "Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid van elkeen wat glo"*).

Vraag 115:

As ons tog nie die wet volkome kan onderhou nie waarom dan so 'n skerp wetsprediking?

Antwoord 115:

1. Hier staan ons weer voor Sondag een, die enigste troos in lewe en in sterwe. Sekerlik moet die wet altyd soos 'n helder spieël voor ons bly sodat ons:

   a. ons hele lewe kennis sal hê van ons *sonde* en *ellende*
   b. altyd begerig mag wees om die *verlossing* en geregtigheid in Christus te soek;
   c. altyd voort sal gaan in die weg van; *dankbaarheid* en God sal bid om die vernuwing en die werkinge van die Heilige Gees in ons, totdat ons in die ewige lewe volkome vernuut is na die ewebeeld- van God.

   *Filip. 3:12-14: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus".*

2. So is die hele wet van God die wet van liefde tot God en liefde tot die naaste. En hierdie liefde sal volmaak en heilig uitskitter in die ewige lewe (*1 Joh. 4:16, 19, 20, 21: "En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. As iemand sê: ek het God lief — en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie lief het nie, hoe*

*kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê"*),

**Onthou:**

Hou die wet altyd as 'n spieël voor jou hele lewe.

Wie jy ook al is en hoe sondig jy ook al mag wees, God het jou lief.

Beantwoord dit met wederliefde en liefde tot die naaste.

**Lees:**

Ps. 19 en 32; Ps. 40; Rom. 7; die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 51: Sondag 45 DIE GEBED

116. *Vraag:*

Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

*Antwoord:*

Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons vorder, en omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank,

117. *Vraag:*

Wat behoort by so ŉ gebed wat God welgevallig is en deur Hom verhoor word?

*Antwoord:*

Eerstelik dat ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, van harte moet aanroep vir al die dinge wat Hy ons beveel het om voor te bid.

Ten tweede, dat ons ons nood en ellendigheid reg en grondig moet ken, sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit sal verootmoedig. Ten derde, dat ons hierdie vaste grond het dat Hy ons gebed, nieteenstaande ons dit onwaardig is, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor, soos Hy ons dit in sy Woord beloof het.

118. *Vraag:*

Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

*Antwoord:*

Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat die Here Christus saamgevat het in die gebed wat Hy ons self geleer het.

119. *Vraag:*

Hoe lui dié gebed?

*Antwoord:*

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op

die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

---

Omdat in vraag 115 geleer is dat ons God moet bid om sy genade en Geess, word hier nou oor die gebed gespreek. In die laaste Sondae word die gebed volledig behandel. Dit is dan ook die sluitsteen van die Troosboek.

Vraag 116:

Die eerste vraag oor die gebed handel oor die *noodsaaklikheid* van die gebed vir die Christene.

Antwoord 116:

1. *Om te bid, is om met God te spreek*.

   Ons roep die almagtige God op sy Naam aan en ons spreek met Hom soos ons ook ons woorde sou rig tot iemand wat vlakby ons staan.

   Dit is dus 'n intieme en geheimnisvolle gemeenskapsoefening met God deur ons woorde.

2. In die gebed gaan ons na God toe, ons buig ons voor Hom neer en ons *smeek* en *dank* en *loof* Hom. Gewoonlik bestaan ons gebede dan ook uit hierdie drie dele. Daar is egter *verskillende soorte* gebede soos gewone daaglikse gebede, noodgebede in gevaar, spesiale gebede en voorbidding, korter en langer gebede na die omstandighede; nie al die soorte gebede het altyd die drie dele van smeking, danksegging en lofverheffing nie.

3. Die *noodsaaklikheid* van die gebed vir die Christene. Die gebed is nodig omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons vorder. Allereers moet ons dus bid omdat God dit beveel (*Ps. 50:14: "Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste"*). Ons bid nie omdat ons lus het nie of omdat ons so voel of net wanneer ons in die stemming is nie, maar ons bid omdat God ons beveel om dit te doen.

En dit is die vernaamste deel van ons dankbaarheid. In die gebed is die verhouding reg: Skepper, skepsel; Vader, kind. Die bidder erken deur sy gebed sy totale afhanklikheid van God, sy diepe dankbaarheid vir die verlossing in Christus en sy ootmoedige lofprysing as skepsel.

Inderdaad wil God ons juis so sien: bidders wat diep neerbuig in totale oorgegewenheid voor die groot majesteit van die Koning en wat na Hom toe kom met al die node en ook die danksegging en verering.

Verder is die gebed noodsaaklik omdat God sy genade en Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (*Matth. 7:7: "Bid, en vir julle sal gegee word..."; Judas :20: "Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid"*). Die kennis van die ellende en die verlossing leer bid en smeek om genade en Gees — leer ook daarvoor dank.

So kan 'n gelowige nie sonder gebed lewe nie — dit is die asemhaling van sy hele godsdienstige en sedelike lewe.

Vraag 117:

Hier behandel ons die noodsaaklike dele van die ware en welgevallige gebed.

Antwoord 117:

1. Tot 'n gebed wat God welgevallig is, behoort die volgende drie dele:

   a. *Die ware Godskennis*.

   Dit is nodig dat ons God ken uit sy Woord sodat ons ons gebed reg sal rig. Want ons kan ook, deur God nie te ken nie, in ons gebede by die adres van die afgode uitkom. Ons moet God ken en ons gebed alleen aan Hom rig (*Luk. 4:8: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien"; Deut. 18:10a, 11b; Jes. 8:19*).

   En as ons na die Vader gaan met ons gebede, moet ons voorberei wees en van Hom alleen en al die dinge bid wat Hy ons beveel het om voor te bid (*1 Joh. 5:14: "En dit is vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil"*). Die gebed is nie 'n toormiddel nie dat ons maar enige onmoontlike ding

kan bid nie; ons bid vir wat die Here ons beveel, naamlik vir sy genade en Gees en vir alles wat ons na siel en liggaam nodig het.

b. *Die ware selfkennis*.

Wanneer ons ons voor God stel in die gebed, moet ons onsself ken.

Ons moet grondig weet dat ons in nood en ellende is vanweë die sonde. Daarom moet ons ook ons sondes bely en die Here om vergiffenis smeek. Wie homself nie ken nie, swyg oor Sy sonde en dit is hom tot 'n oordeel (*Ps. 32:3: "Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag"*).

Ons moet dus opreg wees, eerlik met onsself en eerlik voor God (*Joh. 4:24: "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet Hom in gees en waarheid aanbid"*).

Hierdie selfkennis moet ons ootmoedig en klein maak voor die grote Koning. Daarom buig ons die, knieë en hoof, sluit die oë en spreek met eerbied en ontsag tot die lewende God.

c. *Die ware vertroue op verhoring*.

Die derde noodsaaklike deel van die gebed is ons vaste vertroue dat God hoor en verhoor. Ons is alles wat ons vra onwaardig, maar God verhoor ons tog ter wille van Jesus Christus *(Matth. 7:7; Ps. 27:8: "Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o Here!"; 1 Joh. 5:14, 15*). God belowe ons in sy Woord dat Hy ons sal verhoor, daarom het ons vertroue.

Die grond van die verhoring lê nie in ons en ons gebed nie, maar in Jesus Christus.

God verhoor op sy tyd en op sy wyse en nie op óns tyd en manier nie — dit moet ons altyd baie goed onthou. As ons die saak só verstaan, sal ons ook raaksien hoe God ons verhoor, soms nog voordat ons gebid het.

Vraag 118:

Nou moet ons nog vra na die *inhoud* van die gebed.

Wat het God beveel dat ons van Hom moet bid?

Antwoord 118:

1. God het ons beveel om alle geestelike en liggaamlike behoeftes van Hom te bid. Dit gaan dus oor ons hele lewe na liggaam en siel. Eers die geestelike sake (Matth. 6:33a) en dan die liggaamlike (Matth. 6:33b).

   So stel ons ons hele lewe in die hand van God, soos dit moet wees. Ons hoef nooit in enige saak wat reg is, moed op te gee en te dink dat ons nie of nie meer daarvoor hoef te bid nie. Maar aan die ander kant moet ons gebede ook nie vrae-lysies wees nie — asof ons na die winkel gaan met 'n lysie om inkopies te doen nie.

2. Al hierdie geestelike en liggaamlike sake het die Here Jesus saamgevat in die "Onse Vader". Die Onse Vader moet ons gebed wees en ook altyd die voorbeeld of die patroon van al ons gebede bly. Vir die inhoud is dit 'n voorbeeld maar ook vir die orde van ons gebed en die soberheid, kortheid, eenvoud en diepe eerbied.

   Die Onse Vader beslaan uit:

   a. Die aanspraak.
   b. Die eerste drie bedes wat hulle rig op die liefde tot God.
   c. Die tweede drie bedes wat spreek oor die liggaamlike en geestelike behoeftes.

   En in die ses bedes sien ons ook die werkinge van die Drie-enige God.

   d. Die lofverheffing.

**Onthou:**

Bid baie! Begin maar om alles op te noem waarvoor jy God moet dank, dan kom die res van die gebed vanself.

Wees sober, kort, ootmoedig en opreg in die gebed.

Die waarde van die persoonlike binnekamer-gebed is onweegbaar groot.

Dit sal jou altyd groot troos en houvas bied om =ó met jou Here **te spreek.**

**Lees:**

Matth. 6:1 e.v.; Openb. 8:1 e.v.; 1 Thess. 5:17 en die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 52: Sondag 46 –
## DIE AANSPRAAK VAN DIE GEBED

120. *Vraag:*

Waarom het Christus ons beveel om God aan te spreek as Onse Vader?

*Antwoord:*

Sodat Hy onmiddellik by die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek wat tesame die grond van ons gebed is, naamlik dat God onse Vader deur Christus geword het en dat Hy ons veel minder sal weier wat ons van Hom met 'n regte geloof bid, as wat ons vaders aan ons aardse dinge ontsê.

121. *Vraag:*

Waarom word hier bygevoeg: Wat in die hemele is?

*Antwoord:*

Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards sal dink nie en van sy almag alles wat nodig is vir liggaam en siel sal verwag.

---

Vraag 120:

Die aanspraak van die Onse Vader lui: "Onse Vader wat in die hemele is." So beveel Christus ons om God aan te spreek. Ons moet nou nagaan hoekom ons juis "onse Vader" moet sê.

Antwoord 120:

1. Om te bid is om met God te spreek, en ons het gesien dat ons God reg moet ken uit sy Woord en Hom alleen moet aanroep. Nou leer en beveel Jesus ons om God aan te spreek as *onse Vader*.

   Dit beteken nie dat ons geen ander Name van God in die aanspraak van ons gebed mag gebruik nie soos onse Here, almagtige en barmhartige God, ens.), maar dit beteken wel dat ons ons bewus moet bly dat ons met die Vader spreek en ook dat ons eenvoudig in ons aanspraak moet bly en nie die name moet opeenstapel nie.

Verder, die gebed is ’n heel innige persoonlike geloofsaak en juis die Vadernaam van God openbaar op sy diepste die innige band tussen God en ons.

2. Want God is onse Vader deur Christus Jesus en ons is kinders. (*Rom. 8:15, 16: “maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons Gees dat ons kinders van God is”*.)

   Deur ons liewe Saligmaker Jesus Christus en om sy ontwil, kom ons dus by die almagtige Skepper van hemel en aarde en ons sê: Onse Vader.

   Dit is ’n heerlike gedagte dat ons die Almagtige, die Skepper, mag aanspreek as onse Vader. Ons is klein en Hy is groot — daar is by ons *kinderlike vrees* en ontsag vir die grote God, wat in ons gebed so naby ons is dat ons Hom Vader noem.

   Maar daar is tegelyk ook *kinderlike vertroue*, want by sy vader voel ’n kind *veilig* en *gerus*. Onse Vader is vol liefde en erbarming om Christus wil en ons weet en vertrou dat ons na Hom toe kan gaan met al ons nood en ellende en met ons vreugde en verdriet.

   En dan is daar ook *kinderlike verwagting*. Die Here is tog ons Vader en Hy sal ons sekerlik hoor en verhoor as ons in die regte geloof bid.

3. Al bid ons heeltemal alleen, moet ons nog sê onse Vader. Dit beteken dat ons altyd die gemeenskap met die gelowiges bly handhaaf, ook in die gebed. Meer nog: ons bid om Christus wille — en die Vader is sy Vader en my of ons Vader. Daarom is al ons gebede openbaring van ons geloof dat *Christus saam met ons bid* tot *ónse Vader*.

Vraag 121:

Maar in die aanspraak van ons gebed sê ons: Onse Vader *wat in die hemele is*.

Waarom sê ons dit daarby?

Antwoord 121:

1. Ons kinderlike vrees en vertroue en verwagting laat ons duidelik besef dat onse Vader baie naby is in sy grote liefde. Maar Hy is ook in die hemele — tegelyk baie ver. Hy troon in die hemele en woon in ontoeganklike lig; Hy is bekleed met majesteit en eer en is die

Almagtige, die Koning, wat alles en alles regeer en onderhou. Dit moet ons alles goed onthou as ons bid en daarom het Jesus ons beveel om te spreek van onse Vader *wat in die hemele is*.

2. As ons so spreek is daar geen gevaar dat ons geen eerbied meer voor God sou hê nie, dat ons die groot afstand tussen Skepper en skepsel uit die oog sou verloor. En ons hoor in gebede dikwels oneerbiedigheid; bidders wil dan God aftrek na benede en op heel gemeensame wyse met Hom spreek in die gebed asof Hy niks weet nie en presies voorgeskryf moet word wat om alles te doen. Dit is baie verkeerd.

   Dit is verkeerd om aan die ander kant te dink dat God oneindig ver weg en verhewe is en dat Hy nie neerbuig uit die hoogte na sy kinders nie.

   Jesus leer ons presies die regte verhouding. God is naby in sy liefde, Hy is onse Vader. Maar Hy is ver, hemels in sy majesteit *(Jer. 23:23, 24: "Is Ek 'n God van naby, spreek die HERE, en nie 'n God van ver nie?.., Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie?"; Hand. 17:24, 25, 27, 28: "Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee... sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak of vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons..."*).

3. Verder, ons spreek in die gebed met die Almagtige, die alwetende en alomteenwoordige God. Ons mag tot Hom nader en ons weet dat Hy alles kan. Daarom het ons die sekerheid dat Hy alles kan en sal verhoor wat ons in die regte geloof van Hom bid.

**Onthou:**

Jou gebed is gerig tot jou hemelse Vader, die almagtige God. Wees by die aanvang van jou gebed dan altyd vol kinderlike vrees En vertroue en verwagting.

Pas op vir oneerbiedigheid in die gebed.

**Lees:**

Jes. 63:16; Matth. 7:9-11 en die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 53: Sondag 47 –
## LAAT U NAAM GEHEILIG WORD

122. *Vraag:*

Wat is die eerste bede?

*Antwoord:*

Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee ons eerstelik, dat ons U reg ken en U in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys; dan ook dat ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word.

---

Vraag 122:

Op die aanspraak van die gebed volg die eerste bede. Die bede rig hom tot God en spreek oor die Naam van God en die heiliging daarvan.

Antwoord 122:

1. Deur ons gebed nader ons voor die groot Koning van die ganse heelal en ons buig ons diep voor Hom neer. Wanneer ons so sy heiligheid betree, is ons heel eerste begeerte om te roem en te prys, om die Naam van God te verheerlik.

   Uit Sondag 36 en 37 weet ons dat die Naam van God die openbaring van God is, eintlik God self.

2. Nou bid ons: Onse Vader gee ons dat ons U reg kan ken uit u Woord en u werke.

   Leer ons u Woord aandagtig lees om te verstaan hoe U U aan ons geopenbaar het en leer ons met opmerksame oë na die skepping kyk, sodat ons U mag ken (*Joh. 17:3: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken..."*).

   *Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 2: "Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge*

*van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en goddelikheid.,.. Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker bekend deur sy heilige en Goddelike Woord...”*

3. En as ons U reg ken, gee ons dan genade om u heilige Naam te heilig en te roem en te prys (*Ps. 135:1, 3: “Halleluja! Prys die Naam van die Here. Loof die Here, want die Here is goed; Psalmsing tot eer van sy Naam, want dié is lieflik”*). Want in al u werke en in u ganse Woord skyn helder u almag, wysheid en goedheid — u skepping en onderhouding, en ook u geregtigheid en barmhartigheid en waarheid — u grote genade in Christus (Rom. 11:33-36).
4. En gee ons genade en krag om ons ganse lewe na siel en liggaam vir U as ’n lewende offer van dankbaarheid op die altaar te lê. Laat ons ons gedagtes en woorde en werke so skik en rig dat u Naam daardeur geëer en geprys word (*Ps. 71:8: “My mond is vol van u lof, die hele dag van u roem”; Ps. 115:1: “Nie aan ons, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil”*).
5. As ons so bid moet ons onthou dat ons uit onsself te onheilig is om God se Naam te heilig. En vanweë die sonde en die werke van die duiwel is ons eintlik omgewe deur dik walme van onheiligheid en godslastering. Daarom bid ons dat God self sy eer en sy heilige Naam sal handhaaf en dat ons van Hom krag mag ontvang om die onheilige walme te kan deurdring met die heiliging van sy Naam.
6. Alles in ons lewe moet tot eer van God wees. Hoe heerlik is dan ons lewe. Ons bid hier juis om dié genade.
7. Die verhoring van die eerste bede lê in Christus gewaarborg. Hy het gebid (Joh. 12:28): “*Vader, verheerlik u Naam.*”

**Onthou:**

Laat God se gebod, die derde, by jou gebed word en laat hierdie bede jou hele lewe beheers.

**Lees:**

Ps. 8; Joh. 12 en 17; die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 54: Sondag 48 –
# LAAT U KONINKRYK KOM

123. *Vraag:*

Wat is die tweede bede?

*Antwoord:*

Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp; bewaar en vermeerder u kerk; vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, en verder ook alle bose planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles sal wees in almal.

---

Vraag 123:

Wie die Naam, die openbaring van God ken, erken Hom as Koning en wil, as onderdaan, voor die Koning buig.

Daarom volg op die bede oor die Naam van God die bede oor die koninkryk en koningskap van God.

Antwoord 123:

1. God is ewig Koning oor die ganse heelal en Hy regeer dit met sy almag. Ons noem dit die ryk van God se almag. Maar God regeer ook deur sy genade in Christus Jesus teenoor die ryk van die duiwel. Ons noem dit die koninkryk van God se genade of die koninkryk van die hemele of van God. Oor hierdie genadeheerskappy van God gaan die tweede bede van die Onse Vader.
2. Die koninkryk van die hemele is op aarde. Dit het na die aarde gekom saam met die koms van Jesus Christus. En dit is besig om te groei en uit te brei deur die genade van God totdat dit uiteindelik volkome sal word by die wederkoms van Christus op die wolke.
3. Die duiwel voer oorlog teen die koninkryk van God. Hy is altyd besig om te probeer afbreek wat God opbou en hy het groot mag en heerskappy. Maar uiteindelik word hy tog deur Christus in die hel geslinger en kom daar ’n einde aan sy mag. Al is dit dan dat ons soms dink dat die werke van die duiwel die genade van God oorskadu, kan

ons altyd seker bly dat Jesus Christus ontwyfelbaar die Oorwinnaar is. Dit is vir ons groot troos.

4. Die gelowige moet daarom ook stryd voer teen die duiwel en sy heerskappy. Daarom is hulle lidmate van die kerk want die kerk is eintlik die binneste vesting van die koninkryk. Ons noem die kerk dan ook die strydende kerk.

5. *En nou is ons op ons knieë voor die almagtige Koning en ons bid:*

    a. Onse Vader, so dikwels wil ons teen U opstaan en wil ons onsself regeer. Wees U genadig en regeer U ons so met u Woord en Gees, dat ons ons steeds meer aan U *onderwerp* (*Ps. 143:10: Leer my om u welbehae te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in 'n gelyk land"; Matth. 6:33: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid..."*).

    b. En *bewaar* u kerk teen die aanvalle van die duiwel. Laat u Woord met gesag verkondig word in die kerk en uitgedra word in die hele lewe, sodat ons orals van U, onse Koning, kan getuig. En *vermeerder* u kerk deur innerlike groei; seën die arbeid van die ampsdraers en die katkisasie; gee krag en oortuiging en geopende deure vir sending en evangelisasie, sodat u kerk 'n groot mag word in die wêreld, 'n stad op 'n berg (*Ps. 22:6; Ps. 51:20: "Doen goed aan Sion na u welbehae; bou die mure van Jerusalem op"*).

    c. En *vernietig* die werk van die *duiwel* en alle heerskappy wat oorlog maak teen u koninkryk. Want juis u kerk en u Woord moet die magtige aanslae en bose planne van die duiwel en die goddelose verduur; en hoe hunker die Bose om die Bybel van ons weg te neem in die huis en uit die skool en die samelewing (*Rom. 16:20: "En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel"*).

    d. En laat u koninkryk in sy volkomenheid kom. Laat ons uitsien na die einde van die stryd wat ons stry tot die dood toe *(Openb. 22:20: "Hy wat dit getuig sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom Here Jesus!"*). En troos ons deur die wete dat U eindelik alles sal nuut maak en laat ons met verlange daarna uitsien (*1 Kor. 15:28: "En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees"*).

**Onthou:**

Buig altyd dieper voor jou Here en Koning. Bid dat jou hande en hart sterk mag wees in die stryd teen die duiwel, die sonde en jou eie bedorwe natuur. Wees 'n lewende lidmaat van jou kerk.

**Lees:**

Psalm 145; Openb. 21 en 22.

## Hoofstuk 55: Sondag 49 –
## LAAT U WIL GESKIED

124. *Vraag:*

Wat is die derde bede?

*Antwoord:*

Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak, om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees; sodat iedereen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer as die engele in die hemel dit doen.

---

Vraag 124:

Die onderdane van die Koning, die burgers van die koninkryk van God, moet ook leer om na die wil van die Koning te lewe.

Daarom volg nou hierdie bede oor die wil van God.

Antwoord 124:

1. Ons onderskei die *verborge* en die *geopenbaarde* wil van God. God se verborge wil is sy raadslag of raadsbesluit van ewigheid tot ewigheid, en sy geopenbaarde wil is sy bevel vir ons in ons ganse lewe. 'n Voorbeeld kan die onderskeid verklaar: God se geopenbaarde wil is die *bevel* aan Abraham om Isak te offer; sy verborge wil is die *besluit* dat Isak nie geoffer sal word nie.

2. Hoewel hierdie bede eintlik oor die geopenbaarde wil van God gaan, het dit tog ook betrekking op die verborge wil, naamlik in dié sin dat ons gelowig en kinderlik berus in die wilsbesluite van God.

3. Uit die tien gebooie is die geopenbaarde wil van God vir ons duidelik. Ons weet wat Hy beveel. Maar ons kan ook voor groot en klein beslissinge te staan kom en dat ons nie duidelik weet wat die wil van God is nie. Daarom moet ons altyd sy Woord ondersoek en Hom bid om lig en leiding, sodat ons besluite volgens die wil van God mag wees.

4. *Nou bid ons*: Onse Vader, laat u wil geskied!

a. Gee ons en alle mense krag om ons eie wil te versaak en U onvoorwaardelik gehoorsaam te wees (*Matth. 7:21: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader, wat in die hemele is"*). Want so dikwels is ons eie wil in ons oë belangriker as u wil; dan wil ons ons eie wil volg en word soos 'n bot dier voor u (*Ps. 32:9: "Wees nie soos 'n perd, soos 'n muilesel wat geen verstand het nie, wat 'n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie"; 1 Sam. 15:22: "Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffers, om te luister beter as die vet van ramme"*); en ons wil so graag argumenteer oor u wil en teëwerpinge maak en voorwaardes stel.

   Bewaar ons daarvoor, o Vader, en leer ons uit u Woord sien dat alleen u wil goed is en dat ons U alleen gehoorsaam moet wees (*Luk. 22:42: "Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied"; Ef. 5:10: "En beproef wat die Here welbehaaglik is"*).

b. En laat by ons op aarde u wil geskied soos in die hemel. Die engele is getrou en gehoorsaam en doen alleen u wil (Ps. 103:20, 21). Laat ook ons so gehoorsaam wees in die uitoefening van ons amp en beroep (*1 Kor. 7:24: "Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor God"*).

   Gee ons krag en lig om U te dien deur ons arbeid en om dit te sien as die roeping wat U ons oplê. Bewaar ons vir ontevredenheid en murmurering teen u wil en die roeping waarin U ons geroep het.

5. Die waarborg vir die verhoring van hierdie bede lê ook in Christus se volkome gehoorsaamheid aan sy Vader.

6. As ons bid dat ons die eie wil moet versaak, is dit nie 'n bede om willoos te word nie. Ons wil juis wat God wil; en wanneer ons dit volkomelik doen, sal dit hier op aarde wees soos in die hemel. So bly ons smag na en bid om die voleinding.

**Onthou:**

Verloën jou eie wil en wil wat God wil.
Dan is jy sterk en vry.
Eiewilligheid is onvryheid — dink daaraan.

**Lees:**

Uit Psalm 119; Rom. 12:2 e.v.; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 56: Sondag 50 – GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD

125. *Vraag:*

Wat is die vierde bede?

*Antwoord:*

Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Wil ons versorg met alles wat nodig is vir die liggaam, sodat ons daardeur erken dat U die enigste oorsprong is van al wat goed is, en dat ons sorg en arbeid sowel as u gawes sonder u seën ons nie tot voordeel kan strek nie, en dat ons dus ons vertroue van alle skepsele moet aftrek en op U alleen stel.

---

Vraag 125:

Met die vierde bede word ons oë gerig op onsself en ons naaste. En ons begin met die bede om ons daaglikse brood, ons liggaamlike versorging.

Antwoord 125:

1. Aan die einde van die derde bede het ons geleer dat ons ook oor ons amp en roeping tot God moet bid. Die uitoefening van ons roeping is ons daaglikse arbeid. Daarby word aangesluit as ons bid vir ons daaglikse brood.

2. Hier word gebid vir alles wat nodig is vir die liggaam. Die bede gaan dus oor ons hele stoflike lewe: gesondheid, medisyne, spys en drank, arbeid, lone en inkomste, werkgee en werkneem, kleding, woning en alle moontlike ander sake vir die versorging van die liggaam.

   Al dié dinge lê opgeslote in die woordjie *brood*. Ons moet eet om te lewe; en om te eet, moet die land bewerk word en — saai, oes, verkoop, maal, bak, koop met geld wat ons verdien in ons werk en dan eindelik eet ons.

   Die groot saak is dat ons sal erken dat al hierdie dinge van God kom en dat Hy sy seën daarop moet gee (Ps. 145:15 en Jak. 1:17).

3. *En nou bid ons*: Onse Vader, wil U ons tog versorg met alles wat nodig is vir ons liggaam. Skenk U ons die gesondheid en krag om te arbei,

sodat ons mag eet. Wil U daarby die armes en behoeftiges en krankes en werkloses gedenk.

a. Leer ons sien dat U die Oorsprong is van al wat goed is (*Hand. 14:17: "al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul"; Jak. 1:17: "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte..."*). Want alles is in u hand en U gee volgens u welbehae.

b. En wil U u onmisbare seën gebied oor die gawes wat U ons skenk en oor ons daaglikse sorg en arbeid; want sonder u seën kan dit ons nie tot voordeel strek nie; hou tog u hand hoog en oop oor ons (*1 Kor. 15:48b: "omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie"; Ps. 127:1, 2: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, brood van smarte eet — net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap"*).

c. Gee ons genade om ons vertroue op U alleen te stel; laat ons nie op eie krag en verstand en arbeid en inkomste bou nie; laat ons nie op ander of op die wetenskap of die tegniek vertrou nie (*Ps. 55:23: "Werp jou sorg op die Here, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie"; Ps. 62:11*).

4. Omdat juis in ons tyd die vertroue so maklik en so dikwels op die mens en sy goed en sy prestasies gestel word, moet ons hierdie bede steeds met krag bly bid. Ons bid teen die wêreld in en laat getrou ons bede en dank oprys vanaf ons etenstafels, waar ons die daaglikse brood ontvang en die versorging van die goeie Gewer ervaar.

**Onthou:**

Laat ook die eerste gebod vir jou gebed word. As jy sien dat alles vir die liggaam uit die hand van die Here kom, sal jy weet om te bid (gevoude hande) en te werk (arbeidende hande). Verslap nooit in jou arbeid nie. Berei jou so goed moontlik vir die lewe voor deur studie.

**Lees:**

Ps. 65; Matth. 6:26; die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 57: Sondag 51 – VERGEEF ONS ONS SKULDE, SOOS ONS OOK ONS SKULDENAARS VERGEWE

126. *Vraag:*

Wat is die vyfde bede?

*Antwoord:*

Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Wil ons, arme sondaars, al ons misdade, en ook die boosheid wat ons altyd aankleef, nie toereken nie ter wille van die bloed van Christus, soos ons ook hierdie getuienis van u genade in ons bevind dat ons ganse voorneme is om ons naaste van harte te vergewe.

---

Vraag 126:

Die vierde bede is 'n gebed om die liggaamlike versorging. Daarop volg die bede om die geestelike versorging en behoeftes.

Ons bid om die vergewing van ons skuld.

Antwoord 126:

1. Van die lewe en versorging van ons liggaam gaan die gebed van die Here oor op die bede vir die *lewe van die siel*, naamlik die skuldvergewing. En dié bede bring ons weer by die hart van die Evangelie, naamlik: Jesus Christus het die rekening van God betaal aan die kruis, Hy het volbring. Ons kan nie, maar moet betaal; Jesus kan, en het betaal.

2. Maar as ons dan vergewe is, waarom dan nog die bede om die skuldvergewing? Ons moet dit goed begryp, anders kom ons juis by die hart van die Evangelie op 'n dwaalspoor.

   Christus hét reeds betaal. Ons is verlos. Ons skuld is vergewe. Ons staat is verander. Ons is regverdig gemaak. Dit is sekerhede wat altyd vas bly staan (Sondag 23, Rom. 12). Maar ons geloof wankel dikwels en gaan deur dieptes; dan is die feit van die skuldvergewing nie meer so duidelik nie. Daarom laat die Here ons elke dag opnuut hierdie

bede bid, sodat ons steeds weer die regverdigmaking helder voor oë mag hê.

Verder, ons sondig daagliks en het die versekering dat God ons dit in Christus vergewe, maar ons moet tog om dié genade bid, soos dit in Sondag 45 geleer word.

3. Soos ons ons skuldenaars vergewe. Hierdie woorde word dikwels verkeerd verstaan en verklaar asof daar staan "omdat" of "sodat". Dit is verkeerd. Ons moet bly vashou aan die feit van die regverdigmaking — ons is vergewe. Dit vloei soos 'n heerlike getuienis van God se genade in ons hart, en dit laat ons besluit om ook ons naaste te vergewe. Of die bede van die skuldvergiffenis dan voor die vergewing van die naaste kom of daarna, is nie die saak nie, as dit maar net altyd vas bly staan dat God ons reeds regverdig verklaar het.

   Wie dan nie van ganser harte vergewe nie, kan nie om vergewing smeek nie. Wie in ootmoed om vergewing smeek, kan alleen in opregtheid vergewe (*Matth. 6:14: "Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe"*).

4. Ons moet onthou dat ons naaste teen ons sondig en ons ook teen hulle. En ons wil graag vergewe word, maar is dikwels traag om self te vergewe. Daarom moet hierdie bede deur 'n hartlike sondebelydenis voorafgegaan word.

5. *Nou bid ons*: Onse Vader, vergewe ons ons skulde. Ons skuld is so groot, ja dit is misdade (Ps. 51:3), maar wees ons arme sondare genadig en vergewe ons dit in die bloed van Christus.

   Ons misdade is te veel om op te noem, maar ons het altyd teen U gesondig en nie een van u gebooie onderhou nie. Straf tog nie in ongenade nie; verdra ons in Christus Jesus wat vir ons betaal het (Ps. 38). En al die sonde wat ons daagliks doen, al die boosheid wat ons aanklewe, vergeef Here, vergeef dit; bedek dit met die bloed van Christus (Rom. 8:1).

6. En gee ons genade om ook ons arms in vergewing na ons naaste uit te strek. En vergewe U ook ons oortredinge teenoor ons naaste.

7. Ons sê: *Ons* skulde. Die gelowige stel homself tesame met alle gelowiges steeds weer voor God in die bede om skuldvergiffenis. Die

skulde van ons naaste gaan ons dus ook aan — daarom is ons steeds in voorbidding vir hom, ook vir die vergewing van sy skuld.

**Onthou:**

Christus op Golgotha aan die kruis beteken vir jou: Skuldvergewing. Bely altyd hartlik jou skulde aan God. Om voor God daarvan te swyg, is baie dom (Ps. 32).

En teenoor jou naaste? Onthou Jesus se gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser.

**Lees:**

Matth. 18:15-35; Ps. 32 en 51; die tekste hierbo genoem.

## Hoofstuk 58: Sondag 52a – LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE, MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE

127. *Vraag:*

Wat is die sesde bede?

*Antwoord:*

Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Dit is: Omdat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan stand hou nie, en daarby nog ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld, en ons eie vlees, nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons eindelik vergoed die oorhand behou.

---

Vraag 127:

Die sesde bede is ’n gebed om heiligmaking en krag in die stryd van die geloof teen die Bose.

Dit gaan hier nog oor die lewe van die siel wat onderhewig is aan dit wat God oor ons beskik en wat die Bose ons steeds probeer aandoen.

Antwoord 127:

1. In die vyfde bede stel die gelowige die feit van die regverdigmaking en bid hy dat dit steeds helder mag uitblink. In die sesde bede bid hy om krag en genade vir die heiligmaking, die vernuwing, die afsterwing van die ou en die opstanding van die nuwe mens.
2. Lei God dan in versoeking? Hoe moet ons dit begryp? Dit moet vir ons vas staan *dat God nooit versoek nie*; versoek beteken immers om iemand tot iets slegs te verlei. Die duiwel versoek en verlei en sy versoekinge is altyd om ons heen. Om ons te *beproef* en te *louter* laat God die Satan toe om ons te versoek of Hy lei ons in die versoeking in (*Matth. 4:1: “Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel”*). Daardeur maak Hy ons geloof,

wanneer ons met sy krag die versoeking oorwin het, sterker. En God gee in versoekings ook altyd tegelyk die krag om dit te dra (*1 Kor. 10:13: "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra"*).

3. *Nou bid ons*: Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose:

    a. Onse Vader, ons is so swak dat ons in onsself nie kan staan nie (*1 Kor. 10:12: "Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie"; Joh. 15:5*); wil U ons tog deur u Gees staande hou, en verlos ons tog uit die versoekinge (*2 Petr. 2:9: "Die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos…"*).

    b. En ons aartsvyande bestorm ons elke dag; ons moet sware slae verduur van die duiwel en die wêreld en ons eie vlees; ons val so dikwels in die sonde; wil U ons tog krag gee om te stry; maak U ons harte sterk, anders beswyk ons in die stryd (*Matth. 26:41: "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak"*).

    c. Laat ons tog deur u Gees met krag vernuwe word om teenstand teen die vyande te bied en om eindelik die oorhand te kan behou (*1 Thess. 3:13: "Sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader …"*).

    Laat Christus in ons lewe en sy krag in ons volbring word en wil U ons daagliks die wapenrusting van die geloof skenk tot u eer.

4. Ons moet daaraan dink dat ons totaal onmagtig is om in eie krag te staan en hierdie bede moet ons opnuut weer laat besef dat alles alleen genade is — ons kan niks en verdien niks nie. Daarby is die wêreld om ons heen boos en verkeerd en die duiwel roer in die pot van ongeregtigheid en goddeloosheid in ons tyd. Die gelowige kry swaar en het 'n opdraande stryd op die weg van die heiligmaking. Maar op ons bede is daar telkens weer verhoring — want in Christus oorwin ons eindelik.

**Onthou:**

Ken jou aartsvyande. Merk die verwoesting op wat hulle kan aanrig.

En vlug na God met die bede om verlossing van die Bose. Dit laat Sondag 1 ook weer vir jou voller betekenis kry.

**Lees:**

Matth. 4: Ef. 6:12; 1 Petr. 5:8 en die tekste hierbo genoem.

# Hoofstuk 59: Sondag 52b – DIE EINDE VAN DIE GEBED

128. *Vraag:*

Hoe besluit jy jou gebed?

*Antwoord:*

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Dit alles bid ons van U, omdat U as ons Koning en as Almagtige die wil en die vermoë besit om alles wat goed is te gee, en dit alles, sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word.

129. *Vraag:*

Wat beteken die woordjie: Amen?

*Antwoord:*

Amen wil sê: Dit sal waar en seker wees. Want my gebed is veel sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel dat ek dit van Hom begeer.

---

Vraag 128:

Die einde van die gebed is die lofverheffing: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Meteen is dit ook die pleitgrond van ons gebed.

Antwoord 128:

1. Die pleitgrond van ons gebed is God self en die deugde van God. So keer aan die einde ons gebed weer terug na die Here en het ons die sekerheid dat Hy ons alles wat goed is en wat ons van Hom gebid het, kan en sal gee. En daardeur moet ook sy Naam alleen geprys en geëer word.
2. *Nou bid ons ten laaste*: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid:
    a. Want U is die Koning van die koninkryk, die grote Majesteit voor wie ons eerbiedig neerbuig in aanbidding. En u koningskap gaan

oor alles, ja ook oor die duiwel. Sonder u wil kan niks of niemand roer of beweeg nie. En U het ons uit louter genade die koninkryk laat beërwe; U het ons burgers van u ryk gemaak. U versorg ons met alles soos ons gebid het.

b. En U is almagtig. Alles wat goed is, wil en kan U gee. U mag is die almag, u genade is altyd groter as ook die grootste sonde. Sekerlik sal U ons verhoor.

c. Daarom word u heilige Naam geprys en geëer in die hemel en op die aarde. Ook ons swak stemme wil meesing in die ewige lied van lof en prys: *“Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid” (Openb. 5:13)*.

Vraag 129:

Die laaste woord van die gebed is amen.

Wat beteken die woordjie?

Antwoord 129:

1. Die woord amen het ryke betekenis. Dit beteken: vastheid, sekerheid, waaragtig. Die Here Jesus het die woord dikwels gebruik en ons vertaal dit met: Voorwaar, voorwaar…

   Die amen moet dus met klem en geloof uitgespreek word. Want daardeur betuig ons dat God sekerlik ons gebed sal verhoor, sekerder as wat ons dit ooit kan verwag.

2. So eindig ons die gebed: Sekerlik, God sál ons verhoor. Alles wat ons gebid het, skenk Hy, bo ons bidde en denke — Amen.

   Maar ons sê, aan die einde van die Heidelbergse Kategismus, ook gelowig: Amen.

   Amen, Here Jesus, ek behoort aan U na liggaam en siel, in lewe en in sterwe. Amen, o Here Jesus, my Koning, U is my enigste troos in lewe en in sterwe.

   Amen sê ek op die droewe lied van die sondekennis.

   Amen sê ek op die heerlike lied van die verlossing.

   Amen sê ek op my loflied van die dankbaarheid.

Amen, alles wat staan in die Kategismus, want dit is alles uit die Woord van God.

Ek jubel as ek lewe, ek juig as ek sterwe, in die vaste sekerheid dat ook ek in Christus waardig geag is om te verskyn voor God in Sion; dat ook vir my geld die uitnodiging tot die bruilofsmaal van die Lam; dat ook my stem hom sal paar met die stemme van die honderd-vier-en-veertig-duisend in die nuwe lied:

*Amen. Die lof en die heerlikheid en die wysheid*
*en die danksegging en die eer en die krag en*
*sterkte aan onse God tot in alle ewigheid!*
*AMEN*